# KINDERWET

# No. 38 van 2005

[GOEDGEKEUR OP 8 JUNIE 2006]

[DATUM VAN INVOERING:GEPROKLAMEER TE WORD] (Tensy anders vermeld)

(Engelse teks deur die Staatspresident onderteken)

**Voorgestelde wysigings deur**

Wysigingswet op Kinders, No. 41 van 2007
(bepalings nog nie geproklameer nie)

---

**WET**

**Om voorsiening te maak vir sekere regte van kinders soos vervat in die Grondwet; om beginsels betreffende die versorging en beskerming van kinders uiteen te sit; ouerlike regte en verantwoordelikhede te omskryf; verdere voorsiening te maak rakende kinderhowe; om voorsiening te maak vir die uitreiking van kontribusie orders; opnuut voorsiening te maak vir die aanneming van kinders; om voorsiening te maak vir interstaatlike aanneming; om uitvoering te gee aan die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming; om kinderontvoering te verbied en uitvoering te gee aan die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering; om voorsiening te maak vir surrogaat moederskap; om sekere nuwe oortredings te skep betreffende kinders; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**Aanhef** – NADEMAAL die Grondwet 'n samelewing skep gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte en streef om die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
EN NADEMAAL elke kind oor die regte in artikel 28 van die Grondwet uiteengesit beskik;

EN NADEMAAL die Staat daardie regte moet eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik;

EN NADEMAAL die beskerming van kinderregte aanleiding gee tot 'n ooreenkomstige verbetering in die lewens van ander dele van die gemeenskap omdat dit nie wenslik of moontlik is om kinderregte in isolasie van hul families en gemeenskappe te beskerm nie;

EN NADEMAAL die Verenigde Nasies in die Universele Deklarasie van Menseregte verklaar het dat kinders geregtig is op spesiale sorg en bystand;

EN NADEMAAL die behoefte om spesifieke sorg aan die kind te verleen vermeld is in die Geneefse Deklarasie oor die Regte van die Kind, in die Verenigde Nasies se Deklarasie oor die Regte van die Kind, in die Konvensie oor die Regte van die Kind en in die Afrika Handves oor die Regte en Welsyn van die Kind en herken is in die

Universele Deklarasie van Menseregte en in die statute en relevante instrumente van gespesialiseerde agentskappe en internasionale organisasies wat gemoeid is met die welsyn van kinders;

EN NADEMAAL dit nodig is om veranderings aan te bring aan die bestaande wette aangaande kinders ten einde aan hulle die nodige beskerming en bystand te gee sodat hulle hul verantwoordelikhede in die gemeenskap ten volle kan aanneem sowel as dat die kind moet grootword in 'n gesinsomgewing en in 'n atmosfeer van gelukkigheid, liefde en begrip vir die volle en harmonieuse ontwikkeling van sy of haar persoonlikheid;

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg: -

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
WOORDOMSKRYWING, OOGMERKE, TOEPASSING EN IMPLEMENTERING VAN WET

1. Interpretasie
2. Oogmerke van Wet
3. Strydigheid met ander wetgewing
4. Implementering van Wet
5. Intersektor implementering van Wet

HOOFSTUK 2
ALGEMENE BEGINSELS

6. Algemene beginsels
7. Beste belange van kind standaard
8. Toepassing
9. Beste belange van kind allesoorheersend
10. Deelneming van kind
11. Kinders met ongeskiktheid of kroniese siektes
12. Maatskaplike, kulturele- en geloofspraktyke
13. Inligting oor gesondheidsorg
14. Toegang tot hof
15. Afdwinging van regte
16. Verantwoordelikhede van kinders
17. Meerderjarigheidsouderdom

HOOFSTUK 3
OUERLIKE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

*Deel1*
*Verkryging en verlies van ouerlike regte en verantwoordelikhede*

18. Ouerlike regte en verantwoordelikhede
19. Ouerlike regte en verantwoordelikhede van moeders
20. Ouerlike regte en verantwoordelikhede van getroude vaders
21. Ouerlike regte en verantwoordelikhede van ongetroude vaders
22. Ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkomste
23. Toewysing van kontak en sorg aan belanghebbende persoon deur hofbevel
24. Toewysing van voogdyskap deur hofbevel
25. Sekere aansoeke geag as interstaatlike aanneming
26. Persoon wat op vaderskap aanspraak maak
27. Toewysing van voogdyskap en sorg

28. Beëindiging, uitbreiding, opskorting of beperking van ouerlike regte en verantwoordelikhede
29. Hofverrigtinge

*Deel2*
*Mede-uitoefening van ouerlike regte en verantwoordelikhede*
30. Mede-besitters van ouerlike regte en verantwoordelikhede
31. Groot besluite wat kind behels
32. Versorging van kind deur persoon wat nie ouerlike regte en verantwoordelikhede besit nie.

*Deel3*
*Ouerskapsplanne*
33. Inhoud van ouerskapsplanne
34. Formaliteite
35. Weiering van toegang of ontsegging om ouerlike regte en verantwoordelikhede uit te oefen.

*Deel 4*
*Diverse*
36. Vermoede van vaderskap ten opsigte van kind buite-egtelik gebore
37. Weiering om te onderwerp aan die neem van bloedmonsters
38. Gevolge van daaropvolgende huwelik van ouers op kind
39. Regte van kind gebore in vernietigbare huwelik
40. Regte van kind deur kunsmatige bevrugting verwek
41. Toegang tot biografiese en mediese inligting betreffende genetiese ouers.

HOOFSTUK 4
KINDERHOWE

*Deel 1*
*Instelling, Status en jurisdiksie*
42. Kinderhowe en voorsittende beamptes
43. Status
44. Geografiese jurisdiksie gebied van kinderhowe
45. Aangeleenthede wat kinderhowe mag bereg
46. Bevele wat kinderhowe mag maak
47. Verwysing van kinders deur ander hof vir ondersoek
48. Addisionele magte
49. Leke-forum verhore
50. Ondersoeke
51. Appèle

*Deel 2*
*Hofverrigtinge*
52. Reëls en hofverrigtinge
53. Wie hof mag nader
54. Regsverteenwoordiging
55. Regsverteenwoordiging van kinders
56. Bywoning van verrigtinge
57. Verpligte verskyning van persone betrokke by verrigtinge
58. Regte van persone om getuienis aan te voer
59. Getuies
60. Voer van verrigtinge

61. Deelneming van kinders
62. Professionele verslae deur hof beveel
63. Getuienis
64. Verdagings
65. Kontrolering van hofbevele
66. Beskerming van rekords van hofsaak
67. Aanstelling of aanwysing van klerke van kinderhowe
68. Verwysing van aangeleenthede deur klerk van kinderhof

*Deel 3*
*Voor-verhoor konferensies, familie groep konferensies, ander leke-forums en skikking van aangeleenthede buite die hof*
69. Voor-verhoor konferensies
70. Familie groep konferensies
71. Ander leke-forums
72. Skikking van aangeleenthede buite die hof
73. Ander funksies

*Deel 4*
*Diverse aangeleenthede*
74. Publikasie van inligting aangaande verrigtinge
75. Regulasies

HOOFSTUK 5
GEDEELTELIKE SORG
(76 tot 90 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(a) van Wet 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

HOOFSTUK 6
VROEË KINDERJARE ONTWIKKELING
(90 tot 103 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(a) van Wet 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.

HOOFSTUK 7
BESKERMING VAN KINDERS

*Deel 1*
*Kinderbeskerming sisteem*
(104 tot 110 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(b) van Wet 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

*Deel 2*
*Nasionale Kinderbeskermingsregister*
111. Hou van Nasionale Kinderbeskermingsregister
112. Vertroulikheid van Nasionale Kinderbeskermingsregister

*Deel A van Register*
113. Doel van Deel A van Register
114. Inhoud van Deel A van Register
115. Toegang tot Deel A van Register
116. Openbaarmaking van inligting in Deel A van Register
117. Navraag na inligting in Deel A van Register

*Deel B van Register*

118. Doel van Deel B van Register
119. Inhoud van Deel B van Register
120. Persone ongeskik bevind om met kinders te werk
121. Dispute omtrent bevindings
122. Bevindings gerapporteer te word aan die Direkteur-Generaal
123. Gevolge van insluiting van naam in Deel B van Register
124. Openbaarmaking van insluiting van naam in Deel B van Register
125. Toegang tot Deel B van Register
126. Vasstelling van inligting in Deel B van Register
127. Openbaarmaking van name in Deel B van Register verbied
128. Verwydering van naam vanuit Register

*Deel 3*

*Beskermende maatreëls aangaande gesondheid van kinders*

129. Toestemming tot mediese behandeling en chirurgiese operasie
130. MIV-toetsing
131. MIV-toetsing vir pleegsorg of aanneming doeleindes
132. Berading voor en na MIV-toetsing
133. Vertroulikheid van inligting oor MIV/VIGS-status van kinders
134. Toegang tot voorbehoedmiddels

*Deel 4*

*Ander beskermende maatreëls*

(135 tot 141 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(c) van Wet 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

142. Regulasies

HOOFSTUK 8

VOORKOMING EN VROEË INGRYPING

(143 tot 149 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(d) van Wet 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

HOOFSTUK 9

KIND WAT SORG EN BESKERMING BENODIG

*Deel 1*

*Identifisering van kind wat sorg en beskerming benodig*

150. Kind wat sorg en beskerming benodig
151. Verwydering van kind na tydelike veilige sorg deur hofbevel
152. Verwydering van kind na tydelike veilige sorg sonder hofbevel
153. Skriftelike kennisgewing aan beweerde oortreder
154. Ander kinders wat sorg en beskerming benodig

*Deel 2*

*Kinderhof prosesse*

155. Beslissing oor vraag of kind sorg en beskerming benodig
156. Bevele wanneer bevind word dat kind sorg en beskerming benodig

157. Hofbevele gerig te wees op versekering van stabiliteit in kind se lewe
158. Plasing van kind in kinder- en jeug sorgsentrum
159. Duur en verlenging van bevele
160. Regulasies

HOOFSTUK 10
KONTRIBUSIE ORDER

161. Uitreiking van kontribusie order
162. Jurisdiksie
163. Effek van kontribusie order
164. Betalings gemaak te word aan persoon deur hof bepaal
165. Beslaglegging op lone van respondent
166. Verandering van woonplek of werk deur respondent

HOOFSTUK 11
ALTERNATIEWE SORG

(167 tot 179 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(e) van Wet 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

HOOFSTUK 12
PLEEGSORG

(180 tot 190 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(e) van Wet No. 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

HOOFSTUK 13
KINDER- EN JEUG SORGSENTRUMS

(191 tot 194 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(e) van Wet No. 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

*Deel 1*
*Oprigting en registrasie van kinder- en jeug sorgsentrums*

(195 tot 207 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(e) van Wet No. 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

*Deel 2*
*Bedryf en bestuur van kinder- en jeug sorgsentrums*

(208 tot 211 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(e) van Wet No. 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

*Deel 3*
*Diverse*

(212 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(e) van Wet No. 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

HOOFSTUK 14
INLOOP SENTRUMS
(213 tot 227 inklusief ingevoeg te word deur artikel 2(e) van Wet No. 41 van 2007 met ingang van datum vasgestel te word deur President by wyse van Proklamasie in Staatskoerant.)

HOOFSTUK 15
AANNEMING
228. Aanneming
229. Doeleindes van aanneming
230. Kind wat aangeneem mag word
231. Persone wat kind kan aanneem
232. Register van Aanneembare Kinders en Voornemende Aannemende Ouers
233. Toestemming tot aanneming
234. Na-aanneming ooreenkomste
235. Vrystellingsbevele
236. Wanneer toestemming nie vereis word nie
237. Versameling van inligting vir voorgenome aanneming
238. Kennis gegee te word van voorgenome aanneming
239. Aansoek vir aannemingsbevel
240. Oorweging van aannemingsaansoek
241. Onredelike weerhouding van toestemming
242. Gevolge van aannemingsbevel
243. Opheffing van aannemingsbevel
244. Gevolge van opheffing
245. Opneming van aanneming in geboorteregister
246. Registrasie van geboorte en opneming. van aanneming van kind buite die Republiek gebore
247. Aannemingsregister
248. Toegang tot aannemingsregister
249. Geen vergoeding ten opsigte van aanneming
250. Alleenlik sekere persone toegelaat om aannemingsdienste te verskaf
251. Akkreditering om aannemingsdienste te verskaf
252. Advertering
253. Regulasies

HOOFSTUK 16
INTERSTAATLIKE AANNEMING
254. Doel van Hoofstuk
255. Internasionale samewerking
256. Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming het regskrag
257. Sentrale Owerheid
258. Uitvoering van funksies
259. Akkreditering om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf.
260. Sluiting van aannemingswerksooreenkoms
261. Aanneming van kind vanaf Republiek deur persoon in konvensie land
262. Aanneming van kind vanaf Republiek deur persoon in nie-konvensie land
263. Uitreiking van aanneming voldoeningsertifikaat
264. Aanneming van kind vanaf konvensie land deur persoon in Republiek

265. Aanneming van kind vanaf nie-konvensie land deur persoon in Republiek
266. Erkenning van interstaatlike aanneming van kind vanaf konvensie land.
267. Getuieniswaarde van aanneming voldoeningsertifikaat van konvensie land
268. Erkenning van interstaatlike aanneming van kind vanaf nie-konvensie land
269. Gevolge van erkenning van interstaatlike aanneming
270. Weiering om interstaatlike aanneming of Artikel 27 beslissing te erken
271. Aansoek tot kinderhof vir interstaatlike aanneming van kind.
272. Toegang tot inligting
273. Prosessering of fasilitering van interstaatlike aanneming.

HOOFSTUK 17
KINDERONTVOERING
274. Doeleindes van Hoofstuk
275. Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering het regskrag
276. Sentrale Gesag
277. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge
278. Magte van hof
279. Regsverteenwoordiging
280. Regulasies

HOOFSTUK 18
HANDEL IN KINDERS
281. Doeleindes van Hoofstuk
282. VN Protokol oor die Voorkoming van Handel in Persone het regskrag
283. Internasionale samewerking
284. Handel in kinders verbied
285. Gedrag wat handel in kinders fasiliteer verbied
286. Hulp aan kind wat slagoffer van handel is
287. Handeldryf met kind deur ouer, voog of ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van die kind
288. Rapportering van kind wat slagoffer van handel is
289. Kind wat slagoffer van handel is gevind in Republiek
290. Repatriasie van kind wat slagoffer van handel is.
291. Ekstraterritoriale jurisdiksie

HOOFSTUK 19
SURROGAAT MOEDERSKAP
292. Surrogaat moederskap ooreenkoms moet op skrif wees en bevestig word deur die Hoë Hof
293. Toestemming van eggenoot, eggenote of deelgenoot
294. Genetiese oorsprong van kind
295. Bevestiging deur hof
296. Kunsmatige bevrugting van surrogaat moeder
297. Gevolge van surrogaat moederskap ooreenkoms op status van kind
298. Beëindiging van surrogaat moederskap ooreenkoms
299. Gevolg van beëindiging van surrogaat moederskap ooreenkoms
300. Beëindiging van swangerskap

301. Betalings ten opsigte van surrogasie verbied
302. Identiteit van partye
303. Verbod op van sekere handelinge

HOOFSTUK 20
AFDWINGING VAN WET
304. Inspeksie van kinder- en jeug sorgsentrum, gedeeltelike sorg fasiliteit, skuiling en inloop-sentrum
305. Misdrywe

HOOFSTUK 21
ADMINISTRASIE VAN WET
306. Regulasies
307. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge deur Minister
308. Oordrag van bevoegdhede en verpligtinge deur Minister
309. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge deur LUR'e vir maatskaplike ontwikkeling
310. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge deur Direkteur-Generaal
311. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge deur provinsiale hoofde van maatskaplike ontwikkeling
312. Agentskapsooreenkomste

HOOFSTUK 22
DIVERSE AANGELEENTHEDE
313. Wysiging van wette
314. Oorgangsaangeleenthede
315. Kort titel en inwerkingtreding
Bylae 1 Haagse Konvensie oor beskerming van kinders en samewerking ten opsigte van interstaatlike aanneming (29 Mei 93)
Bylae 2 Haagse Konvensie oor siviele aspekte van internasionale kinderontvoering
Bylae 3 Teks van die VN Protokol oor die voorkoming van handel in persone
Bylae 4 Herroepe wetgewing

## HOOFSTUK 1
## INTERPRETASIE, OOGMERKE, TOEPASSING EN IMPLEMENTERING VAN WET

**1. Woordomskrywing .** – (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang ander blyk, beteken -

**"aangenome kind"** 'n kind wat deur 'n persoon kragtens enige wet aangeneem is;

**"aannemende ouer"** 'n persoon wat 'n kind ingevolge enige wet, aangeneem het;

**"aanneming maatskaplike werker" –**
*(a)* 'n maatskaplike werker in privaat praktyk –
(i) wat 'n spesialiteit in aannemingsdienste het en geregistreer is ingevolge die Wet op Maatskaplike Diens Beroepe, 1978 (Wet No. 110 van 1978); en

(ii) wat ingevolge artikel 251 geakrediteer is om aannemingsdienste te verskaf; of

*(b)* ‘n maatskaplike werker in diens van ‘n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 251 geakkrediteer is om aannemingsdienste te verskaf;

**“aannemingsdiens”** ook –

*(a)* berading van die ouer van die kind en, waar van toepassing, van die kind;

*(b)* ‘n assessering van van ‘n kind deur ‘n aanneming maatskaplike werker ingevolge artikel 231(2);

*(c)* ‘n assessering van ‘n voorgenome aannemende ouer deur ‘n aanneming maatskaplike werker ingevolge artikel 231(2);

*(d)* die versameling van inligting vir voorgenome aannemings soos bedoel in artikel 237; en

*(e)* ‘n verslag soos bedoel in artikel 239(1)(b);

**“aanneming registrateur”** die persoon deur die Direkteur-Generaal aangewys ingevolge artikel 247(1);

**“aanneming voldoeningsertifikaat”** –

*(a)* met betrekking tot ‘n konvensie land, ‘n sertifikaat uitgereik kragtens Artikel 23 van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming; of

*(b)* met betrekking tot ‘n nie-konvensie land, ‘n soortgelyke sertifikaat voorgeskryf in die relevante ooreenkoms;

**“aannemingswerksooreenkoms”**, vir doeleindes van Hoofstuk 16, ‘n skriftelike ooreenkoms gesluit ingevolge artikel 259 deur ‘n kinderbeskermingsorganisasie in die Republiek met ‘n ekwivalente organisasie in ‘n ander land om interstaatlike aannemings tussen die Republiek en die betrokke land te fasiliteer;

**“arbeidsinspekteur”** ‘n arbeidsinspekteur aangestel kragtens artikel 63 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet No. 75 van 1997);

**“bedien”** met betrekking tot enige kennisgewing, dokumente of ander proses in gevolge hierdie Wet om sodanige kennisgewing, dokument of ander proses te bedien ooreenkomstig die prosedure vir die bediening van proses voor voorsiening gemaak ingevolge die Landdroshowe Wet, 1944 (Wet No. 32 van 1944) en die reëls van toepassing op die verrigtinge van landdroshowe;

**“besnydenis”** met betrekking tot ‘n vroulike kind, die verwydering van die klitoris op enige wyse;

**“delegasie”** met betrekking tot ‘n plig ook ‘n opdrag om die plig uit te voer;

**“Departement”** die nasionale department verantwoordelik vir die voorsiening van maatskaplike ontwikkelingsdienste;

**“aangewese maatskaplike werker”** ‘n maatskaplike werker in die diens van –

*(a)* die Departement of 'n provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling;
*(b)* 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie; of
*(c)* 'n munisipaliteit;

**"Direkteur-Generaal"** die Direkteur-Generaal van die Departement, of waar die konteks die Direkteur-Generaal van 'n ander departement aandui, daardie Direkteur-Generaal;

**"egskeidingshof"** die egskeidingshof ingestel ingevolge artikel 10 van die Administrasie Wysigingswet, 1929 (Wet No. 9 van 1929);

**"eksploitasie"** met betrekking tot 'n kind ook –
*(a)* alle vorme van slawerny of praktyke soortgelyk aan slawerny, insluitende skuld gebondenheid of gedwonge huwelike;
*(b)* seksuele eksploitasie;
*(c)* knegskap;
*(d)* gedwone arbeid of dienste;
*(e)* kinderarbeid wat ingevolge artikel 141 verbied is; en
*(f)* die verwydering van liggaamsdele;

**"familie lid"** met betrekking tot 'n kind –
*(a)* 'n ouer van die kind;
*(b)* enige ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van die kind;
*(c)* 'n grootouer, broer, suster, oom, tannie, of niggie van die kind; of
*(d)* enige ander persoon met wie die kind 'n betekenisvolle verhouding ontwikkel het, gebaseer op psigologiese en emosionele gehegtheid, wat met 'n gesinsverhouding ooreenkom;

**"gameet"** een van twee geslagselle wat essensieel is vir voortplanting;

**"geestesongesteldheid"** 'n geestesongesteldheid soos omskryf in in die Wet op Geestesgesondheid, 2002 (Wet No. 17 van 2002);

**"gemagtigde beampte"**, met betrekking tot enige spesifieke handeling, 'n persoon wat deur die voorsittende beampte van die kinderhof skriftelik gemagtig is om daardie handeling te verrig;

**"geneesheer"** 'n persoon wat as 'n geneesheer geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974) en sluit 'n tandarts wat aldus geregistreer is of geag word geregistreer te wees in;

**"genetiese verminking"** met betrekking tot 'n vroulike kind die gedeeltelike of algehele verwydering van van enige deel van die geslagsorgane, en sluit die besnydenis van vroulike kinders in;

**"gesinsadvokaat"** 'n gesinsadvokaat aangestel ingevolge die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede;

**"Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering"** die Haagse Konvensie oor die Siviele Aspekte van Internasionale Kinderontvoering geteken te Den Haag op 25 Oktober 1980, waarvan 'n afskrif van die Engelse teks uitgeengesit is in Bylae 2 tot hierdie Wet;

**"Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming"** die Haagse Konvensie oor Beskerming van Kinders en Samewerking ten opsigte van Interstaatlike Aanneming geteken te Den Haag op 29 Mei 1993, waarvan 'n afskrif van die Engelse teks uitgeengesit is in Bylae 1 tot hierdie Wet;

**"handel"** met betrekking tot 'n kind —

(a) die werwing, verkoop, verskaffing, vervoer, verskuiwing, huisvesting of ontvangs van kinders binne of buite die grense van die Republiek —
  (i) op enige wyse, insluitende deur die gebruik van dreigemente, geweld of ander vorms van dwang, abduksie, bedrog, misleiding, misbruik van mag of die gee of ontvangs van betalings of voordele ten einde die toestemming van 'n persoon wat beheer oor 'n kind het te verkry; of
  (ii) te wyte aan 'n posisie van kwetsbaarheid,

  vir die doel van eksploitasie; en

(b) ook die aanneming van 'n kind op 'n onwettige wyse gefasiliteer of verseker;

**"Handves van Regte"** die Handves van Regte vervat in Hoofstuk 2 van die Grondwet;

**"hierdie Wet"** ook –

*(a)* enige regulasie gemaak ingevolge hierdie Wet;

*(b)* die reëls wat die verrigtinge van die kinderhowe reguleer ingevolge artikel 52;

**"Hoë Hof"** die Hoë Hof bedoel in artikel 166 van die Grondwet;

**"huwelik"** 'n huwelik –

*(a)* wat ingevolge die Suid-Afrikaanse reg of inheemse reg erken word; of

*(b)* wat voltrek is ooreenkomstig 'n stelsel van godsdienstige reg onderworpe aan bepaalde prosedures, en enige verwysing na 'n eggenoot, eggenote, wewenaar, weduwee, geskeide persoon, getroude persoon of gade word dienooreenkomstig uitgelê;

**"kind"** enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar;

**"kinderarbeid"** werk verrig deur 'n kind wat –

*(a)* uitbuitend, gevaarlik of andersins onvanpas is vir ' n persoon van daardie ouderdom; en

*(b)* die kind se welsyn, opvoeding, fisiese- of geestesgesondheid, of geestelike, morele, emosionele of maatskaplike ontwikkeling in gevaar stel;

**"kinderhof"** 'n kinderhof in artikel 42 bedoel;

**"klerk van die hof"** die klerk van die hof van die relevante landdroshof; wat beteken die persoon aangestel deur die Direkteur-Generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling as die klerk van die kinderhof van die relevante landdroshof;

**"kommersiële seksuele eksploitasie"** met betrekking tot 'n kind –

*(a)* die verkryging van 'n kind om seksuele aktiwiteite te verrig vir finansiele of ander beloning, insluitende handelinge van prostetusie of pornografie, ongeag of daardie beloning geëis word deur, betaalbaar is aan of gedeel word met die verkryger, die kind, die ouer of versorger van die kind of enige ander persoon; of

*(b)* handel in 'n kind vir gebruik in seksuele aktiwiteite, insluitende prostetusie of pornografie;

**"kontak"** met betrekking tot 'n kind –

*(a)* handhawing van 'n persoonlike verhouding met die kind; en

*(b)* indien die kind by iemand anders bly –

(iii) kommunikasie op 'n gereelde basis met die kind in persoon, insluitende –

(aa) om die kind te besoek; of

(bb) om deur die kind besoek te word; of

(iv) kommunikasie op 'n gereelde basis met die kind op enige ander manier, insluitende –

(aa) deur die pos; of

(bb) deur telefoniese of enige ander vorm van elektroniese kommunikasie;

**"kontribusie order"** 'n bevel soos bedoel in artikel 161, en sluit 'n voorlopige kontribusie order soos bedoel in artikel 162(2) in;

**"konvensie land"** in ooreenstemming met die bewoording van Artikel 45 van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming, enige land waar die Konvensie van krag is, behalwe vir 'n land teen wie se toetreding die Republiek 'n beswaar aangeteken het kragtens Artikel 44 van die Konvensie;

**"kunsmatige bevrugting"** die invoering, by wyse van ander as natuurlike metodes, van 'n manlike gameet in die inwendige voorplantingsorgane van 'n vroulike persoon vir doeleindes van menslike voortplanting, insluitende –

*(a)* die bymekaar bring van 'n manlike en vroulike gameet buite die menslike liggaam met die oog daarop om die produk van 'n samesmelting van sodanige gamete in die baarmoeder van 'n vroulike persoon te plaas; of

*(b)* die plasing van die produk van 'n samesmelting van manlike en vroulike gamete wat bymekaar gebring is buite die menslike liggaam in die baarmoeder van 'n vroulike persoon;

**"lasgewende ouer"** 'n persoon wie 'n surrogaat moederskap ooreenkoms aangaan met 'n surrogaat moeder;

**"LUR vir maatskaplike ontwikkeling"** die lid van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie wat verantwoordelik is vir maatskaplike ontwikkeling in die provinsie;

**"maatskaplike werk beroepspersoon"** 'n persoon wie geregistreer is of geag word geregistreer te wees as 'n maatskaplike werker ingevolge die Wet op Maatskaplike Diensberoepe, 1978 (Wet No. 110 van 1978);

**"maatskaplike werker"** 'n persoon wat ingevolge die Wet op Maatskaplike Diensberoepe, 1978 (Wet No. 110 van 1978) as 'n maatskaplike werker geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees;

**"Minister"** die lid van die Kabinet verantwoordelik vir maatskaplike ontwikkeling, of waar die konteks 'n ander Minister aandui, daardie Minister;

**"misbruik"**, met betrekking tot 'n kind, enige vorm van leed of mishandeling wat opsetlik toegedien is aan 'n kind, en sluit in –
*(a)* aanranding van 'n kind of die toediening van enige ander vorm van opsetlike besering aan 'n kind;
*(b)* seksuele misbruik van 'n kind of om toe te laat dat 'n kind seksueel misbruik word;
*(c)* afknouery deur 'n ander kind;
*(d)* 'n arbeidspraktyk wat 'n kind uitbuit; of
*(e)* blootstelling of onderwerping van kind aan gedrag wat die kind sielkundig of emosioneel benadeel;

**"Nasionale Kinderbeskermingsregister"** die register in Artikel 1(1) bedoel;

**"ouer"** met betrekking tot 'n kind ook die aannemende ouer van 'n kind, maat sluit uit –
*(a)* die biologiese vader van 'n kind verwek deur verkragting van of bloedskande met die kind se moeder;
*(b)* enige persoon wat biologies verwant is aan 'n kind alleenlik omrede die persoon 'n gameet donor is vir doeleindes van kunsmatige bevrugting; en
*(c)* 'n ouer wie se ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind beëindig is;

**"ouerlike regte en verantwoordelikhede"** met betrekking tot 'n kind die regte van verantwoordelikhede in artikel 18 bedoel;

**"party"** met betrekking tot 'n aangeleentheid in 'n kinderhof –
*(a)* 'n kind betrokke by die aangeleentheid;
*(b)* 'n ouer;
*(c)* 'n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het;
*(d)* 'n voorgenome aannemende- of pleegouer van die kind;
*(e)* die departement of die aangewese kinderbeskermings-organisasie wat die kind se saak hanteer;
*(f)* enige ander persoon wat deur die hof as 'n party toegelaat of erken word;

**"persoon wat ongeskik is om met kinders te werk"** 'n persoon wat in Deel B van die Nasionale Kinderbeskermingsregister gelys is;

**"polisie beampte"** enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens of 'n munisipale polisiediens aangestel ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995);

**"provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling"** die departement in 'n provinsiale administrasie verantwoordelik vir maatskaplike ontwikkeling in die provinsie;

**"provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling"** die hoof van die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling;

**"RAKAO"** die Register van Aanneembare Kinders en Voornemende Aannemende Ouers in artikel 32 bedoel;

**"regulasie"** 'n regulasie uitgevaardig ingevolge hierdie Wet;

**"respondent"** enige persoon wat regtens aanspreeklik is vir die onderhoud of vir 'n bydrae tot die onderhoud van 'n kind vir wie se onderhoud, behandeling of spesiale behoeftes 'n kontribusie-order aangevra word of uitgereik is ingevolge Hoofstuk 10;

**"seksuele misbruik"** met betrekking tot 'n kind-

*(a)* die seksuele molestering of aanranding van 'n kind of om toe te laat dat 'n kind seksueel molesteer of aangerand word;

*(b)* om 'n kind aan te moedig, te oorreed of te forseer om gebruik te word vir die seksuele bevrediging van 'n ander persoon;

*(c)* om 'n kind te gebruik in of 'n kind opsetlik bloot te stel aan seksuele aktiwiteite of pornografie; of

*(d)* die verkryging van of toelating dat 'n kind verkry word vir kommersiële seksuele eksploitasie of om op enige wyse deel te neem of te assisteer in die kommersiële seksuele eksploitsie van 'n kind;

**"sielkundige"** 'n sielkundige wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974) geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees;

**"skool"** –

*(a)* 'n onafhanklike skool wat geregistreer is of geag word geregistreer te wees ingevolge artikel 46 van die Suid-Afrikaanse Skole Wet, 1996 (Wet No. 84 van 1996); of

*(b)* 'n publieke skool bedoel in Hoofstuk 3 van die Suid-Afrikaanse Skole Wet, 1996 (Wet No. 84 van 1996);

**"sorg" of "versorging"**, met betrekking tot 'n kind, ook, waar van toepassing –

*(a)* die voorsiening aan die kind binne beskikbare middele, van –

(i) 'n paslike plek om te woon;

(ii) lewensomstandighede wat bevorderlik is vir die kind se gesondheid, welstand en ontwikkeling; en
(iii) die nodige finansiële bystand;

*(b)* die beskerming en bevordering van die welstand van die kind;
*(c)* beskerming van die kind teen mishandeling, misbruik, verwaarlosing, degradering, diskriminasie, eksploitasie en enige ander fisiese, emosionele of morele leed of gevaar;
*(d)* die respektering, beskerming, bevordering en versekering van die vervulling van, en waking teen enige inbreukmaking van die kind se regte uiteengesit in die Handves van Regte en die beginsels uiteengesit in Hoofstuk 2 van hierdie Wet;
*(e)* leidinggewing, rigtinggewing en versekering van die kind se opleiding en opvoeding, insluitende godsdienstige en kulturele opleiding en opvoeding, op 'n wyse wat paslik is by die kind se ouderdom, volwassenheid en stadium van ontwikkeling;
*(f)* die leidinggewing, advisering en bystaan van die kind in besluite wat deur die kind geneem moet word op 'n wyse wat paslik is by die kind se ouderdom, volwassenheid en stadium van ontwikkeling;
*(g)* leiding van die kind se gedrag op 'n mensliewende wyse;
*(h)* handhawing van 'n gesonde verhouding met die kind;
*(i)* akkommodering van enige spesiale behoeftes wat die kind mag hê; en
*(j)* om in die algemeen te verseker dat die beste belange van die kind die oorheersende oorweging is in alle aangeleenthede wat die kind aangaan;

**"Staatsdienswet"** die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994);

**"weeskind"** 'n kind wat geen oorlewende ouer het wat vir hom of haar sorg nie;

**"straatkind"** 'n kind wat –

*(a)* weens misbruik, verwaarlosing, armoede, gemeenskaps-omwenteling of vir enige ander rede sy of haar woning, gesin of gemeenskap verlaat het en op straat woon, bedel of werk;
*(b)* weens ontoereikende versorging bedel of werk op straat, maar snags terugkeer huis toe;

**"surrogaat moeder"** 'n volwasse vrou wat 'n surrogaat moederskap ooreenkoms aangaan met 'n lasgewende ouer;

**"surrogaat moederskap ooreenkoms"** 'n ooreenkoms tussen 'n surrogaat moeder en 'n lasgewende ouer waarin daar ooreengekom word dat die surrogaat moeder kunsmatig bevrug sal word met die doel om 'n kind te baar vir die lasgewende ouer en waarin die surrogaat moeder onderneem om sodanige kind by geboorte of binne 'n redelike tyd daarna te oorhandig aan die lasgewende ouer met die bedoeling dat die betrokke kind die wettige kind van die lasgewende ouer word;

**"tradisionele gesag"** enige gesag word ingevolge inheemse reg of enige ander reg die sake van enige groep inheemse mense of enige ander persone woonagtig in die gebied onder beheer van 'n tradisionele leier administreer;

**"tydelike veilige sorg"** met betrekking tot 'n kind, die versorging van 'n kind in 'n goedgekeurde kinder- en jeug sorgsentrum, skuiling of private huis of enige ander plek waar die kind veilig geakkommodeer kan word hangende 'n beslissing of hofbevel aangaande die plasing van die kind, maar sluit versorging van 'n kind in 'n gevangenis of polisiesel uit;

**"verlate"**, met betrekking tot 'n kind, 'n kind wat –
*(a)* klaarblyklik verlaat is deur die ouer, voog of versorger; of
*(b)* vir geen oënskynlike rede geen kontak gehad het met die ouer, voog of versorger vir 'n periode van ten minste drie maande nie;

**"versorger"** enige persoon, anders as die ouer of voog, wie feitlik 'n kind versorg, insluitende –
*(a)* 'n pleegouer;
*(b)* 'n persoon wat 'n kind versorg met die geimpliseerde of uitdruklike toestemming van 'n ouer of voog van die kind;
*(c)* 'n persoon wat 'n kind versorg terwyl die kind in tydelike veilige sorg is;
*(d)* die persoon aan die hoof van 'n kinder- en jeug sorgsentrum waar 'n kind geplaas is;
*(e)* die persoon aan die hoof van 'n skuiling;
*(f)* 'n kinder- en jeug versorgingswerker wat 'n kind versorg wat sonder geskikte gesinsorg in die gemeenskap is; en
*(g)* die kind aan die hoof van 'n kinderaangevoerde huishouding;

**"verwaarlosing"** met betrekking tot 'n kind die versuim om in die uitvoering van ouerlike verantwoordelikhede voorsiening te maak vir die kind se basiese, fisiese, intellektuele, emosionele of maatskaplike behoeftes;

**"verwydering van liggaamsdele"** die verwydering van enige orgaan of ander liggaamsdeel vanaf 'n lewende persoon in stryd met die Nasionale Gesondheidswet, 2003 (Wet No. 61 van 2003);

**"voog"** 'n ouer of ander persoon wat voogdyskap van 'n kind het;

**"voogdyskap"** met betrekking tot 'n kind, voogdyskap soos bedoel in artikel 18;

**"voorgeskryf"** voorgeskryf by regulasie;

**"voorsittende beampte"** 'n voorsittende beampte van 'n kinderhof aangewys ingevolge artikel 42;

**"V N Protokol om Handel in Persone te Voorkom"** die Verenigde Nasies Protokol om Handel in Persone, Spesifiek Vroue en Kinders te Voorkom, te Onderdruk en te Straf, Aanvullend tot die VN

Konvensie teen Trans-Nasionale Georganiseerde Misdaad, 2000, waarvan daar 'n afskrif vervat is in Bylae 3;

**"Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenhede"** die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1987 (Wet No. 24 van 1987);

**"Wet op Egskeiding"** die Wet op Egskeiding, 1979 (Wet No. 70 van 1979);

**"Wet op Kindersorg"** die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983);

**"Wet op Munisipale Stelsels"** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000);

**"Wet op Onderhoud"** die Wet op Onderhoud, 1998 (Wet No. 99 van 1998).

**2. Oogmerke van Wet** – Die oogmerke van hierdie Wet is -

(*a*) om die bewaring en versterking van gesinne te bevorder;

(*b*) om uitvoering te gee aan die volgende grondwetlike regte van kinders, naamlik –

(i) gesinsorg of ouerlike sorg of toereikende alternatiewe sorg wanneer verwyder uit die gesinsomgewing;

(ii) maatskaplike dienste;

(iii) beskerming teen mishandeling, verwaar-losing, misbruik of vernedering; en

(iv) dat die beste belange van 'n kind van grootste belang is in elke aangeleentheid betreffende die kind;

(*c*) om uitvoering te gee aan die Republiek se verpligtinge betreffende die welsyn van kinders ingevolge internasionale instrumente wat bindend is op die Republiek;

(*d*) om voorsiening te maak vir strukture, dienste en middele vir die bevordering en monitering van die gesonde fisiese, sielkundige, intellektuele, emosionele en maatskaplike ontwikkeling van kinders;

(*e*) om gemeenskapsstrukture wat kan help in die voorsiening van sorg en beskerming van kinders te versterk en te ontwikkel;

(*f*) om kinders te beskerm teen diskriminasie, eksploitasie en enige ander fisiese, emosionele of morele leed of gevaar;

(*g*) om versorging en beskerming te voorsien aan kinders wat versorging of beskerming benodig;

(*h*) om die spesiale behoeftes wat kinders met gebreke mag hê te erken;

(*i*) om in die algemeen die beskerming, ontwikkeling en welsyn van kinders te bevorder.

**3. Botsing met ander wetgewing** - (1) In die geval van 'n botsing tussen 'n artikel van hierdie Wet en –

(*a*) provinsiale wetgewing met betrekking tot die beskerming en welsyn van kinders, moet die botsing opgelos word ingevolge artikel 146 van die Grondwet; en

(*b*) 'n munisipale verordering met betrekking tot die beskerming en welsyn van kinders, moet die botsing opgelos word ingevolge artikel 156 van die Grondwet.

(2) In die geval van 'n botsing tussen 'n regulasie ingevolge hierdie Wet uitgevaardig en —

(*a*) 'n Wet van die Parlement neem die Wet van die Parlement voorkeur;

(*b*) provinsiale wetgewing moet die botsing opgelos word ingevolge artikel 146 van die Grondwet;

(*c*) 'n munisipale verordening moet die botsing opgelos word ingevolge artikel 156 van die Grondwet.

(3) Vir die behoorlike toepassing van subartikel (2)(b) moet die Minister ingevolge artikel 146(6) van die Grondwet alle regulasies ingevolge hierdie Wet uitgevaardig wat 'n provinsie affekteer aan die Nasionale Raad van Provinsies voorlê vir goedkeuring.

(4) In hierdie Artikel beteken "regulasie" -

(*a*) 'n regulasie ingevolge hierdie Wet uitgevaardig; en

(*b*) 'n reël wat die verrigtinge van 'n kinderhof reël ingevolge artikel 52.

**4. Implementering van Wet** - (1) Hierdie Wet moet geimplementeer word deur staatsorgane in die nasionale, provinsiale en, waar van toepassing, plaaslike regeringsfere onderworpe aan enige spesifieke artikel van hierdie Wet en regulasies wat rolle en verantwoordelikhede toewys op 'n geintegreerde gekoordineerde en eenvormige wyse.

(2) Met erkenning daaraan dat kompeterende sosiale en ekonomiese behoeftes bestaan moet staatsorgane in die nasionale, provinsiale en, waar van toepassing, plaaslike regeringsfere by die implementering van hierdie Wet redelike stappe neem tot die maksimum

omvang van hul beskikbare middele om die verwesenliking van die oogmerke van die Wet te bereik.

**5. Intersektorale implementering van Wet.** — Ten einde die implementering van hierdie Wet te verwesenlik op die wyse in artikel 4 bedoel moet alle staatsorgane in die nasionale, provinsiale en, waar van toepassing plaaslike regeringsfere betrokke by die versorging, beskerming en welsyn van kinders saamwerk in die ontwikkeling van 'n eenvormige benadering gerig op koördinering en integrering van die dienste aan kinders gelewer.

HOOFSTUK 2
ALGEMENE BEGINSELS

**6. Algemene beginsels** – (1) Die algemene beginsels in hierdie artikel uiteengesit lei –

(*a*) die implementering van alle wetgewing van toepassing op kinders, insluitende hierdie Wet; en

(*b*) alle verrigtinge, aksies en beslissings deur enige staatsorgaan in enige aangeleentheid betreffende 'n kind of kinders in die algemeen.

(2) Alle verrigtinge, aksies of beslissings in 'n aangeleentheid betreffende 'n kind moet -

(*a*) die kind se regte in die Handves van Regte uiteengesit, die beste belange van die kind standaard in artikel 7 uiteengesit en die regte en beginsels in hierdie Wet uiteengesit respekteer, beskerm, bevorder en volbring, onderhewig aan enige regmatige beperking;

(*b*) die kind se inherente waardigheid respekteer;

(*c*) die kind regverdig en gelykwaardig behandel;

(*d*) die kind beskerm teen onregverdige diskriminasie op enige grond, insluitende op grond van die gesondheidstatus of gebrek van die kind of 'n familielid van die kind;

(*e*) erkenning gee aan 'n kind se behoefte vir ontwikkeling en om deel te hê aan speel en ander ontspanningsaktiwiteite toepaslik tot die kind se ouderdom;

(*f*) erkenning gee aan 'n kind se gebrek en 'n geleentheid verskaffende omgewing skep ten einde te reageer op die spesiale behoeftes wat die kind het.

(3) Indien dit in die beste belang van die kind is, moet die kind se familie die geleentheid gegee word om hul sienswyses uit te druk in enige aangeleentheid betreffende die kind.

(4) In enige aangeleentheid betreffende die kind -

*(a)* behoort 'n benadering gevolg te word wat bevorderlik is tot versoening en probleem oplossing en behoort 'n konfronterende benadering vermy te word; en
*(b)* moet 'n vertraging in enige aksie of beslissing wat geneem moet word so ver moontlik vermy word.

(5) 'n Kind, met inagneming van sy of haar ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling en 'n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede met betrekking tot daardie kind het moet, waar van toepassing, ingelig word van enige aksie of beslissing wat geneem is in 'n aangeleentheid betreffende die kind wat die beduidend affekteer.

**7. Beste belange van kind standaard.** – (1) Wanneer 'n bepaling van hierdie Wet ookal vereis dat die beste belange van die kind standaard toegepas moet word, moet die volgende faktore, wanneer relevant, in aanmerking geneem word, naamlik:

*(a)* die aard van die persoonlike verhouding tussen –
(i) die kind en die ouers, of enige spesifieke ouer; en
(ii) die kind en enige ander versorger of relevante persoon in daardie omstandighede;

*(b)* die houding van die ouers, of enige spesifieke ouer jeens –
(i) die kind; en
(ii) die uitoefening van ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind;

*(c)* die kapasiteit van die ouers, of enige spesifieke ouer, of van enige ander versorger of persoon om voorsiening te maak vir die behoeftes van die kind, insluitende emosionele en intellektuele behoeftes;

*(d)* die waarskynlike effek van enige verandering in die kind se omstandighede op die kind, insluitende die waarskynlike effek op die kind van enige skeiding van –
(i) beide of enige van die ouers; of
(ii) enige broer of suster of ander kind, of enige ander versorger of persoon by wie die kind gewoon het;

*(e)* die praktiese moeisaamheid en uitgawe verbonde daaraan vir 'n kind om kontak te hê met die ouers of enige spesifieke ouer en of daardie moeisaamheid of uitgawe die kind se reg om persoonlike verhoudings en direkte kontak met die ouers of enige spesifieke ouer op 'n gereëlde basis vol te hou substansieel sal beëinvloed;

*(f)* die behoefte van die kind –
(i) om in die sorg van sy of haar ouer, familie of uitgebreide familie te bly; en

(ii) om 'n verbinding met sy of haar familie, uitgebreide familie, kultuur of tradisie te behou;

*(g)* die kind se –

(i) ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling;

(ii) geslag;

(iii) agtergrond; en

(iv) enige ander karaktertrekke van die kind;

*(h)* die kind se fisiese en emosionele sekerheid en sy of haar intellektuele, emosionele, sosiale en kulturele ontwikkeling;

*(i)* enige gebrek wat 'n kind mag hê;

*(j)* enige chroniese siekte waaraan 'n kind mag lei;

*(k)* die behoefte van 'n kind om groot te word in 'n stabiele gesinsomgewing en waar dit nie moontlik is nie, in 'n omgewing wat so nou as moontlik ooreenkom met 'n versorgende gesinsomgewing;

*(l)* die behoefte om die kind te beskerm teen enige fisiese of sielkundige leed wat veroorsaak mag word deur –

(i) die onderwerping van die kind aan mishandeling, misbruik, verwaarlosing, eksploitasie of vernedering of die blootstelling van die kind aan geweld of eksploitasie of ander skadelike optrede; of

(ii) die blootstelling van die kind aan mishandeling, misbruik, vernedering, slegte behandeling, geweld of skadelike optrede jeens 'n ander persoon;

*(m)* enige gesinsgeweld wat die kind of familielid van die kind betrek; en

*(n)* welke aksie of beslissing verdere regs- of administratiewe verrigtinge met betrekking tot die kind sal vermy of verminder.

(2) In hierdie artikel sluit "ouer" enige persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede met betrekking tot die kind het in.

**8. Toepassing.** — (1) Die regte waaroor 'n kind beskik ingevolge hierdie Wet vul die regte waaroor 'n kind beskik ingevolge die Handves van Regte aan.

(2) Alle staatsorgane in enige regeringsfeer en alle beamptes, werknemers en verteenwoordigers van 'n staatsorgaan moet die regte van kinders in hierdie Wet vervat respekteer, beskerm en bevorder.

(3) ‘n Bepaling van hierdie Wet bind beide natuurlike en regspersone tot die mate waartoe dit van toepassing is met inagneming van die aard van die reg en die aard van enige verpligting opgelê deur die reg.

**9. Beste belange van kind allesoorheersend.** – In alle aangeleenthede betreffende die versorging, beskerming en welsyn van ‘n kind moet die standaard dat die kind se beste belange van oorheersende belang is toegepas word.

**10. Deelneming van kind.** – Elke kind van sodanige ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling dat hy of sy instaat is om deel te neem aan enige aangeleentheid betreffende daardie kind het die reg om op enige gepaste wyse deel te neem en behoorlike oorweging moet gegee word aan sienswyses wat deur die kind uitgespreek is.

**11. Kinders met gebreke of chroniese siekte.** – (1) In enige aangeleentheid betreffende ‘n kind met ‘n gebrek moet behoorlike oorweging daaraan gegee word om –

(*a*) die kind te voorsien van ouerlike sorg, gesinsorg of spesiale versorging indien en wanneer toepaslik;

(*b*) dit moontlik te maak vir die kind om deel te neem aan sosiale, kulturele, godsdienstige en opvoedkundige praktyke met erkenning van die spesiale behoeftes wat die kind mag hê;

*(c)* die kind te voorsien van omstandighede wat waardigheid verseker, selfvertroue bevorder en aktiewe deelneming in die gemeenskap fasiliteer; en

*(d)* die kind en die kind se versorger te voorsien van die nodige ondersteuningsdienste.

(2) In enige aangeleentheid betreffende ‘n kind met ‘n chroniese siekte moet behoorlike oorweging daaraan gegee word om -

(*a*) die kind te voorsien van ouerlike sorg, gesinsorg of spesiale versorging indien en wanneer toepaslik;

(*b*) die kind te voorsien van omstandighede wat waardigheid verseker, selfvertroue bevorder en aktiewe deelneming in die gemeenskap fasiliteer;

(*c*) die kind te voorsien van die nodige ondersteuningsdienste.

(3) ‘n Kind met ‘n gebrek of chroniese siekte het die reg om nie onderwerp te word aan mediese, sosiale, kulturele of godsdienstige praktyke wat nadelig vir sy of haar gesondheid, welyn of waardigheid is nie.

**12. Sosiale, kulturele en godsdienstige praktyke.** – (1) Elke kind het die reg om nie onderwerp te word aan sosiale, kulturele en godsdienstige praktyke wat nadelig is vir sy of haar welsyn nie.

(2) ‘n Kind -

*(a)* onder die minimum ouderdom wat by wet vasgestel is vir 'n geldige huwelik mag nie vir 'n huwelik of verlowing uitgegee word nie;

*(b)* bo daardie minimum ouderdom mag nie vir 'n huwelik of verlowing uitgegee word sonder sy of haar toestemming nie.

(3) Genetiese verminking of die besnydenis van vroulike kinders word verbied.

(4) Maagdelikheidstoetsing van kinders onder die ouderom van 16 word verbied.

(5) Maagdelikheidstoetsing van kinders ouer as 16 mag alleenlik uitgevoer word -

*(a)* indien die kind op die voorgeskrewe wyse toegestem het tot die toetsing;

*(b)* na gepaste berading van die kind; en

*(c)* op die voorgeskrewe wyse.

(6) Die uitslae van 'n maagdelikheidstoets mag nie openbaar gemaak word sonder die toestemming van die kind nie.

(7) Die liggaam van 'n kind wat maagdelikheidstoetsing ondergaan het mag nie gemerk word nie.

(8) Besnydenis van manlike kinders onder die ouderdom van 16 word verbied, behalwe wanneer -

*(a)* besnydenis vir godsdienstige doeleindes in ooreenstemming met die praktyke van die betrokke godsdiens en op die voorgeskrewe wyse uitgevoer word;

*(b)* besnydenis vir mediese redes en op die aanbeveling van 'n mediese praktisyn uitgevoer word.

(9) Besnydenis van manlike kinders ouer as 16 mag alleenlik uitgevoer word –

*(a)* indien die kind toestemming gegee het tot die besnydenis op die voorgeskrywe wyse;

*(b)* na gepaste berading van die kind; en

*(c)* op die voorgeskrewe wyse.

(10) Met inagneming van die kind se ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling het elke manlike kind die reg om besnydenis te weier.

**13. Inligting oor gesondheidsorg.** — (1) Elke kind het die reg tot –

*(a)* toegang tot inligting oor gesondheidsbevordering en die voorkoming en behandeling van slegte gesondheid en siekte, seksualiteit en voortplanting;

*(b)* toegang tot inligting oor sy of haar gesondheidstatus;

*(c)* toegang tot inligting oor die oorsake en behandeling van sy of haar gesondheidstatus;

*(d)* vertroulikheid aangaande sy of haar gesondheidstatus en die gesondheidstatus van ‘n ouer, versorger of familielid, behalwe wanneer die handhawing van sodanige vertroulikheid nie in die beste belang van die kind is nie.

(2) Inligting aan kinders verskaf ingevolge hierdie subartikel moet relevant en in ‘n formaat wat toegangklik vir kinders is wees met behoorlike inagneming van die behoeftes van kinders met gebreke.

**14. Toegang tot hof.** — Elke kind het die reg om ‘n aangeleentheid voor ‘n hof te bring en om bygestaan te word om sodanige aangeleentheid voor ‘n hof te bring op voorwaarde dat die aangeleentheid binne die jurisdiksie van daardie hof val.

**15. Afdwinging van regte.** — (1) Enigeen wat in hierdie artikel gelys is het die reg om ‘n bevoegde hof te nader en te beweer dat daar op ‘n reg in die Handves van Regte of hierdie Wet inbreuk gemaak is of dat dit bedreig is, en die hof kan die toepaslike regshulp, insluitende ‘n verklaring van regte, toestaan.

(2) Die persone wat ‘n hof kan nader is -

*(a)* ‘n kind wat geaffekteer deur of betrokke is by die aangeleentheid wat bereg staan te word;

*(b)* enigeen wat optree in die belang van die kind of ten behoewe van ‘n ander persoon wat nie in eie naam kan optree nie;

*(c)* enigeen wat optree as ‘n lid van, of in belang van, ‘n groep of klas van persone; en

*(d)* enigeen wat optree in openbare belang.

**16. Verantwoordelikhede van kinders.** — Elke kind het verantwoordelikhede toepaslik tot die kind se ouderdom en bevoegdheid jeens sy of haar familie, gemeenskap en die staat.

**17. Meerderjarigheidsouderdom.** — ‘n Kind, manlik of vroulik, word ‘n meerderjarige wanneer hy of sy die ouderdom van 18 jaar bereik.

HOOFSTUK 3
OUERLIKE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

*Deel 1*
*Verkryging en verlies van ouerlike regte en verantwoordelikhede*

**18. Ouerlike regte en verantwoordelikhede.** — (1) ‘n Persoon kan volle of spesifieke ouerlike regte en verantwoordelikhede hê met betrekking tot ‘n kind.

(2) Die ouerlike regte en verantwoordelikhede wat ‘n persoon met betrekking tot ‘n kind kan hê sluit die reg en verantwoordelikheid in -

*(a)* om die kind te versorg;

*(b)* om kontak met die kind te hou;

*(c)* om op te tree as voog van die kind; en

*(d)* om by te dra tot die onderhoud van die kind.

(3) Behoudens subartikels (4) en (5) moet ‘n ouer of ander persoon wat optree as voog van ‘n kind —

*(a)* die kind se eiendom en eiendomsbelange administreer en beveilig;

*(b)* die kind bystaan of verteenwoordig in administratiewe, kontraktuele en ander regsaangeleenthede; of

*(c)* enige toestemming wat regtens vereis word met betrekking tot die kind gee of weier, insluitende —
(i) toestemming tot die huwelik van die kind;
(ii) toestemming tot die aanneming van die kind;
(iii) toestemming tot die kind se vertrek of verwydering vanuit die Republiek;
(iv) toestemming tot die kind se aansoek vir ‘n paspoort; en
(v) toestemming tot die vervreemding of beswaring van enige onroerende eiendom van die kind.

(4) Wanneer meer as een persoon voogdyskap van ‘n kind het, is elkeen van hulle, behoudens subartikel (5), enige ander wet of enige ander bevel van ‘n bevoegde hof tot die teendeel, bevoeg om onafhanklik en sonder die toestemming van die ander enige reg of verantwoordelikheid wat voortspruit uit sodanige voogdyskap uit te oefen.

(5) Behalwe as 'n bevoegde hof anders beveel, is die toestemming van al die persone wat voogdyskap van 'n kind het nodig ten opsigte van aangeleenthede uiteengesit in subartikel (3)(c).

**19. Ouerlike regte en verantwoordelikhede van moeders.**— (1) Die biologiese moeder van 'n kind, hetsy getroud of ongetroud, het volle ouerlike regte en verantwoordelikhede met betrekking tot die kind.

(2) Indien —

*(a)* die biologiese moeder van 'n kind 'n ongetroude kind is wat nie voogdyskap ten aansien van die kind het nie; en

*(b)* die biologiese vader van die kind nie voogdyskap ten aansien van die kind het nie,

is die voog van die kind se biologiese moeder ook die voog van die kind.

(3) Hierdie artikel is nie van toepassing ten opsigte van 'n kind wat die onderwerp is van 'n surrogaatooreenkoms nie.

**20. Ouerlike regte en verantwoordelikhede van getroude vaders.** — Die biologiese vader van 'n kind het volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind –

*(a)* indien hy getroud is met die kind se moeder; of

*(b)* indien hy getroud was met die kind se moeder –
(i) tydens die kind se konsepsie;
(ii) tydens die kind se geboorte;
(iii) op enige tyd tussen die konsepsie en geboorte van die kind.

**21. Ouerlike regte en verantwoordelikhede van ongetroude vaders.** — (1) Die biologiese vader van 'n kind wat nie ingevolge artikel 20 ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het nie, verkry volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind –

*(a)* indien hy tydens die kind se geboorte saam met die moeder woon in 'n permanente lewensdeel-genootskap; of

*(b)* indien hy, ongeag of hy saam met die moeder woon of gewoon het –
(i) daartoe toestem om geidentifiseer te word of ingevolge artikel 26 suksesvol aansoek doen om geidentifiseer te word as die kind se vader of skade betaal ingevolge die inheemse reg;
(ii) bydra of in goeie trou gepoog het om by te dra tot die kind se grootmaak vir 'n redelike tydperk;

(iii) bydra of in goeie trou gepoog het om by te dra tot uitgawes in verband met die onderhoud van die kind vir 'n redelike tydperk.

(2) Hierdie artikel affekteer nie die plig van 'n vader om by te dra tot die onderhoud van die kind nie.

(3) (*a*) Indien daar 'n dispuut is tussen die biologiese vader bedoel in subartikel (1) en die biologiese moeder van 'n kind met betrekking tot die voldoening deur daardie vader aan die voorwaardes uiteengesit in subartikel (1)(a) of (b) moet die aangeleentheid vir mediasie verwys word na 'n gesinsadvokaat, maatskaplike werker, maatskaplike diens professioneel of ander gepaste gekwalifiseerde persoon;

(*b*) Enige party tot die mediasie kan die uitslag van die mediasie laat hersien deur 'n hof.

(4) Hierdie artikel is van toepassing ongeag daarvan of die kind gebore is voor of na die invoering van hierdie Wet.

**22. Ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkomste.** — (1) Behoudens subartikel (2) kan die moeder van 'n kind of ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind het 'n ooreenkoms aangaan wat voorsiening maak vir die verkryging van sodanige ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind as wat in die ooreenkoms uiteengesit is, met –

*(a)* die biologiese vader van 'n kind wat nie ingevolge artikel 20 of 21 of deur 'n hofbevel ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het nie; of

*(b)* enige ander persoon wat 'n belang het by die versorging, welsyn en ontwikkeling van die kind.

(2) Die moeder of ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind het kan by ooreenkoms alleenlik daardie regte en verantwoordelikhede wat sy of daardie ander persoon ten opsigte van die kind het ten tye van die sluiting van sodanige ooreenkoms aan 'n persoon bedoel in subartikel (1) toeken.

(3) 'n Ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms moet in die voorgeskrewe formaat wees en die voorgeskrewe besonderhede bevat.

(4) Behoudens subartikel (6) tree 'n ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms alleenlik in werking indien -

*(a)* dit geregistreer is by die gesinsadvokaat; of

*(b)* dit 'n bevel van die Hoë Hof, 'n egskeidingshof in 'n egskeidingsaangeleentheid of 'n kinderhof gemaak word by aansoek deur die partye tot die ooreenkoms.

(5) Voordat ‘n ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms geregistreer word of voordat ‘n ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms ‘n hofbevel gemaak word moet die betrokke gesinsadvokaat of hof tevrede wees dat die ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms in die beste belang van die kind is.

(6) (*a*) ‘n Ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms wat geregistreer is deur die gesinsadvokaat kan gewysig of beëindig word deur die gesinsadvokaat op versoek –

(i) van ‘n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van die kind;
(ii) van die kind wat optree met die toestemming van die hof; of
(iii) van enige ander persoon wat in die kind se belang optree met die toestemming van die hof.

(*b*) ‘n Ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms wat ‘n hofbevel gemaak is kan alleenlik gewysig of beëindig word op versoek –
(i) van ‘n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van die kind;
(ii) van die kind wat optree met die toestemming van die hof; of
(iii) van enige ander persoon wat in die kind se belang optree met die toestemming van die hof.

(7) Alleenlik die Hoë Hof kan ‘n ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms wat betrekking het op die voogdyskap van ‘n kind bevestig, wysig of beëindig.

**23. Toewysing van kontak en sorg aan belanghebbende persoon deur hofbevel.** — (1) Enige persoon wat ‘n belang het by die versorging, welsyn of ontwikkeling van ‘n kind kan by die Hoë Hof, ‘n egskeidingshof in egskeidingsaangeleenthede of die kinderhof aansoek doen vir ‘n bevel wat aan die applikant —

*(a)* kontak met die kind; of

*(b)* versorging van die kind,

toestaan op sodanige voorwaardes as wat die hof mag nodig ag.

(2) Wanneer ‘n aansoek soos bedoel in subartikel (1) oorweeg word moet die hof –

*(a)* die beste belange van kind;

*(b)* die verhouding tussen die applikant en die kind, en enige ander relevante persoon en die kind;

*(c)* die graad van verbintenis wat die applikant jeens die kind getoon het;

*(d)* die mate waartoe die applikant bygedra het tot die uitawes in verband met die geboorte en onderhoud van die kind; en

*(e)* enige ander feit wat in die opinie van die hof in aanmerking geneem behoort te word,

in aanmerking neem.

(3) Indien dit gedurende die verloop van die hofverrigtinge onder die hof se aandag gebring word dat aansoek gedoen is vir die aanneming van die kind deur 'n ander applikant –

*(a)* moet die hof 'n gesinsadvokaat, maatskaplike werker of sielkundige versoek om die hof te voorsien van 'n verslag en aanbevelings oor wat in die beste belang van die kind is; en

*(b)* kan die hof die eersgenoemde aansoek opskort op die voorwaardes wat die hof mag vasstel.

(4) Die toestaan van sorg of kontak aan 'n persoon ingevolge hierdie artikel affekteer nie die ouerlike regte en verantwoordelikhede wat enige ander persoon mag hê ten opsigte van dieselfde kind nie.

**24. Toewysing van voogdyskap deur hofbevel.** — (1) Enige persoon wat 'n belang het in die versorging, welsyn en ontwikkeling van 'n kind kan by die Hoë Hof aansoek doen vir 'n bevel vir die toestaan van voogdyskap van die kind aan die applikant.

(2) Wanneer 'n aansoek in subartikel (1) bedoel oorweeg word moet die hof –

*(a)* die beste belange van die kind;

*(b)* die verhouding tussen die applikant en die kind, en enige ander relevante persoon en die kind; en

*(c)* enige ander feit wat in die opinie van die hof in aanmerking geneem behoort te word,

in aanmerking neem.

(3) Indien 'n persoon aansoek doen vir voogdyskap van 'n kind wat alreeds 'n voog het moet die applikant redes aanvoer waarom die kind se bestaande voog nie geskik is om voogdyskap oor die kind te hê nie.

**25. Sekere aansoeke geag as interstaatlike aanneming.** – Wanneer aansoek ingevolge artikel 24 gedoen word vir voogdyskap van 'n kind deur 'n nie-Suid-Afrikaanse burger moet die aansoek geag word 'n interstaatlike aanneming te wees vir doeleindes van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming en Hoofstuk 16 van hierdie Wet.

**26. Persoon wat op vaderskap aanspraak maak.** — (1) 'n Persoon wat nie getroud is met die moeder van 'n kind nie en wat die biologiese vader van die kind is of daarop aanspraak maak kan –

*(a)* aansoek doen dat 'n wysiging aangebring word aan die registrasie van die geboorte van die kind ingevolge artikel 11(4) van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet No. 51 van 1992), om hom te identifiseer as die vader van die kind indien die moeder tot sodanige wysiging toestem; of

*(b)* aansoek tot 'n hof doen vir 'n bevel wat sy vaderskap van die kind bevestig, indien die moeder –
(i) weier om toe te stem tot sodanige wysiging;
(ii) onbevoeg is om toestemming te gee weens geestesongesteldheid;
(iii) nie opgespoor kan word nie; of
(iv) oorlede is.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing op –

*(a)* die biologiese vader van kind wat verwek is deur verkragting van of bloedskande moet die kind se moeder nie; of

*(b)* enige persoon wat biologies verwant is aan 'n kind alleenlik omrede hy 'n gameet skenker is vir doeleindes van kunsmatige bevrugting nie.

**27. Toewysing van voogdyskap en sorg.** -
(1) (*a*) 'n Ouer wat die enigste voog van 'n kind is kan 'n geskikte en gepaste persoon aanwys as voog van die kind in geval van die dood van die ouer.

(*b*) 'n Ouer wie alleenlike sorg van 'n kind het kan 'n geskikte en gepaste persoon aanwys op wie die sorg van die kind oorgaan in die geval van die dood van die ouer.

(2) 'n Aanwysing ingevolge subartikel (1) moet vervat wees in 'n testament wat deur die ouer gemaak is.

(3) 'n Persoon wat aangewys is ingevolge subartikel (1) verkry voogdyskap of sorg, wat die geval ookal mag wees, ten opsigte van 'n kind –

(*a*) na die dood van die ouer; en

(*b*) by die persoon se uitdruklike of geimpliseerde aanvaarding van die aanwysing.

(4) Indien twee of meer persone aangewys is as voogdy of om die sorg van die kind oor te neem kan enige een of meerderes van hulle of almal die aanwysing aanvaar behalwe as die aanwysing anders bepaal.

**28. Beëindiging, uitbreiding, opskorting of beperking van ouerlike regte en verantwoordelikhede.** — (1) 'n Persoon in subartikel (3) bedoel kan by die Hoë Hof, 'n egskeidingshof in 'n egskeidingsaangeleentheid of 'n kinderhof aansoek doen vir 'n bevel —

*(a)* wat enige of al die ouerlike regte en verantwoordelikhede wat 'n spesifieke persoon ten opsigte van 'n kind het vir 'n tydperk opskort of beëindig; of

*(b)* wat die uitvoering deur daardie persoon van enige of al die ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind uitbrei of omskryf.

(2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) kan gekombineer word met 'n aansoek ingevolge artikel 23 vir die toewysing van kontak en sorg ten opsigte van die kind aan die applikant ingevolge daardie artikel.

(3) 'n Aansoek vir 'n bevel in subartikel (1) bedoel kan gebring word –

*(a)* deur 'n mede-besitter van ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind;

*(b)* deur enige ander persoon wat voldoende belang het by die versorging, beskerming, welsyn of ontwikkeling van die kind;

*(c)* deur die kind wat handel met verlof van die hof;

*(d)* deur enige ander persoon in die belang van die kind wat handel met verlof van die hof; of

*(e)* deur 'n gesinsadvokaat of die verteenwoordiger van enige belanghebbende staatsorgaan.

(4) Wanneer sodanige aansoek oorweeg word moet die hof –

*(a)* die beste belange van die kind;

*(b)* die verhouding tussen die kind en die persoon wie se ouerlike regte en verantwoordelikhede betwis word;

*(c)* die graad van die verbintenis wat die persoon jeens die kind getoon het; en

*(d)* enige ander feit wat in die opinie van die hof in aanmerking geneem behoort te word,

in aanmerking neem.

**29. Hofverrigtinge. —** (1) 'n Aansoek ingevolge artikel 22(4)(b), 23, 24, 26(1)(b) of 28 kan voor die Hoë Hof, 'n egskeidingshof in 'n egskeidingsaangeleentheid of 'n kinderhof, wat die geval ookal mag

wees, in welke hof se jurisdiksiegebied die betrokke kind gewoonlik woonagtig is, gebring word.

(2) ‘n Aansoek vir voogdyskap van ‘n kind ingevolge artikel 24 moet die redes bevat waarom die applikant nie aansoek doen vir die aanneming van die kind nie.

(3) Die hof wat ‘n aansoek in subartikel (1) bedoel aanhoor kan die aansoek onvoorwaardelik of onderhewig aan sodanige voorwaardes wat die hof mag vasstel toestaan, of kan die aansoek weier, maar ‘n aansoek mag alleenlik toegestaan word as dit in die beste belange van die kind is.

(4) Wanneer ‘n aansoek in subartikel (1) bedoel oorweeg word moet die hof gelei word deur die beginsels in Hoofstuk 2 uiteengesit tot die mate waartoe daardie beginsels op die aangeleentheid voor die hof van toepassing is.

(5) Die hof kan vir doeleindes van die verhoor beveel dat –

*(a)* ‘n verslag en aanbevelings van ‘n gesinsadvokaat, ‘n maatskaplike werker of ander gepaste gekwalifiseerde persoon aan die hof voorgelê moet word;

*(b)* ‘n aangeleentheid wat deur die hof gespesifiseer is ondersoek moet word deur ‘n persoon deur die hof aangewys;

*(c)* ‘n persoon deur die hof gespesifiseer voor die hof moet verskyn om getuienis af te lê of te lewer;

*(d)* die applikant of enige party wat die aansoek teenstaan die koste van enige sodanige ondersoek of verskyning moet betaal.

(6) Behoudens artikel 55 kan die hof —

*(a)* ‘n regspraktisyn aanstel om die kind te verteenwoordig by die hofverrigtinge; en

*(b)* die partye tot die verrigtinge of enige een van hulle of die staat indien dit andersins wesenlike ongeregtigheid sou teweegbring beveel om die koste van sodanige verteenwoordiging te betaal.

(7) Indien dit vir ‘n hof tydens die verloop van enige verrigting voor die hof blyk dat ‘n kind betrokke by of wat geaffekteer is deur daardie verrigtinge sorg en beskerming benodig, moet die hof beveel dat die vraag of die kind sorg en beskerming benodig verwys word na ‘n aangewese maatskaplike werker vir ondersoek ingevolge artikel 155(2).

*Deel 2*
*Mede-uitoefening van ouerlike regte en verantwoordelikhede*

**30. Mede-besitters van ouerlike regte en verantwoordelikhede. —**

(1) Meer as een persoon kan ouerlike regte en verantwoordelikhede besit ten opsigte van dieselfde kind.

(2) Wanneer meer as een persoon dieselfde ouerlike regte en verantwoordelikhede besit ten opsigte van 'n kind kan elk van die mede-besitters handel sonder die toestemming van die ander mede-besitter of mede-besitters wanneer hy of sy daardie regte en verantwoordelikhede uitoefen, behalwe waar hierdie Wet, enige ander wet of 'n hofbevel anders bepaal.

(3) 'n Mede-besitter van ouerlike regte en verantwoordelikhede mag nie daardie regte en verantwoordelikhede oorgee of oordra aan 'n ander mede-besitter of enige ander persoon nie, maar kan by ooreenkoms met daardie ander mede-besitter of persoon die ander mede-besitter of persoon toelaat om enige of al daardie regte en verantwoordelikhede namens hom of haar uit te oefen.

(4) 'n Ooreenkoms ingevolge subartikel (3) ontdoen nie 'n mede-besitter van sy of haar ouerlike regte en verantwoordelikhede nie en daardie mede-besitter bly bevoeg en verantwoordelik om daardie regte en verantwoordelikhede uit te oefen.

**31. Groot besluite wat kind behels. —**

(1) (*a*) Voordat enige persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind besit enige besluit in paragraaf (b) bedoel neem wat 'n kind behels, moet daardie persoon behoorlike oorweging gee om enige sienings en wense deur die kind geuiter met inagneming van die kind se ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling.

(*b*) 'n Besluit in paragraaf (a) bedoel is enige besluit —

(i) in verband met 'n aangeleentheid in artikel 18(3)(c) gelys;

(ii) wat kontak tussen die kind en 'n mede-besitter van ouerlike regte en verantwoordelikheid affekteer;

(iii) aangaande die toewysing van voogdyskap of sorg ten opsigte van die kind aan 'n ander persoon ingevolge artikel 27; of

(iv) wat waarskynlik die kind se lewensomstandighede, opvoeding, gesondheid, persoonlike verhoudings met 'n ouer of familielid of in die algemeen die kind se welsyn aansienlik gaan verander of 'n nadelige effek daarop sal hê.

(2) (*a*) Voordat 'n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind besit 'n besluit in paragraaf (b) bedoel neem, moet daardie persoon behoorlike oorweging gee aan enige sienings en wense deur enige mede-besitter van ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind geuiter.

(*b*) ‘n Besluit in paragraaf (a) bedoel is enige besluit wat waarskynlik die mede-besitter se uitoefening van ouerlike regte en verantwoordelikheid ten opsigte van die kind aansienlik sal verander of ‘n nadelige effek daarop sal hê.

**32. Versorging van kind deur persoon wat nie ouerlike regte en verantworodelikhede besit nie. —** (1) ‘n Persoon wat geen ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van ‘n kind nie, maar vrywillig vir ‘n onbepaalde tydperk, tydelik of gedeeltelik vir die kind sorg, insluitende ‘n versorger wat andersins geen ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van ‘n kind het nie moet, terwyl die kind in daardie persoon se sorg is —

*(a)* die kind se gesondheid, welsyn en ontwikkeling verseker; en

*(b)* die kind beskerm teen mishandeling, misbruik, verwaarlosing, vernedering, diskriminasie, eksploitasie en enige ander fisiese, emosionele of geestelike leed of gevaar.

(2) Behoudens artikel 129 kan ‘n persoon in subartikel (1) bedoel enige ouerlike regte en verantwoordelikhede wat redelik nodig is om te voldoen aan subartikel (1) uitoefen, insluitende die reg om toe te stem tot enige mediese ondersoek of behandeling van die kind indien sodanige toestemming nie redelikerwys verkry kan word van die ouer of voog van die kind nie.

(3) ‘n Hof kan die ouerlike regte en verantwoordelikhede wat ‘n persoon mag uitoefen ingevolge subartikel (2) beperk of inperk.

(4) ‘n Persoon in subartikel (1) bedoel mag nie —

*(a)* homself of haarself voordoen as die biologiese of aannemende ouer van die kind nie; of

*(b)* die kind of enige ander persoon mislei om te glo dat daardie persoon die biologiese of aannemende ouer van die kind is nie.

*Deel 3*
*Ouerskapsplanne*

**33. Inhoud van ouerskapsplanne.** (1) Die mede-besitters van ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van ‘n kind kan ooreenkom op ‘n ouerskapsplan wat die uitoefening van hul onderskeie regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind bepaal.

(2) Indien die mede-besitters van ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van ‘n kind moeilikheid ondervind in die uitoefening van hul regte en verantwoordelikhede, moet daardie persone eers poog om ooreen te kom op ‘n ouerskapsplan wat die uitoefening van hul onderskeie regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind bepaal voordat die tussenkoms van ‘n hof opgesoek word.

(3) ‘n Ouerskapsplan kan enige aangeleentheid in verband met ouerlike regte en verantwoordelikhede bepaal, insluitende —

*(a)* waar en saam met wie die kind moet woon;

*(b)* die onderhoud van die kind;

*(c)* kontak tussen die kind en –
(i) enige van die partye; en
(ii) enige ander persoon; en

*(d)* die skoolonderrig en godsdienstige opvoeding van die kind.

(4) ‘n Ouerskapsplan moet voldoen aan die beste belange van die kind standaard soos in artikel 7 uiteengesit.

(5) By die opstelling van ‘n ouerskapsplan soos in subartikel (2) bedoel moet die partye —

*(a)* die bystand van ‘n gesinsadvokaat, maatskaplike werker of sieldkundige; of

*(b)* mediasie deur ‘n maatskaplike werker of ander gepaste gekwalifiseerde persoon,

aanvra.

**34. Formaliteite.** — (1) ‘n Ouerskapsplan —

*(a)* moet op skrif wees en geteken wees deur die partye tot die ooreenkoms; en

*(b)* moet, behoudens subartikel (2), geregistreer wees by ‘n gesinsadvokaat of ‘n hofbevel gemaak word.

(2) ‘n Aansoek deur mede-besitters in artikel 33(1) bedoel vir die registrasie van die ouerskapsplan of om dit ‘n hofbevel te maak moet —

(*a*) in die voorgeskrewe formaat wees en die voorgeskrewe besonderhede bevat; en

(*b*) vergesel wees deur ‘n afskrif van die plan.

(3) ‘n Aansoek deur mede-besitters bedoel in artikel 33(2) vir die registrasie van ‘n ouerskapsplan of om dit ‘n hofbevel te maak moet —

*(a)* in die voorgeskrewe formaat wees en die voorgeskrewe besonderhede bevat; en

*(b)* vergesel wees deur —
(i) ‘n afskrif van die plan; en
(ii) ‘n verklaring deur –
(aa) ‘n gesinsadvokaat, maatskaplike werker of sielkundige in artikel 33(5)(a) bedoel tot die

effek dat die plan opgestel is na oorleg met sodanige gesinsadvokaat, maatskaplike werker of sielkundige; of

(bb) ‘n maatskaplike werker of ander geskikte persoon in artikel 33(5)(b) bedoel tot die effek dat die plan opgestel is na mediasie deur sodanige maatskaplike werker of sodanige persoon.

(4) ’n Ouerskapsplan wat by ‘n gesinsadvokaat geregistreer is kan op versoek deur die mede-besitters van ouerlike regte en verantwoordelikhede wat partye is tot die plan gewysig word of beëindig word deur die gesinsadvokaat.

(5) ‘n Ouerskapsplan wat ‘n hofbevel gemaak is kan alleenlik deur ‘n hofbevel gewysig of beëindig word op aansoek —

*(a)* deur die mede-besitters van ouerlike regte en verantwoordelikhede wat partye is tot die plan;

*(b)* deur die kind wat handel met verlof van die hof; of

*(c)* deur enige ander persoon wat in die belang van die kind handel met verlof van die hof.

(6) Artikel 29 is van toepassing op ‘n aansoek ingevolge subartikel (2).

**35. Weiering van toegang of ontsegging om ouerlike regte en verantwoordelikhede uit te oefen.** —

(1) Enige persoon wat sorg of bewaring van ‘n kind het en wat in stryd met ‘n bevel van enige hof of met ‘n ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms wat in werking getree het soos in artikel 22(4) bedoel, ‘n ander persoon wat toegang tot daardie kind of ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van daardie kind ingevolge daardie bevel of ooreenkoms het, ontsê om sodanige toegang of sodanige regte en verantwoordelikhede uit te oefen of wat daardie persoon verhoed om sodanige toegang of sodanige regte en verantwoordelikhede uit te oefen is aan ‘n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met ‘n boete of met gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens een jaar.

(2) (*a*) ‘n Persoon wat sorg of bewaring van ‘n kind het waarvolgens ‘n ander persoon toegang tot daardie kind of ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van daardie kind het ingevolge ‘n bevel van enige hof of ‘n ouerlike regte en verantwoordelikhede ooreenkoms soos in subartikel (1) bedoel moet by enige verandering in sy of haar woonadres sodanige ander persoon onverwyld skriftelik in kennis stel van sodanige verandering.

(*b*) ‘n Persoon wat in gebreke bly om te voldoen aan paragraaf (a) is aan ‘n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met ‘n boete of met gevangnisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens een jaar.

*Deel 4*
*Diverse*

**36. Vermoede van vaderskap ten opsigte van kind buite-egtelik gebore.** — Indien daar in enige geregtelike verrigtinge waarin dit nodig is om te bewys dat enige spesifieke persoon die vader is van 'n kind wat buite-egtelik gebore is, bewys word dat daardie persoon geslagsverkeer gehad het met die moeder van die kind op enige tyd wanneer daardie kind verwek kon gewees het, word daardie persoon, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel wat redelike twyfel laat ontstaan, vermoed die biologiese vader van die kind te wees.

**37. Weiering om te onderwerp aan die neem van bloedmonsters** — Indien 'n party tot enige geregtelike verrigtinge waar die vaderskap van 'n kind in geskil geplaas is geweier het om homself of haarself of die kind te onderwerp aan die neem van 'n bloedmonster ten einde wetenskaplike toetse uit te voer betreffende die vaderskap van die kind moet die hof sodanige party waarsku oor die effek wat sodanige weiering kan hê op die geloofwaardigheid van daardie party.

**38. Gevolge van daaropvolgende huwelik van ouers op kind.** —

(1) 'n Kind gebore uit ouers wat met mekaar trou te enige tyd na die geboorte van die kind moet vir alle doeleindes beskou word as 'n kind gebore uit ouers wat getroud was ten tye van sy of haar geboorte.

(2) Subartikel (1) is van toepassing ondanks die feit dat die ouers nie wettig met mekaar kon trou ten tye van die verwekking of geboorte van die kind nie.

**39. Regte van kind gebore uit vernietigbare huwelik.** — (1) Die regte van 'n kind verwek of gebore uit 'n vernietigbare huwelik word nie geaffekteer deur die nietigverklaring van daardie huwelik nie.

(2) Geen vernietigbare huwelik mag nietig verklaar word totdat die relevante hof na die beveiliging van die regte en belange van 'n kind uit daardie huwelik ondersoek ingestel het en dit oorweeg het nie.

(3) Artikel 6 van die Wet op Egskeiding en artikel 4 van die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede is, met die nodige veranderings deur die konteks vereis, van toepassing ten opsigte van sodanige kind asof die betrokke verrigtinge, verrigtinge in 'n egskeidingsaksie was en die nietigverklaring van die huwelik die toestaan van 'n egskeidingsbevel was.

(4) Artikel 8(1) en (2) van die Wet op Egskeiding is, met die nodige veranderings deur die konteks vereis, van toepassing op die herroeping of wysiging van 'n egskeidingsbevel of 'n bevel met betrekking tot die sorg of voogdyskap van of kontak met 'n kind of die opskorting van 'n onderhoudsbevel of 'n bevel met betrekking tot kontak met 'n kind gemaak ooreenkomstig subartikel 3.

(5) 'n Verwysing in enige wet —

*(a)* na 'n onderhoudsbevel of 'n bevel met betrekking tot die toesig en beheer of voogdyskap oor, of toegang tot 'n kind ingevolge die Wet op Egskeiding moet gekonstrueer word as ook 'n verwysing na 'n onderhoudsbevel of 'n bevel met betrekking tot die toesig en beheer of voogdyskap oor, of toegang tot 'n kind ingevolge daardie Wet soos toegepas deur subartikel (2);

*(b)* na die herroeping, opskorting of wysiging van sodanige bevel ingevolge die Wet op Egskeiding moet gekonstrueer word as ook 'n verwysing na die herroeping, opskorting of wysiging van sodanige bevel ingevolge daardie Wet soos toegepas deur subartikel (4).

(6) Vir doeleindes van hierdie Wet word die vader van 'n kind verwek uit 'n vernietigbare huwelik, waar sodanige huwelik nietig verklaar is, geag in dieselfde posisie te wees as die vader van 'n kind wat van die moeder van daardie kind geskei is.

**40. Regte van kind deur kunsmatige bevrugting verwek.**— (1) (*a*) Wanneer ookal die gameet of gamete van enige persoon anders as 'n getroude persoon of sy of haar gade gebruik is met die toestemming van beide gades vir kunsmatige bevrugting van een gade moet enige kind gebore uit daardie gade as gevolg van sodanige kunsmatige bevrugting vir alle doeleindes geag word 'n kind van daardie gades te wees asof die gameet of gamete van daardie gades gebruik is vir sodanige kunsmatige bevrugting.

(*b*) Vir doeleindes van paragraaf (a) word daar vermoed, totdat die teendeel bewys is, dat beide gades die relevante toestemming gegee het.

(2) Behoudens artikel 296, wanneer ookal die gameet of gamete van enige persoon gebruik is vir die kunsmatige bevrugting van 'n vrou word enige kind gebore van daardie vrou as gevolg van sodanige kunsmatige bevrugting vir alle doeleindes geag die kind van daardie vrou te wees.

(3) Behoudens artikel 296 ontstaan geen reg, verantwoordelikheid, plig of verpligting tussen 'n kind gebore van 'n vrou as gevolg van kunsmatige bevrugting en enige persoon wie se gameet of gamete gebruik is vir sodanige kunsmatige bevrugting of bloedverwante van daardie persoon nie, behalwe wanneer —

*(a)* daardie persoon die vrou is wat geboorte geskenk het aan daardie kind; of

*(b)* daardie persoon die eggenoot was van sodanige vrou ten tye van sodanige kunsmatige bevrugting.

**41. Toegang tot biografiese en mediese inligting betreffende genetiese ouers.** — (1) 'n Kind gebore as gevolg van kunsmatige bevrugting of surrogasie of die voog van sodanige kind is geregtig daarop om toegang te hê tot —

*(a)* enige mediese inligting aangaande daardie kind se genetiese ouers; en

*(b)* enige ander inligting aangaande daardie kind se genetiese ouers, maar nie voordat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik nie.

(2) Inligting openbaar ingevolge subartikle (1) mag nie die identiteit van die persoon wie se gameet of gamete gebruik is vir sodanige kunsmatige bevrugting of die identiteit van die surrogaat moeder openbaar nie.

(3) Die Direkteur-Generaal: Gesondheid of enige ander persoon by regulasie gespesifiseer kan vereis dat persoon berading ontvang voordat enige inligting openbaar word ingevolge subartikel (1).

## HOOFSTUK 4
## KINDERHOWE

### *Deel 1*
### *Instelling, status en jurisdiksie*

**42. Kinderhowe en voorsittende beamptes.** — (1) Vir doeleindes van hierdie Wet is elke magistraatshof soos gedefinieer in die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944) 'n kinderhof en het jurisdiksie oor enige aangeleentheid wat voortspruit uit die toepassing van hierdie Wet vir die jurisdiksiegebied van die hof.

(2) Elke landdros is 'n voorsittende beampte van 'n kinderhof en elke addisonele landdros is 'n assistent voorsittende beampte van 'n kinderhof vir die distrik waarvan hy 'n landdros, addisonele landdros of assistent landdros is.

(3) Vir doeleindes van hierdie Wet kan die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling na konsultasie met die hoof van 'n administratiewe streek gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944) 'n landdros of 'n addisionele landdros aanstel as 'n toegewyde voorsittende beampte van die kinderhof binne bestaande hulpbronne.

(4) Die voorsittende beampte van die kinderhof is onderhewig aan die administratiewe kontrole van die hoof van 'n administratiewe streek gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944).

(5) Die voorsittende beampte van die kinderhof verrig sodanige funksies as wat aan hom of haar opgedra word kragtens hierdie Wet of enige ander wet.

(6) Vir doeleindes daarvan om volle uitwerking aan hierdie Wet te gee kan landdroste of addisionele landdroste aangewys word as voorsittende beamptes vir een of meer kinderhowe.

(7) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan, na konsultasie met die hoof van 'n administratiewe streek, by kennisgewing in die *Staatskoerant* die jurisdiksiegebied van elke kinderhof definieer en die jurisdiksiegebied van elke kinderhof in die relevante administratiewe streek vergroot of verklein.

(8) Die kinderhof verhore word sover moontlik gehou in 'n kamer wat —

(a) gemeubileer en ontwerp is op 'n wyse wat daarop gerig is om kinders op hul gemak te stel;

(b) bevorderlik is tot die informaliteit van die verrigtinge en die aktiewe deelneming van alle persone betrokke by die verrigtinge sonder om die aansien van die hof in gevaar te stel;

(c) nie normaalweg gebruik word vir die beregting van strafverhore nie; en

(d) toeganklik is vir gebreklike persone en persone met spesiale behoeftes.

(9) 'n Kinderhof hou sitting by 'n plek binne die distrik of provinsie deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling aangewys as 'n landdroshof.

(10) Die publisering van 'n kennisgewing bedoel in subartikel (7) raak nie verrigtinge wat ingestel is maar nog nie voltooi is ten tyde van sodanige publikasie nie.

**43. Status** -— 'n Kinderhof is 'n hof van rekord en het 'n status soortgelyk aan dié van 'n landdroshof op distrik vlak.

**44. Geografiese jurisdiksiegebied van kinderhof** — (1)Die kinderhof wat jurisdiksie het in 'n spesifieke aangeleentheid is –

(a) die hof van die area waarin die kind betrokke by die aangeleentheid gewoonlik woonagtig is; of

(b) indien meer as een kind betrokke is by die aangeleentheid, die hof van die area waarin enige van daardie kinders gewoonlik woonagtig is.

(2) Waar dit onduidelik is watter hof jurisdiksie het in 'n spesifieke aangeleentheid, het die kinderhof waarvoor die kind gebring is jurisdiksie in die aangeleentheid.

**45. Aangeleenthede wat kinderhof mag bereg.**
— (1) Behoudens artikel 1(4) kan 'n kinderhof enige aangeleentheid bereg wat –

(a) die beskerming en welsyn van ‘n kind;

(b) die versorging van, of kontak met ‘n kind;

(c) vaderskap van ‘n kind;

(d) onderhoud van ‘n kind;

(e) die voorsien van –

(i) vroeë kinderjare ontwikkelingsdienste; of
(ii) voorkoming van vroeë ingrypingsdienste;

(f) mishandeling, misbruik, verwaarlosing, vernedering of eksploitasie van ‘n kind, behalwe kriminele vervolgings in hierdie opsig;

(g) die tydelike veilige sorg van ‘n kind;

(h) alternatiewe sorg van ‘n kind;

(i) die aanneming van ‘n kind, insluitende ‘n interstaatlike aanneming;

(j) ‘n kinder en jeug sorgsentrum, ‘n gedeeltelike versorgingsfasiliteit of ‘n skuiling of inloop sentrum, of enige ander fasiliteit wat voorgee ‘n versorgingsfasiliteit vir kinders te wees; of

(k) enige ander aangeleentheid met betrekking tot die versorging, beskerming of welsyn van ‘n kind in hierdie Wet voor voorsiening gemaak,

behels.

(2) ‘n Kinderhof —

(a) kan ‘n persoon verhoor of skuldig bevind vir nie-nakoming van ‘n bevel van ‘n kinderhof of minagting van sodanige hof;

(b) mag nie ‘n persoon verhoor of skuldig bevind ten opsigte van ‘n kriminele aanklag anders as ingevolge paragraaf (a) nie; en

(c) is gebonde deur die reg soos van toepassing op landdroshowe wanneer kriminele jurisdiksie uitgeoefen word ingevolge paragraaf (a).

(3) Hangende die instelling van familiehowe deur ‘n Parlementswet het die Hoë Hof en egskeidingshowe uitsluitlike jurisdiksie oor die volgende aangeleenthede in hierdie Wet bedoel:

(a) Die voogdyskap van ‘n kind;

(b) die opdra, uitoefening, uitbreiding, inperking, opskorting of beëindiging van voogdyskap ten opsigte van 'n kind;

(c) kunsmatige bevrugting;

(d) die vertrek, verwydering of abduksie van 'n kind vanaf die Republiek;

(e) aansoeke wat die terugkeer van 'n kind vanaf die buiteland na die Republiek vereis;

(f) die meerderjarigheidsouderdom of die kontraktuele- of handelingsbevoegdheid van 'n kind;

(g) die beveiliging van 'n kind se belang in eiendom; en

(h) surrogaat moederskap.

(4) Niks in hierdie Wet sal uigelê word asof dit die inherente jurisdiksie van die Hoë Hof as oppervoog van alle kinders beperk nie.

**46. Bevele wat kinderhof kan maak.** — (1) 'n Kinderhof kan die volgende bevele maak:

(a) 'n Alternatiewe sorg bevel wat 'n bevel insluit wat 'n kind –
(i) in die sorg van 'n persoon wat deur die hof aangewys is om die pleegouer van die kind te wees;
(ii) in die sorg van 'n kinder- en jeug sorg sentrum; of
(iii) in tydelike veiligheidsorg,
plaas;

(b) 'n bevel wat 'n kind in 'n kinderaangevoerde huishouding in die sorg van die kind wat aan die hoof van die huishouding staan plaas onder die toesig van 'n volwasse persoon deur die hof aangestel;

(c) 'n aannemingsbevel wat 'n interstaatlike aannemingsbevel insluit;

(d) 'n gedeeltelike sorg bevel wat die ouer of versorger van die kind gelas om reëlings te tref met 'n gedeeltelike sorg fasiliteit om die kind te versorg gedurende spesifieke ure van die dag of nag of vir 'n spesifieke periode;

(e) 'n gedeelde versorgingsbevel wat verskillende versorgers of kinder- en jeug sorgsentrums gelas om verantwoordelikheid te neem vir die versorging van die kind op verskillende tye of periodes;

(f) 'n toesigbevel wat 'n kind of die ouer of versorger van 'n kind of beide die kind en die ouer of versorger onder die toesig van 'n maatskaplike werker of ander persoon deur die hof aangestel plaas;

(g) ‘n bevel wat ‘n kind, ‘n ouer of versorger van ‘n kind of enige persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van ‘n kind onderwerp aan -
  (i) vroeë ingrypingsdienste;
  (ii) ‘n gesinsbewaringsprogram; of
  (iii) beide vroeë ingrypingsdienste en ‘n gesingsbewaringsprogram;

(h) ‘n kinderbeskermingsbevel insluitende ‘n bevel —
  (i) dat ‘n kind in die sorg van ‘n persoon bly, daarvan vrygestel word of terugkeer onderhewig aan die voorwaardes deur die hof opgelê;
  (ii) wat toestemming gee tot mediese behandeling van of tot die uitvoering van ‘n operasie op ‘n kind;
  (iii) wat ‘n ouer of versorger van ‘n kind gelas om professionele berading te ondergaan of om deel te neem aan mediasie, in familie groep byeenkoms of ander toepaslike probleem oplossingsforum;
  (iv) wat ‘n kind of ander persoon betrokke by die aangeleentheid betreffende die kind gelas om deel te neem in ‘n professionele waardering;
  (v) wat ‘n hospitaal gelas om ‘n kind wat op redelike gronde vermoed word onderworpe te gewees het aan misbruik of opsetlike verwaarlosing terug te hou hangende verdere ondersoek;
  (vi) wat ‘n persoon gelas om ‘n gespesifiseerde vaardigheidsontwikkeling, opleiding, behandeling of rehabilitasieprogram te ondergaan waar dit nodig is vir die beskerming of welsyn van ‘n kind;
  (vii) wat ‘n persoon wat vesuim het om ‘n statutêre verpligting teenoor ‘n kind uit te voer gelas om voor die hof te verskyn en redes te gee vir die versuim;
  (viii) wat ‘n staatsorgaan gelas om ‘n kind behulpsaam te wees in die verkryging van toegang tot ‘n openbare diens waarop die kind geregtig is en om by versuim om daaraan te voldoen voor die hof te verskyn deur middel van ‘n verteenwoordige en redes te gee vir die versuim;
  (ix) wat gelas dat ‘n persoon verwyder moet word vanaf ‘n kind se woning;
  (x) wat toegang van ‘n persoon tot ‘n kind beperk of ‘n persoon verbied om ‘n kind te kontak; of
  (xi) wat ‘n persoon toelaat om ‘n kind te kontak op die voorwaardes in die hofbevel gespesifiseer;

(i) ‘n kontribusie order ingevolge hierdie Wet;

(j) ‘n bevel wat ‘n persoon gelas om ‘n ondersoek uit te voer ingevolge artikel 50;

(k) enige ander bevel wat ‘n kinderhof mag maak ingevolge enige bepaling van hierdie Wet.

(2) ‘n Kinderhof kan ‘n bevel ingevolge subartikel (1) gemaak herroep, opskort of wysig of sodanige bevel vervang met ‘n nuwe bevel.

**47. Verwysing van kinders deur ander hof vir ondersoek. —**
(1) Indien dit vir enige hof tydens die verloop van die verrigtinge blyk dat 'n kind betrokke by of geaffekteer deur daardie verrigtinge 'n behoefte het aan versorging en beskerming soos in artikel 150 bedoel, beveel die hof dat die vraag of die kind 'n behoefte het aan versorging en beskerming verwys word na 'n aangewysde maatskaplike werker vir ondersoek in artikel 155(2) bedoel.

(2) Indien gedurende die verloop van enige verrigtinge ingevolge die Administrasie Wysigingswet, 1929 (Wet No. 9 van 1929), die Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953 (Wet No. 37 van 1953); die Wet op Egskeiding, die Wet op Onderhoud, die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998), of die Wet op Erkenning van Gebruilike Huwelike, 1998 (Wet No. 120 van 1998) die hof die opinie vorm dat 'n kind van enige van die partye tot die verrigtinge misbruik of verwaarloos is -

(a) kan die hof die verrigtinge opskort hangende 'n ondersoek in artikel 155(2) bedoel na die vraag of die kind 'n behoefte het aan versorging en beskerming; en

(b) moet die hof die Direkteur van Openbare Vervolging versoek om aandag te gee aan die bewerings van misbruik en verwaarlosing.

(3) 'n Hof wat 'n bevel uitvaardig ingevolge subartikel (1) of (2) kan ook beveel dat die kind in tydelike veilige sorg geplaas word indien dit vir die hof blyk dat dit nodig is vir die veiligheid en welsyn van die kind.

**48. Addisionele Magte. —** (1) 'n Kinderhof kan bykomend tot tot die bevele wat dit gemagtig is om te maak ingevolge hierdie Wet —

(a) interdikte en addisionele regshulp met betrekking tot enige aangeleentheid bedoel in artikel 45(1) toestaan;

(b) enige van sy bevele verleng, herroep, opskort, wysig of kontroleer;

(c) tydsgrense met betrekking tot enige van sy bevele voorskryf of wysig;

(d) 'n toepaslike bevel maak aangaande koste in aangeleenthede voor die hof; en

(e) die verwydering van 'n persoon uit die hof beveel nadat die redes vir die verwydering op die hofrekord aangeteken is.

(2) 'n Kinderhof kan vir doeleindes van hierdie Wet op die voorgeskrewe wyse die ouderdom van 'n persoon wat voorkom 'n kind te wees skat.

**49. Leke-forum verhore. —** (1) 'n Kinderhof kan, voordat dit 'n aangeleentheid of 'n geskilpunt in 'n aangeleentheid beslis, 'n leke-forum verhoor beveel in 'n poging om die aangeleentheid of geskilpunt buite die hof te skik, welke leke-forum —

(a) mediasie deur 'n gesinsadvokaat, maatskaplike werker, maatskaplike werk professioneel of ander gepaste gekwalifiseerde persoon;

(b) 'n familie groep konferensie in artikel 70 bedoel; of

(c) mediasie in artikel 71 bedoel,

kan insluit.

(2) Voordat die hof 'n leke-forum verhoor beveel moet die hof alle relevante faktore in ag neem, insluitende —

(a) die kwetsbaarheid van die kind;

(b) die bevoegdheid van die kind om deel te neem aan die verrigtinge;

(c) die magsverhoudings binne die gesin; en

(d) die aard van enige bewerings deur die partye in die aangeleentheid gemaak.

**50. Ondersoeke.** — (1) Behoudens artikel 155(9) kan 'n kinderhof voordat dit 'n aangeleentheid beslis enige persoon beveel –

(a) om 'n ondersoek of verdere ondersoek uit te voer wat die hof behulpsaam kan wees in die beslissing van die aangeleentheid; en

(b) om die hof te voorsien van 'n verslag en aanbeveling daarop.

(2) 'n Ondersoek of verdere ondersoek moet uitgevoer word —

(a) ooreenkomstig enige voorgeskrewe prosedures; en

(b) onderhewig aan enige voorskrifte en voorwaardes in die hofbevel vasgestel.

(3) Die hofbevel kan 'n aangewese maatskaplike werker of enige ander persoon deur die hof daartoe gemagtig, magtig om die ondersoek of verdere ondersoek uit te voer, om enige perseel in die hofbevel genoem of alleen of in die teenwoordigheid van 'n polisiebeampte binne te gaan en op daardie perseel —

(a) ingevolge artikels 47 en 151 'n kind te verwyder;

(b) die omstandighede van die kind te ondersoek;

(c) enige inligting aan te teken; en

(d) enige spesifieke opdrag van die hof uit te voer.

(4) Bykomend tot die magte van 'n polisiebeampte ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), kan die polisiebeampte wat die aangewese maatskaplike werker of ander persoon daartoe gemagtig om die ondersoek of verdere ondersoek uit te voer vergesel —

(a) die perseel in die hofbevel gemeld binnegaan en deursoek;

(b) enige persoon ondervra;

(c) die naam, adres en identifiseringsbesonderhede van enige persoon op of wat woonagtig is op of vermoed word woonagtig te wees op daardie perseel versoek;

(d) enige persoon vanaf die kind se woning of plek van normale verblyf op die wyse in artikel 153 bedoel verwyder indien die polisiebeampte 'n redelike vermoede het dat die persoon –
(i) die kind leed aangedoen het; of
(ii) waarskynlik die kind leed sal aandoen indien die persoon nie sodanig verwyder word nie;

(e) enige inligting aanteken; en

(f) enige spesifieke opdrag van die hof uitvoer.

(5) 'n Polisiebeampte in subartikel (4) bedoel kan sodanige geweld gebruik as wat redelik nodig mag wees om enige teenstand teen die binnegaan of deursoeking van die perseel soos in subartikel 4(a) bedoel te oorkom, insluitende die breek van enige deur of venster van sodanige perseel: Op voorwaarde dat sodanige polisiebeampte eers hoorbaar toegang tot die perseel moet vereis en moet kennis gee van die doel waarvoor hy of sy sodanige perseel wil binnegaan.

**51. Appèle.** — (1) Enige party betrokke by 'n aangeleentheid voor 'n kinderhof kan tot die Hoë Hof wat jurisdiksie het appelleer teen enige bevel gemaak of weiering om 'n bevel te maak of teen die wysiging, opskorting of intrekking van sodanige bevel van die hof.

(2) Behoudens artikel 45(2)(c) moet 'n appèl ingevolge subartikel (1) aangeteken en voortgesit word asof dit 'n appèl teen 'n siviele uitspraak van 'n landdroshof is.

*Deel 2*
*Hofverrigtinge*

**52. Reëls en hofverrigtinge.** — (1) Behalwe soos andersins in hierdie Wet bepaal, is die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944) en die reëls gemaak ingevolge daarvan, sowel as die reëls gemaak kragtens die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), met die nodige veranderinge deur die konteks vereis, van toepassing op die kinderhof in soverre hierdie bepalings betrekking het op —

(a) die uitreiking en betekening van prosesstukke;

(b) die verskyning in die hof van advokate en prokureurs;

(c) die uitvoering van hofbevele;

(d) minagting van die hof; en

(e) boetes vir —
(i) nie-nakoming van hofbevele;
(ii) verhindering van die uitvoering van uitsprake; en
(iii) minagting van die hof.

(2) Reëls gemaak ingevolge subartikel (1) moet ontwerp word om opponerende prosedures te vermy en sluit reëls in betreffende —

(a) geskikte ondervragingstegnieke vir —
(i) kinders in die algemeen;
(ii) kinders met intellektuele of sielkundige probleme of met gehoor of ander fisiese gebreke wat kommunikasie kompliseer;
(iii) getraumatiseerde kinders; en
(iv) baie jong kinders; en

(b) die gebruik van na behore gekwalifiseerde opgeleide tolke.

**53. Wie mag hof nader.** — (1) Behalwe waar anders in hierdie Wet bepaal kan enige persoon in hierdie artikel gelys 'n aangeleentheid wat binne die jurisdiksie van 'n kinderhof val na die klerk van die kinderhof bring vir verwysing na 'n kinderhof.

(2) Die persone wat 'n hof mag nader is:

(a) 'n Kind wat affekteer is deur of betrokke is by die aangeleentheid wat bereg staan te word;

(b) enigiemand wat in die belang van die kind optree;

(c) enigiemand wat optree ten behoewe van 'n kind wat nie kan optree in sy of haar eie naam nie;

(d) enigiemand wat optree as 'n lid van, of in die belang van 'n groep of klas van kinders; en

(e) enigiemand wat optree in die openbare belang.

**54. Regsverteenwoordiging.** — 'n Persoon wat 'n party is tot 'n aangeleentheid voor 'n kinderhof is geregtig om 'n regspraktisyn van sy of haar eie keuse aan te stel teen sy of haar eie koste.

**55. Regsverteenwoordiging van kinders.** — (1) Waar 'n kind wat betrokke is by 'n aangeleentheid voor die kinderhof nie verteenwoordig is deur 'n regsverteenwoordiger nie, en die hof van mening is dat dit in die beste belange van die kind sal wees om regsverteenwoordiging te hê, moet die hof die aangeleentheid na die

Reghulpraad in artikel 2 van die Wet op Regshulp, 1969 (Wet No. 22 van 1969) bedoel verwys.

(2) Die Raad hanteer 'n aangeleentheid in subartikel (1) bedoel ooreenkomstig artikel 3B van daardie Wet saamgelees met die veranderinge deur die konteks vereis.

**56. Bywoning van verrigtinge.** — Verrigtinge van 'n kinderhof is geslote en mag alleenlik bygewoon word deur —

(a) 'n persoon wat amptelike pligte uitvoer met betrekking tot die werk van die hof of wie se teenwoordigheid andersins nodig is vir doeleindes van die verrigtinge;

(b) die kind betrokke by die aangeleentheid voor die hof en enige ander party tot die aangeleentheid;

(c) 'n persoon wat ingevolge artikel 57 deur die klerk van die kinderhof opdrag gegee is om daardie verrigtinge by te woon;

(d) die regsverteenwoordiger van 'n persoon wat geregtig is op regsverteenwoordiging;

(e) 'n persoon wat toestemming verkry het van die voorsittende beampte van die kinderhof om teenwoordig te wees; en

(f) die aangewese maatskaplike werker wat die saak hanteer.

**57. Verpligte bywoning van persone betrokke by verrigtinge.** — (1) Die klerk van die kinderhof kan deur skriftelike kennisgewing op die voorgeskrewe wyse 'n party in 'n aangeleentheid voor 'n kinderhof, 'n familielid van 'n kind betrokke in die aangeleentheid of 'n persoon wat 'n ander belang het by die aangeleentheid het versoek om die verrigtinge van die kinderhof by te woon.

(2) Die persoon in wie se fisiese beheer die kind is moet verseker dat die kind daardie verrigtinge bywoon, behalwe indien die klerk van die kinderhof of die hof anders gelas.

**58. Regte van persone om getuienis aan te voer, getuies te ondervra en om argument aan te voer.** — Die volgende persone het die reg om getuienis aan te voer in 'n aangeleentheid voor 'n kinderhof en, met die toestemming van die voorsittende beampte van die kinderhof, om 'n getuie te ondervra of te kruisvra of om die hof in betoog toe te spreek:

(a) 'n kind betrokke by die aangeleentheid;

(b) 'n ouer van die kind;

(c) 'n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van die kind;

(d) 'n versorger van die kind;

(e) 'n persoon wie se regte aangetas kan word deur 'n bevel wat deur die hof gemaak mag word in daardie verrigtinge; en

(f) 'n persoon wie die hof beslis het 'n voldoende belang in die aangeleentheid het.

**59. Getuies.** — (1) Die klerk van die kinderhof moet op versoek van —

(a) die voorsittende beampte in die aangeleentheid;

(b) die kind of 'n persoon wie se regte aangetas mag word deur 'n bevel wat deur die hof gemaak mag word in daardie verrigtinge;

(c) die regsverteenwoordiger van 'n persoon bedoel in paragraaf (b),

op die voorgeskrewe wyse 'n persoon dagvaar om te verskyn as 'n getuie in 'n aangeleentheid voor die hof om getuienis te lewer of om 'n boek, dokument of ander geskrewe instrument voor te lê.

(2) 'n Dagvaarding bedoel in subartikel (1) moet op die getuie bedien word asof dit 'n dagvaarding is om getuienis te lewer of om 'n boek, dokument of ander geskrewe instrument voor te lê by 'n strafverhoor in 'n landdroshof.

(3) Artikels 188 en 189 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), gelees met sodanige veranderinge as wat die konteks mag vereis, is van toepassing op 'n persoon wat gedagvaar is ingevolge subartikel (1) of wat deur die voorsittende beampte vereis is om getuienis te lewer.

(4) 'n Persoon wat gedagvaar is ingevolge subartikel (1)(a) en wie voldoen het aan die dagvaarding is geregtig op 'n toelaag uit staatsfondse gelykstaande aan dié vasgestel vir getuies wat gedagvaar is om in strafsake in 'n landdroshof te verskyn.

(5) 'n Persoon wat gedagvaar is ingevolge subartikel (1)(b) of (c) is nie geregtig op 'n toelaag uit staatsfondse nie, behalwe indien die voorsittende beampte so beveel.

**60. Voer van verrigtinge.** — (1) Die voorsittende beampte in 'n aangeleentheid voor 'n kinderhof beheer die voer van die verrigtinge en kan —

(a) enige persoon roep om getuienis te lewer of om 'n boek, dokument of ander geskrewe instrument voor te lê;

(b) daardie persoon ondervra of kruisvra; of

(c) tot die mate wat dit nodig is om enige feitelike dispuut wat direk relevant is in die aangeleentheid op te los, toelaat dat daardie persoon ondervra of geskruisvra word deur –

(i) die kind betrokke by die aangeleentheid;
(ii) die ouer van die kind;
(iii) 'n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van die kind;
(iv) 'n versorger van die kind;
(v) 'n persoon wie se regte aangetas mag word deur 'n bevel wat deur die hof gemaak mag word in daardie verrigtinge; of
(vi) die regsverteenwoordiger van 'n persoon wat geregtig is op 'n regsverteenwoordiger in daardie verrigtinge.

(2) Indien 'n kind teenwoordig is by die verrigtinge kan die hof beveel dat enige persoon teenwoordig in die vertrek waar die verrigtinge plaasvind die vertrek verlaat indien sodanige bevel in die beste belang van daardie kind sal wees.

(3) Kinderhof verrigtinge moet op 'n informele wyse en, sover moontlik, in 'n ontspanne en nie-opponerende atmosfeer gevoer word wat bevorderlik is tot die verkryging van die samewerking van elkeen wat betrokke is by die verrigtinge.

**61. Deelneming van kinders.** — (1) Die voorsittende beampte in 'n aangeleentheid voor 'n kinderhof moet —

(a) 'n kind wat betrokke is by die aangeleentheid toelaat om 'n sienswyse en voorkeur in die aangeleentheid weer te gee indien die hof bevind dat die kind, gegewe die kind se ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling en enige spesiale behoeftes wat die kind mag hê, in staat is om deel te neem aan die verrigtinge en die kind verkies om dit te doen;

(b) die redes notuleer indien die hof bevind dat die kind nie in staat is om deel te neem aan die verrigtinge nie, of onwillig is om 'n sienswyse of voorkeur weer te gee in die aangeleentheid; en

(c) tussenbeide tree by die ondervraging of kruisondervraging van 'n kind indien die hof bevind dat dit in die beste belange van die kind sal wees.

(2) 'n Kind wat 'n party of 'n getuie is in 'n aangeleentheid voor 'n kinderhof moet ondervra word deur 'n tussenganger soos bepaal in artikel 170A van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) indien die hof bevind dat dit in die beste belange van daardie kind sal wees.

(3) Die hof —

(a) kan by die aanvang of te enige tyd gedurende die verrigtinge beveel dat die aangeleentheid of enige geskilpunt in die aangeleentheid apart en in die afwesigheid van die kind afgehandel word indien dit in die beste belange van die kind is; en

(b) moet die redes vir enige bevel ingevolge paragraaf (a) notuleer.

**62. Professionele verslae deur hof beveel.** — (1) ‘n Kinderhof kan, indien nodig vir doeleindes van die beslissing van ‘n aangeleentheid voor die hof of enige geskilpunt in die aangeleentheid, beveel dat ‘n aangewese maatskaplike werker, gesinsadvokaat, sielkundige, mediese praktisyn of ander gepaste gekwalifiseerde persoon ‘n ondersoek moet uitvoer om die omstandighede van —

(a) die kind;

(b) die ouers of ‘n ouer van die kind;

(c) ‘n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opisgte van die kind het;

(d) ‘n versorger van die kind;

(e) die persoon onder wie se beheer die kind is; of

(f) enige ander relevante persoon,

vas te stel.

(2) ‘n Persoon in subartikel (1) bedoel kan, behoudens artikel 63(1) en (2) —

(a) bykomende getuienis of verslae verkry van ander gepaste gekwalifiseerde persone;

(b) deur die hof van vereis word om die bevindinge van die ondersoek aan die hof voorte lê deur —
(i) getuienis af te lê voor die hof ; of
(ii) ‘n geskrewe verslag aan die hof voor te lê.

**63. Getuienis.** — (1) ‘n Geskrewe verslag wat voorgee deur ‘n mediese praktisyn, sielkundige, gesinsadvokaat, aangewese maatskaplike werker of ander gepaste gekwalifiseerde persoon saamgestel te wees wie oënskynlik volgens die verslag ‘n gesaghebbende opinie ten opsigte van ‘n kind of die omstandighede van ‘n kind betrokke by ‘n aangeleentheid voor die kinderhof, of ten opsigte van ‘n ander persoon betrokke by die aangeleentheid of die omstandighede van sodanige ander persoon, gevorm het, is onderhewig aan die beslissing van die voorsittende beampte, by blote voorlegging aan die kinderhof wat die aangeleentheid verhoor toelaatbaar as getuienis van die feite in die verslag genoem.

(2) Die geskrewe verslag in subartikel (1) bedoel word aan die kinderhof voorgelê binne die voorgeskrewe tydperk voor die datum van die verhoor van die aangeleentheid.

(3) Indien ‘n persoon se regte benadeel word deur ‘n verslag in subartikel (1) bedoel moet die hof —

(a) die relevante dele van die verslag openbaar aan daardie persoon binne die voorgeskrewe tydperk voor die datum van

die verhoor van die aangeleentheid indien daardie persoon 'n party is tot die verrigtinge; en

(b) aan daardie persoon die geleentheid bied —
(i) om die outeur van die verslag te ondervra of te kruisondervra in verband met 'n aangeleentheid wat uit die verslag voortspruit;
(ii) om enige stellig in die verslag vervat te weerlê.

**64. Verdagings.** — (1) Die verrigtinge van 'n kinderhof kan alleenlik verdaag word —

(a) waar goeie gronde aangevoer word met inagneming van die beste belange van die kind;

(b) vir 'n periode van nie meer as 30 dae op 'n slag nie.

(2) 'n Voorsittende beampte van 'n kinderhof kan enige persoon daarvan verskoon om te verskyn by verdagingsverrigtinge.

**65. Monitering van hofbevele.** — (1) 'n Kinderhof kan —

(a) nakoming van 'n bevel deur die hof gemaak in 'n aangeleentheid; of

(b) die omstandighede van 'n kind in navolging van 'n bevel deur die hof gemaak,

monitor.

(2) Vir doeleindes van die monitering van nakoming van 'n bevel deur 'n kinderhof gemaak of die omstandighede van 'n kind in navolging van 'n bevel, kan die hof —

(a) wanneer daardie bevel gemaak word —
(i) enige persoon betrokke by die aangeleentheid beveel om voor die hof te verskyn op enige toekomstige datum; of
(ii) beveel dat verslae deur 'n aangewese maatskaplike werker voorgelê word aan die hof binne 'n spesifieke tydperk of van tyd tot tyd soos gespesifiseer in die bevel;

(b) te enige tyd nadat 'n bevel gemaak is of wanneer 'n verslag van nie-nakoming in subartikel (4) bedoel na die hof verwys word, 'n persoon betrokke by die aangeleentheid roep of terugroep om voor die hof te verskyn.

(3) Wanneer 'n persoon ingevolge subartikel (2) voor die hof verskyn kan die hof —

(a) ondersoek instel daarna of die bevel nagekom is of nagekom word en indien nie, waarom die bevel nie nakom is of nagekom word nie;

(b) die bevel bevestig, wysig of intrek; of

(c) indien nodig nakoming van die bevel afdwing deur 'n kriminele vervolging in 'n landdroshof of ingevolge artikel 45(2).

(4) Enige persoon kan enige beweerde nie-nakoming van 'n bevel van 'n kinderhof, of enige beweerde agteruitgang van 'n kind se omstandighede in navolging van 'n hofbevel aanmeld by die klerk van die kinderhof wat die aangeleentheid moet verwys na 'n voorsittende beampte vir 'n beslissing oor moontlike toekomstige optrede.

**66. Beskerming van rekords van hofsaak.** — Behoudens die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) het geen persoon toegang tot saakrekords van die kinderhof nie, behalwe —

(a) vir die doel van uitoefening van amptelike pligte ingevolge hierdie Wet;

(b) ingevolge 'n hofbevel indien die hof bevind dat sodanige toegang nie die beste belange van die kind in gevaar sal stel nie;

(c) vir die doel van 'n hersiening of appèl; of

(d) vir die doel van *bona fide* navorsing of die rapportering van sake in hofverslae, mits die bepalings van artikel 74 nagekom word.

**67. Aanstelling of aanwysing van klerke van kinderhowe.** — (1) Onderhewig aan die wette wat die staatsdiens beheer kan die Direkteur-Generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling vir elke kinderhof een of meer beamptes in die Department aanstel of aanwys, of een of meer persone op die voorgeskrewe wyse en op die voorgeskrewe voorwaardes aanstel as klerke van die kinderhof wat die hof waartoe hulle verbind is in die algemeen moet bystaan in die uitoefening van sy funksies en wat die funksies soos voorgeskryf mag wees in hierdie Wet of by wyse van regulasie of in enige ander wet moet uitoefen.

(2) Indien 'n klerk van die kinderhof vir enige rede nie in staat is om as sodanig te handel nie of indien geen klerk van die kinderhof aangestel of aangewys is vir enige kinderhof kragtens subartikel (1) nie, kan die voorsittende beampte van die kinderhof enige bevoegde beampte in die Departement aanwys om, na gelang van omstandighede, waar te neem as 'n klerk van die kinderhof vir so lank as wat die gemelde klerk van die kinderhof nie in staat is om te handel nie of totdat 'n klerk van die kinderhof aangestel of aangewys is kragtens subartikel (1).

(3) Vir doeleindes daarvan om volle werking aan hierdie Wet te gee kan persone aangestel of aangewys word as klerk van die kinderhof vir een of meer kinderhowe.

**68. Verwysing van aangeleenthede deur klerk van kinderhof.** — Indien dit onder die aandag van die klerk van die kinderhof kom dat 'n kind

‘n behoefte mag hê vir versorging en beskerming moet die klerk die aangeleentheid na ‘n aangewese maatskaplike werker verwys vir ondersoek ingevolge artikel 155(2).

*Deel 3*
*Voor-verhoor konferensies, familie groep konferensies, ander leke-forums en skikking van aangeleenthede buite die hof.*

**69. Voor-verhoor konferensies.—** (1) Indien ‘n aangeleentheid wat na ‘n kinderhof gebring of verwys is betwis word kan die hof beveel dat ‘n voor-verhoor konferensie gehou word met die partye wat betrokke is by die aangeleentheid ten einde —

(a) as bemiddelaar op te tree tussen die partye;

(b) dispute tussen die partye sover moontlik te besleg;

(c) die geskilpunte wat deur die hof aangehoor moet word te definieer.

(2) Voor-verhoor konferensies mag nie gehou word in die geval van ‘n aangeleentheid wat beweerde misbruik of seksuele misbruik van ‘n kind behels nie.

(3) Die kind wat betrokke is by die aangeleentheid kan die konferensie bywoon en daaraan deelneem behalwe as die kinderhof anders besluit.

(4) Die hof kan

(a) voorskyf hoe en deur wie die konferensie ingestel moet word, hoe dit gevoer moet word en deur wie dit bygewoon moet word;

(b) die wyse waarop ‘n notule gehou word van enige ooreenkoms of skikking tussen die partye bereik en enige feit voortspruitend uit sodanige konferensie wat onder die aandag van die hof gebring behoort te word voorskryf; en

(c) die verslag oor die konferensie oorweeg wanneer die aangeleentheid aangehoor word.

**70. Familie groep konferensies.** — (1) Die kinderhof kan bewerkstellig dat ‘n familie groep konferensie opgestel word met die partye betrokke by ‘n aangeleentheid wat na ‘n kinderhof gebring of verwys is, insluitende enige ander familielede van die kind, ten einde oplossings te vind vir enige probleem wat die kind behels.

(2) Die kinderhof moet —

(a) ‘n gepaste gekwalifiseerde persoon of organisasie aanstel om die familie groep konferensie te fasiliteer;

(b) die wyse waarop ‘n notule gehou word van enige ooreenkoms of skikking tussen die partye bereik en enige

feit voortspruitend uit sodanige konferensie wat onder die aandag van die hof gebring behoort te word voorskryf;

(c) die verslag oor die konferensie oorweeg wanneer die aangeleentheid aangehoor word.

**71. Ander leke-forums.** — (1) Die kinderhof kan, waar omstandighede dit toelaat, 'n aangeleentheid wat na 'n kinderhof gebring of verwys is, verwys na enige geskikte leke-forum, insluitende 'n tradisionele gesag, in 'n poging om die aangeleentheid te besleg by wyse van mediasie buite die hof.

(2) Leke-forums mag nie gehou word in die geval van 'n aangeleentheid wat beweerde misbruik of seksuele misbruik van 'n kind behels nie.

(3) Die kinderhof kan —

(a) die wyse waarop 'n notule gehou word van enige ooreenkoms of skikking tussen die partye bereik en enige feit voortspruitend uit sodanige konferensie wat onder die aandag van die hof gebring behoort te word voorskryf; en

(b) 'n verslag oor die konferensie oorweeg wanneer die aangeleentheid aangehoor word.

**72. Skikking van aangeleenthede buite die hof.** — Indien 'n aangeleentheid buite die hof geskik word en die skikking aanvaar word deur alle partye betrokke by die aangeleentheid, moet die klerk van die kinderhof die skikking voorlê aan die kinderhof vir bevestiging of afkeuring.

(2) Die hof moet die skikking oorweeg en as dit in die beste belange van die kind is kan die hof —

(a) die skikking bevestig en dit 'n bevel van die hof maak;

(b) voordat dit die aangeleentheid beslis, die skikking terugverwys na die partye vir heroorweging van enige spesifieke geskilpunte; of

(c) die skikking afkeur.

**73. Ander funksies.** — Die klerk van die kinderhof kan elke kinderhof verhoor bywoon.

*Deel 4*
*Diverse aangeleenthede*

**74. Publikasie van inligting aangaande verrigtinge.** — Geen persoon kan sonder die toestemming van 'n hof enige inligting aangaande die verrigtinge van 'n kinderhof wat die naam of identiteit van 'n kind wat 'n party of 'n getuie in die verrigtinge is bekend maak of bekend mag maak op enige wyse publiseer nie.

**75. Regulasies.** — (1) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan, na konsultasie met die Minister, regulasies uitvaardig betreffende —

(a) die prosedures wat gevolg moet word by of in verband met die verrigtinge van kinderhowe en die bevoegdhede, verpligtinge en funksies van die klerke van die kinderhof in soverre dit betrekking het op die verrigtinge van kinderhowe;

(b) die vorm van enige aansoek, magtiging, sertifikaat, toestemming, kennisgewing, bevel, proses, register of dagvaarding wat gemaak, gegee, uitgevaardig of gehou word;

(c) die uitvoering en monitering van ondersoeke ingevolge artikel 50(2), prosedures wat sodanige ondersoeke reguleer en die inwinning van getuienis;

(d) die hou van voor-verhoor konferensies ingevolge artikel 69, prosedures wat sodanige konferensies reguleer en inligting wat voorgelê moet word aan 'n kinderhof;

(e) die hou en monitering van familie groep konferensies of ander leke-forums ingevolge artikels 70 en 71, prosedures wat sodanige konferensies en ander leke-forums reguleer en inligting wat voorgelê moet word aan 'n kinderhof;

(f) die kwalifikasies en ondervinding van persone wat familie groep konferensies fasiliteer, insluitende spesiale vereistes wat van toepassing is op persone wat fasiliteer in aangeleenthede wat die beweerde misbruik van kinders behels;

(g) dokumente in verband met aangeleenthede wat na 'n kinderhof gebring word en notules van die verrigtinge van kinderhowe, insluitende regulasies wat —
  (i) die persoon deur wie, die tydperk waarvoor en die wyse waarop daardie dokumente en notules gehou moet word; en
  (ii) toegang tot daardie dokumente en notules,

  bepaal;

(h) die hou van notules met betrekking tot aangeleenthede wat na die kinderhof gebring en deur die kinderhof hanteer is;

(i) die voorlegging van hof statistieke en vorderingsverslae oor daardie aangeleenthede aan die Landdrostekommissie kragtens artikel 2 van die Wet op Landdroste, 1993 (Wet No. 90 van 1993) ingestel;

(j) die betaling van besoldiging aan persone wat nie in die diens van die Staat is soos bedoel in artikels 49, 50, 62, 69, 70 en 71 nie; en

(k) enige ander aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word.

(2) Artikel 306(2) en (3), saamgelees met sodanige veranderings as wat die konteks mag vereis, is van toepassing op die uitvaardiging van regulasies ingevolge subartikel (1).

**HOOFSTUK 5**
**OUERLIKE SORG**

76 tot 90 ingeslote. ...

**HOOFSTUK 6**
**VROEË KINDERJARE ONTWIKKELING**

91 tot 103 ingeslote. ...

**HOOFSTUK 7**
**BESKERMING VAN KINDERS**

*Deel1*
*Kinderbeskermingsisteem*

104 tot 110 ingeslote. ...

*Deel 2*
*Nasionale Kinderbeskermingsregister*

**111. Hou van Nasionale Kinderbeskermingsregister.** — (1) Die Direkteur-Generaal moet 'n register wat die Nasionale Kinderbeskermingsregister genoem word hou en in stand hou.

(2) Die Nasionale Kinderbeskermingsregister bestaan uit 'n Deel A en 'n Deel B.

**112. Vertroulikheid van Nasionale Kinderbeskermingsregister.** — (1) Alle dele van die Register moet vetroulik gehou word en inligting in die Register mag alleenlik openbaar gemaak word en toegang daartoe verkry word soos in hierdie Wet voor voorsiening gemaak.

(2) Die Direkteur-Generaal moet gepaste stappe neem —

(a) om die inligting in die Register te beskerm; en

(b) om, indien die Register in elektroniese formaat gehou word, die Register te beveilig teen ongemagtigde indringing.

*Deel A van Register*

**113. Doel van Deel A van Register.** — Die doel van Deel A van die Register is —

(a) om 'n rekord te hê van misbruik of doelbewuste verwaarlosing wat 'n spesifieke kind aangedoen is;

(b) om 'n rekord te hê van omstandighede wat die misbruik of doelbewuste verwaarlosing wat kinders in paragraaf (a) bedoel aangedoen word, omring.

(c) om die inligting in die Register te gebruik ten einde hierdie kinders te beskerm teen verdere misbruik of verwaarlosing;

(d) om sake en dienste aan sodanige kinders te monitor;

(e) om inligting te deel tussen professionele wat deel van die kinderbeskermingsplan is;'

(f) om patrone en tendense van misbruik of doelbewuste verwaarlosing van kinders te bepaal; en

(g) om die inligting in die Register te gebruik vir beplanning en begrotingsdoeleindes om die misbruik en doelbewuste verwaarlosing van kinders te voorkom en om kinders op 'n nasionale, provinsiale en munisipale vlak te beskerm.

**114. Inhoud van Deel A van Register.** — (1) Deel A van die Register moet 'n rekord wees van —

(a) alle verslae van misbruik of doelbewuste verwaarlosing van 'n kind aan die Direkteur-Generaal gemaak ingevolge hierdie Wet;

(b) alle skuldigbevindings van alle persone op aanklagtes wat die misbruik of doelbewuste verwaarlosing van 'n kind behels;

(c) alle beslissings deur 'n kinderhof dat 'n kind versorging en beskerming benodig as gevolg van misbruik of doelbewuste verwaarlosing van die kind.

(2) Deel A van die Register moet —

(a) in die geval van gerapporteerde voorvalle in subartikel (1)(a) bedoel —
(i) die volle name, van, fisiese adres en identiteitsnommer van die kind;
(ii) die ouderdom en geslag van die kind;
(iii) of die kind 'n gebrek het en indien wel, die aard van die gebrek;
(iv) of die kind aan 'n chroniese siekte ly en indien wel, die aard van die chroniese siekte;
(v) die aard en 'n kort beskrywing van die insident, insluitende die plek en datum van die insident;
(vi) die volle name, van, fisiese adres en identiteitsnommer van die ouers of versorger van die kind; en
(vii) die naam en fisiese adres van die instansie, kinder- en jeug sorgsentrum, gedeeltelike sorg fasiliteit of skuiling of inloop-sentrum, indien die insident by sodanige plek plaasgevind het;

(b) in die geval van 'n skuldigbevinding in subartikel (1)(b) bedoel —
  (i) die volle name, van, fisiese adres en identiteitsnommer van die kind;
  (ii) die ouderdom en geslag van die kind;
  (iii) of die kind 'n gebrek het en indien wel, die aard van die gebrek;
  (iv) of die kind aan 'n chroniese siekte ly en indien wel, die aard van die chroniese siekte;
  (v) die volle name, van, fisiese adres, identiteitsnommer en nering van die persoon wat skuldig bevind is;
  (vi) die aard en 'n kort beskrywing van die aanklag en skuldigbevinding, insluitende die plek en datum van die insident waarvan die persoon aangekla is; en
  (vii) besonderhede van die verhouding tussen die persoon wat skuldig bevind is en die kind;

(c) in die geval van 'n beslissing deur 'n kinderhof in subartikel (1)(c) bedoel —
  (i) die volle name, van, fisiese adres en identiteitsnommer van die kind;
  (ii) die ouderdom en geslag van die kind;
  (iii) of die kind 'n gebrek het en indien wel, die aard van die gebrek;
  (iv) of die kind aan 'n chroniese siekte ly en indien wel, die aard van die chroniese siekte;
  (v) 'n kort opsomming van die hof se redes vir sy beslissing dat die kind 'n behoefte het aan versorging en beskerming;
  (vi) inligting oor die uitslag van die hof se beslissing oor die kind;
  (vii) die volle name, van, fisiese adres en identiteitsnommer van die ouers of versorger van die kind; en
  (viii) 'n kort opsomming van die dienste gelewer aan die kind wat bevind is 'n behoefte aan versorging te hê; en

(d) enige ander voorgeskrewe inligting,

reflekteer.

**115. Toegang tot Deel A van Register.** — Alleenlik die Direkteur-Generaal en beamptes van die Department deur die Direkteur-Generaal aangewys het toegang tot Deel A van die Register, maar die Direkteur-Generaal kan, op sodanige voorwaardes as wat die Direkteur-Generaal mag vasstel, toegang toelaat aan —

(a) 'n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling, of 'n beampte van 'n provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling deur die hoof van daardie departement aangewys vir doeleindes daarvan om sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet te verrig;

(b) aangewese kinderbeskermingsorganisasies;

(c) ‘n lid van die eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens getaak met kinderbeskerming; of

(d) enige ander persoon vir doeleindes daarvan om navorsing te doen oor kindermisbruik of doelbewuste verwaarlosing of aanverwante kwessies, op voorwaarde dat die volle name, van, fisiese adres en identiteitsnommer van die kind uitgesluit moet word.

**116. Openbaarmaking van inligting in Deel A van Register.**
— (1) Geen persoon mag enige inligting in Deel A van die Register bekend maak nie behalwe —

(a) vir doeleindes daarvan om die belange, veiligheid of welsyn van ‘n spesifieke kind te beskerm;

(b) binne die omvang van daardie persoon se bevoegdhede en verpligtinge ingevolge hierdie Wet of enige ander wetgewing;

(c) vir doeleindes daarvan om ‘n ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens te fasiliteer na aanleiding van ‘n kriminele aanklag wat misbruik of doelbewuste verwaarlosing van ‘n spesifieke kind behels;

(d) aan ‘n persoon in artikel 117 bedoel by skriftelike versoek deur sodanige persoon; of

(e) wanneer deur ‘n hof beveel is om dit te doen.

(2) Die algemene reël met betrekking tot die bekendmaking van inligting in Deel A van die Register is dat dit in die beste belange van van die kind moet wees, behalwe indien die inligting bekend gemaak word na aanleiding van ‘n navraag ingevolge artikel 117.

**117. Navrae oor inligting in Deel A van Register.**
— (1) Elkeen het die reg om by aanbieding en voldoende bewys van sy of haar identiteit, vas te stel of sy of haar naam in Deel A van die Register verskyn, en indien wel, die redes waarom sy of haar naam in die Register opgeneem is.

(2) Navrae ingevolge subartikel (1) moet aan die Direkteur-Generaal gerig word in die voorgeskrewe formaat op ‘n vertroulike basis.

(3) Die Direkteur-Generaal moet binne 21 werksdae skriftelik antwoord op sodanige navrae en aandui of die relevante persoon se naam in Deel A van die Register is.

*Deel B van Register*

**118. Doel van Deel B van Register.** — Die doel van Deel B van die Register is om ‘n rekord te hê van persone wat ongeskik is om met kinders te werk en om die inligting in die Register te gebruik ten einde kinders in die algemeen te beskerm teen misbruik deur hierdie persone.

**119. Inhoud van Deel B van Register.** — Deel B van die Register moet 'n rekord wees van persone wat ingevolge artikel 120 bevind is ongeskik te wees om met kinders te werk, en moet —

(a) die volle name, van, laaste bekende fisiese adres en identiteitsnommer van die persoon;

(b) die vingerafdrukke van die persoon, indien beskikbaar;

(c) 'n foto van die persoon, indien beskikbaar;

(d) 'n kort opsomming van die redes waarom die persoon ongeskik bevind is om met kinders te werk;

(e) in die geval van 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf teen 'n kind, besonderhede van die misdryf waaraan hy of sy skuldig bevind is, die straf opgelê, die datum van die skuldigbevinding en die saaknommer; en

(f) sodanige ander voorgeskrewe inligting,

reflekteer.

**120. Ongeskik bevinding van persone om met kinders te werk.** — (1) 'n Bevinding dat 'n persoon ongeskik is om met kinders te werk kan gemaak word deur —

(a) 'n kinderhof;

(b) enige ander hof in enige straf of siviele verrigtinge waarin daardie persoon betrokke is; of

(c) enige forum wat regtens ingestel of erken is in enige dissiplinêre verrigtinge betreffende die optrede van daardie persoon met betrekking tot 'n kind;

(2) 'n Bevinding ingevolge subartikel (1) kan gemaak word deur 'n hof of 'n forum in subartikel (1) bedoel uit eie beweging of by aansoek deur —

(a) 'n staatsorgaan betrokke by die implementering van hierdie Wet;

(b) 'n staatsaanklaer, indien die bevinding versoek word in straf-verrigtinge; of

(c) 'n persoon wat 'n voldoende belang het in die beskerming van kinders.

(3) Getuienis betreffende of 'n persoon ongeskik is om met kinders te werk kan deur die hof of forum aangehoor word tydens die verloop of by die einde van sy verrigtinge.

(4) In strafverrigtinge moet 'n persoon ongeskik bevind word om met kinders te werk —

(a) by skuldigbevinding aan moord, poging tot moord, verkragting, onsedelike aanranding of aanranding met die doel om ernstig te beseer met betrekking tot 'n kind; of

(b) indien 'n hof beslis en ingevolge artikel 77(6) of 78(6) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) gelas dat die persoon vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy of sy, sy of haar verdediging na behore kan voer nie of vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie strafregtelik toerekenbaar was vir die handeling wat moord, poging tot moord, verkragting, onsedelike aanranding of aanranding met die doel om ernstig te beseer met betrekking tot 'n kind uitgemaak het nie.

(5) Enige persoon wat skuldig bevind is aan moord, poging tot moord, verkragting, onsedelike aanranding of aanranding met die doel om ernstig te beseer met betrekking tot 'n kind gedurende die vyf jaar wat die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk voorafgaan, word geag ongeskik bevind te gewees het om met kinders te werk.

(6) 'n Bevinding ingevolge subartikel (1)(b) dat 'n persoon ongeskik is om met kinders te werk is nie afhanklik van 'n beslissing van skuldig of onskuldig in die strafverhoor van daardie persoon nie.

**121. Dispute aangaande bevindings.** — Die persoon ten opsigte van wie 'n bevinding ingevolge artikel 120 gemaak is kan —

(a) teen die bevinding appelleer na 'n hoër hof indien die bevinding gemaak is deur 'n hof; of

(b) die bevinding laat hersien deur 'n hof indien die bevinding gemaak is deur 'n forum bedoel in artikel 120(1)(c).

**122. Bevindings gerapporteer te word aan Direkteur-Generaal.** — (1) Die registrateur van die relevante hof of die relevante administratiewe forum of die persoon wat die aansoek gebring het, indien die bevinding op aansoek ingevolge artikel 120(2) gemaak is, moet die Direkteur-Generaal skriftelik in kennis stel —

(a) van enige bevinding ingevolge artikel 120 dat 'n persoon ongeskik is om met kinders te werk; en

(b) van enige appèl of hersiening deur die geaffekteerde persoon aangeteken.

(2) Die Direkteur-Generaal moet die naam van die persoon wat ongeskik bevind is om met kinders te werk soos in artikel 120 bedoel in Deel B van die Register aanteken ongeag daarvan of appèl verrigtinge ingestel is of nie.

(3) Indien 'n bevinding ingevolge artikel 120 dat 'n persoon ongeskik is om met kinders te werk ter syde gestel is na afloop van appèl- of hersieningsverrigtinge moet die Direkteur-Generaal onverwyld die naam van die persoon van die Register verwyder.

**123. Gevolge van insluiting van naam in Deel B van Register.** — (1) Geen persoon wie se naam in Deel B van die Register verskyn mag —

(a) ‘n instelling wat maatskaplike dienste aan kinders voorsien, insluitende ‘n kinder- en jeugsorgsentrum, ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit, ‘n skuiling of ‘n inloopsentrum, ‘n groep pleegsorg skema, ‘n skool, klub of vereniging wat dienste aan kinders voorsien bestuur of bedryf of deelneem of bystaan in die bestuur of bedryf daarvan;

(b) werk met of toegang hê tot kinders by ‘n instelling wat maatskaplike dienste aan kinders verskaf, insluitende ‘n kinder- en jeug sorgsentrum, ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit, ‘n skuiling of inloop sentrum, ‘n skool, klub of vereniging wat dienste aan kinders voorsien, of by implementering van ‘n groep pleegsorg skema as ‘n werknemer, vrywilliger of in enige ander kapasiteit nie;

(c) toegelaat word om die pleegouer of aannemende ouer van ‘n kind te word nie;

(d) werk in enige afdeling van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat getaak is met kinderbeskerming nie;

(e) in diens geneem word ingevolge die Wet op die Polisie-diens in ‘n posisie waar daardie persoon werk met of toegang het tot kinders nie;

(f) ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels in diens geneem word in ‘n posisie waar daardie persoon werk met of toegang het tot kinders nie;

(g) in enige ander vorm van indiensneming of aktiwiteite soos voorgeskryf mag word werk nie.

(2) Geen persoon wat ‘n instelling wat maatskaplike dienste aan kinders voorsien, insluitende ‘n kinder- en jeug sorgsentrum, ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit, ‘n skuiling of inloop sentrum of ‘n skool bestuur of bedryf of wat deelneem of bystand verleen in die bestuur of bedryf daarvan mag ‘n persoon wie se naam in Deel B van die Register verskyn toelaat om te werk met of toegang te hê tot kinders as ‘n werknemer, vrywilliger of in enige ander kapasiteit by die sentrum, fasiliteit, skuiling of skool nie.

(3) Geen aangewese kinderbeskermingsorganisasie mag ‘n persoon wie se naam in Deel B van die Register verskyn toelaat om ten behoewe van die kinderbeskermingsorganisasie te werk met of toegang te hê tot kinders as ‘n werknemer, vrywilliger of in enige ander kapasiteit nie.

(4) Die Suid-Afrikaanse Polisiediens mag nie ‘n persoon wie se naam in Deel B van die Register verskyn toelaat om te werk in ‘n eenheid van die Diens wat getaak is met kinderbeskerming nie.

(5) Die hoof van 'n staatsdepartement mag nie toelaat dat 'n persoon wie se naam in Deel B van die Register verskyn aangestel word in 'n posisie waar daardie persoon werk met of toegang het tot kinders nie.

(6) Die munisipale raad van 'n munisipaliteit mag nie toelaat dat 'n persoon wie se naam in Deel B van die Register verskyn in diens geneem word in 'n posisie waar daardie persoon werk met of toegang het tot kinders nie.

**124. Openbaarmaking van insluiting van naam in Deel B van Register.** — (1) Indien die naam van 'n persoon ingesluit word in Deel B van die Register en daardie persoon —

(a) werk met of toegang het tot kinders by 'n instelling wat maatskaplike dienste verskaf aan kinders, insluitende 'n kinder- en jeug sorgsentrum, 'n gedeeltelike sorg fasiliteit, 'n skuiling of inloop sentrum of 'n skool as 'n werknemer, vrywilliger of in enige ander kapasiteit, moet daardie persoon daardie feit openbaar maak aan die persoon wat die instelling, sentrum, fasiliteit, skuiling of skool bestuur;

(b) werk met of toegang het tot kinders ten behoewe van 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie as 'n werknemer, vrywilliger of in enige ander kapasiteit, moet daardie persoon daardie feit aan die organisasie openbaar maak;

(c) werk in 'n eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens getaak met kinderbeskerming, moet daardie persoon daardie feit openbaar maak aan die Suid-Afrikaanse Polisie-diens;

(d) in diens geneem is ingevolge die Staatsdienswet in 'n posisie waar hy of sy werk met of toegang het tot kinders, moet daardie persoon daardie feit openbaar maak aan die hoof van die staatsdepartement waarin hy of sy in diens is; of

(e) ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels in diens geneem is in 'n posisie waar hy of sy werk met of toegang het tot kinders, moet daardie persoon daardie feit openbaar maak aan die munisipale raad van die betrokke munisipaliteit.

(2) 'n Persoon in subartikel (1) bedoel wat versuim om die feit dat sy of haar naam ingesluit is in Deel B van die Register openbaar te maak is skuldig aan wangedrag en sy of haar dienste kan beëindig word as gevolg daarvan.

**125. Toegang tot Deel B van Register.** — (1) Alleenlik die volgende persone tot toegang tot Deel B van die Register:

(a) die Direkteur-Generaal;

(b) beamptes in die Departement deur die Direkteur-Generaal aangewys;

(c) ‘n provinsiale hoof van maatskaplike onwikkeling;

(d) beamptes in die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling aangewys; en

(e) die bestuurder of persoon in beheer van ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie wat handel met pleegsorg en aanneming.

(2) Die Direkteur-Generaal kan, op sodanige voorwaardes as wat die Direkteur-Generaal mag vasstel, aan beamptes van ‘n provinsiale onderwys departement wat deur die hoof van daardie departement aangewys is, toegang tot Deel B van die Register toestaan vir die doel om artikel 123 te implementeer met betrekking tot skole onder die jurisdiksie van daardie departement.

**126. Vasstelling van inligting in Deel B van Register.**
— (1) Voordat ‘n persoon toegelaat word —

(a) om te werk met of toegang te hê tot kinders by ‘n instelling wat maatskaplike dienste aan kinders verskaf, insluitende ‘n kinder- en jeug sorgsentrum, ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit, ‘n skuiling of inloop sentrum of skool moet die persoon wat die instelling, sentrum, fasiliteit, skuiling of skool bestuur of bedryf vasstel of daardie persoon se naam in Deel B van die Register verskyn;

(b) om te werk met of toegang te hê tot kinders ten behoewe van ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie moet die organisasie vasstel of daardie persoon se naam in Deel B van die Register verskyn of nie;

(c) om te werk in ‘n eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie-diens getaak met kinderbeskerming moet die Diens vasstel of daardie persoon se naam in Deel B van die Register verskyn of nie;

(d) om ingevolge die Staatsdienswet in diens geneem te word in ‘n posisie waar hy of sy werk met of toegang het tot kinders, moet die hoof van die Staatsdepartement waarin hy of sy in diens geneem staan te word vasstel of daardie persoon se naam in Deel B van die Register verskyn of nie; of

(e) om ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels in diens geneem te word in ‘n posisie waar hy of sy werk met of toegang het tot kinders, moet die munisipale raad van daardie munisipaliteit vasstel of daardie persoon se naam in Deel B van die Register verskyn of nie.

(2) Binne 12 maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie hoofstuk —

(a) moet die persoon wat 'n instelling, sentrum, fasiliteit, skuiling of skool in subartikel (1)(a) bedoel bestuur of bedryf vasstel of die naam van enige persoon wat werk met of toegang het tot kinders by die instelling, sentrum, fasiliteit, skuiling of skool verskyn in Deel B van die Register;

(b) moet 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie in subartikel (1)(b) bedoel vasstel of die naam van enige persoon wat werk met of toegang het tot kinders ten behoewe van die organisasie in Deel B van die Register verskyn;

(c) moet die Suid-Afrikaanse Polisiediens vasstel of die naam van enige persoon wat in 'n eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens getaak met kinderbeskerming werk in Deel B van die Register verskyn;

(d) moet die hoof van elke staatsdepartement vasstel of die naam van enige persoon wat ingevolge die Staatsdienswet in diens geneem is in 'n posisie waar hy of sy werk met of toegang het tot kinders in Deel B van die Register verskyn; en

(e) moet die munisipale raad van elke munisipalitiet vasstel of die naam van enige persoon wat ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels in diens geneem is in 'n posisie waar hy of sy werk met of toegang het tot kinders in Deel B in die Register verskyn.

(3) Elkeen het die reg om, by aanbieding van voldoende bewys van sy of haar identitieit, vas te stel of sy of haar naam in Deel B van die Register verskyn, en indien wel, die redes waarom sy of haar naam in die Register opgeneem is.

(4) Navrae ingevolge subartikels (1), (2) of (3) moet skriftelik op 'n vertroulike basis aan die Direkteur-Generaal gerig word.

(5) In die geval van 'n navraag aan die Direkteur-Generaal gerig ingevolge —

(a) subartikel (1) moet die Direkteur-Generaal binne 21 werksdae skriftelik antwoord deur aan te dui of die persoon se naam in Deel B of C van die Register verskyn of nie;

(b) subartikel (2) moet die Direkteur-Generaal binne ses maande skriftelik antwoord deur aan te dui of die persoon se naam in Deel B van die Register verskyn of nie; en

(c) subartikel (3) moet die Direkteur-Generaal binne 21 werksdae skriftelik antwoord deur aan te dui of die persoon se naam in Deel B van die Register verskyn, en indien wel die redes aan te dui waarom sy of haar naam in die Register ingesluit is.

**127. Openbaarmaking van name in Deel B van Register verbied.**

— (1) Geen persoon mag die feit dat die naam van 'n bepaalde persoon in Deel B van die Register verskyn openbaar maak nie, behalwe —

(a) binne die omvang van daardie persoon se bevoegdhede en verpligtinge ingevolge hierdie Wet of enige ander wet;

(b) aan 'n liggaam in artikel 126(1) of (2) bedoel op skriftelike versoek deur sodanige persoon of instelling;

(c) aan 'n persoon in artikel 126(3) bedoel; of

(d) wanneer deur 'n hof beveel om dit te doen.

(2) Die algemene reël met betrekking tot die openbaarmaking van inligting in Deel B van die Register is dat dit in die beste belange van die kind moet wees, tensy die inligting openbaar gemaak word na aanleiding van 'n ondersoek ingevolge artikel 126.

(3) Die Direkteur-Generaal moet 'n persoon wat ongeskik bevind is om met kinders te werk daarvan in kennis stel wanneer daardie persoon se naam en besonderhede in Deel B van die Register ingesluit word.

**128. Verwydering van naam vanuit Register.** — (1) 'n Persoon wie se naam in Deel B van die Register verskyn kan ingevolge subartikel (2) aansoek doen vir die verwydering van sy of haar naam en enige inligting met betrekking tot daardie persoon vanuit die Register.

(2) 'n Aansoek vir die verwydering van 'n naam en besoderhede vanuit die Register kan gebring word —

(a) tot enige hof, insluitende 'n kinderhof;

(b) tot die Direkteur-Generaal, indien die insluiting foutiewelik gedoen is; of

(c) tot die Hoë Hof indien die Direkteur-Generaal 'n aansoek ingevolge paragraaf (b) weier.

(3) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) om 'n persoon se naam en besonderhede vanuit Deel B van die Register te verwyder op grond daarvan dat die geaffekteerde persoon gerehabiliteer is kan alleenlik gemaak word nadat ten minste vyf jaar verloop het sedert die inskrywing gemaak is en na oorweging van die voorgeskrewe kriteria.

(4) Die naam en besonderhede van 'n persoon wat meer as een keer skuldig bevind is aan 'n misdryf met betrekking tot 'n kind mag nie uit Deel B van die Register verwyder word nie.

*Deel B*
*Beskermde maatreëls aangaande gesondheid van kinders*

**129. Toestemming tot mediese behandeling en chirurgiese operasie.** (1) Behoudens artikel 5(2) van die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap, 1996 (Wet No. 92 van 1996), kan 'n kind onderwerp word aan mediese behandeling of 'n chirurgiese operasie

alleenlik indien toestemming vir sodanige behandeling of operasie gegee is ingevolge subartikel (2), (3), (4), (5), (6) of (7).

(2) ‘n Kind mag toestem tot sy of haar eie mediese behandeling of tot die mediese behandeling van sy of haar kind indien —

(a) die kind oor die ouderdom van 12 jaar is; en

(b) die kind volwasse genoeg is en die verstandelike kapasitiet het om die voordele, risiko’s, sosiale en ander implikasies van die behandeling te verstaan.

(3) ‘n Kind mag toestem tot die uitvoering van ‘n chirurgiese operasie op hom of haar of sy of haar kind indien —

(a) die kind oor die ouderdom van 12 jaar is; en

(b) die kind volwasse genoeg is en die verstandelike kapasiteit het om die voordele, risiko’s, sosiale en ander implikasies van ‘n chirurgiese operasie te verstaan; en

(c) die kind na behore bygestaan word deur sy of haar ouer of voog.

(4) Die ouer, voog of versorger van ‘n kind kan, behoudens artikel 31, toestem tot die mediese behandeling van die kind indien die kind —

(a) onder die ouderdom van 12 jaar is; of

(b) oor daardie ouderdom is maar nie volwasse genoeg is of nie in staat is om die voordele, risiko’s en sosiale impliksies van die behandeling te verstaan nie.

(5) Die ouer of voog van ‘n kind kan, behoudens artikel 31, toestem tot ‘n chirurgiese operasie op die kind indien die kind —

(a) onder die ouderdom van 12 jaar is; of

(b) oor daardie ouderdom is maar nie volwasse genoeg is of nie in staat is om die voordele, risiko’s en sosiale implikasies van die operasie te verstaan nie.

(6) Die superintendent van ‘n hospitaal of in sy afwesigheid die persoon in beheer van die hospitaal kan toestem tot die mediese behandeling van of ‘n chirurgiese operasie op ‘n kind indien —

(a) die behandeling of operasie noodsaaklik is om die kind se lewe te red of om die kind te red van ernstige of permanente fisiese besering of gebrek; en

(b) die behoefte aan die behandeling of operasie so dringend is dat dit nie uitgestel kan word vir die doel om die toestemming te verkry wat andersins vereis sou gewees het nie.

(7) Die Minister kan toestem tot die mediese behandeling van of chirurgiese operasie op 'n kind indien die ouer of voog van die kind —

(a) onredelike weier om toestemming te gee of om die kind by te staan in die gee van toestemming;

(b) nie in staat is om toestemming te gee of om die kind by te staan in die gee van toestemming nie;

(c) nie geredelik opgespoor kan word nie; of

(d) oorlede is.

(8) Die Minister kan toestemming gee tot die mediese behandeling van of chirurgiese operasie op 'n kind indien die kind onredelik weier om toestemming te gee.

(9) 'n Hoë Hof of kinderhof kan toestem tot die mediese behandeling van of 'n chirurgiese operasie op 'n kind in alle gevalle waar 'n ander persoon wat toestemming mag gee ingevolge hierdie artikel weier of nie in staat is om sodanige toestemming te gee nie.

(10) Geen ouer, voog of versorger van 'n kind mag weier om 'n kind by te staan ingevolge subartikel (3) of toestemming weerhou ingevolge subartikels (4) en (5), alleenlik weens godsdienstige of ander oortuigings nie, behalwe as daardie ouer of voog kan aandui dat daar 'n medies aanvaarbare alternatiewe keuse tot die betrokke mediese behandeling of chirurgiese operasie is.

**130. MIV-toetsing.—** (1) Behoudens artikel 132 mag geen kind getoets word vir MIV nie, behalwe wanneer —

(a) dit in die beste belange van die kind is en toestemming gegee is ingevolge subartikel (2); of

(b) die toets noodsaaklik is ten einde vas te stel of —
(i) 'n gesondheidswerker MIV mag opgedoen het weens kontak in die loop van 'n mediese prosedure wat kontak met enige substansie vanaf die kind se liggaam wat MIV kan oordra behels; of
(ii) enige ander persoon MIV mag opgedoen het weens kontak met enige substansie vanuit die kind se liggaam wat MIV kan oordra, mits die toets deur 'n hof gemagtig is.

(2) Toestemming vir 'n MIV-toets op 'n kind kan gegee word deur —

(a) die kind, indien die kind —
(i) 12 jaar oud of ouer is; of
(ii) onder die ouderdom van 12 jaar is en volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige toets te verstaan;

(b) die ouer of versorger, indien die kind onder die ouderdom van 12 jaar is en nie volwasse genoeg is om die voordele,

risiko's en sosiale implikasies van sodanige toets te verstaan nie;

(c) die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling, indien die kind onder die ouderdom van 12 jaar is en nie volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige toets te verstaan nie;

(d) 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie wat die plasing van die kind reël, indien die kind onder die ouderdom van 12 jaar is en nie volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige toets te verstaan nie;

(e) die superintendent of persoon in beheer van 'n hospitaal, indien —
(i) die kind onder die ouderdom van 12 jaar is en nie volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige toets te verstaan nie; en
(ii) die kind geen ouer of versorger het nie en daar geen aangewese kinderbeskermingsorganisasie is wat die plasing van die kind reël nie; of

(f) 'n kinderhof, indien —
(i) toestemming ingevolge paragraaf (a), (b), (c) of (d) onredelik weerhou word; of
(ii) die kind of die ouer of versorger van die kind nie in staat is om toestemming te gee nie.

**131. MIV-toetsing vir pleegsorg- of aannemingsdoeleindes.** — Indien MIV-toetsing van 'n kind gedoen word vir pleegsorg- of aannemingsdoeleindes moet die staat die koste van sodanige toetse betaal waar omstandighede dit toelaat.

**132. Berading voor en na MIV-toetsing.** — (1) 'n Kind kan alleenlik vir MIV getoets word na behoorlike berading deur 'n toepaslike opgeleide persoon van —

(a) die kind, indien die kind volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige toets te verstaan; en

(b) die kind se ouer of versorger indien die ouer of versorger kennis dra van die toets.

(2) Na-toets berading moet deur 'n toepaslike opgeleide persoon verskaf word aan —

(a) die kind, indien die kind volwasse genoeg is om die implikasies van die resultaat te verstaan; en

(b) die kind se ouer of versorger, indien die ouer of versorger kennis dra van die toets.

**133. Vertroulikheid van inligting oor MIV/VIGS – status van kinders.** — (1) Geen persoon mag die feit dat 'n kind MIV-positief is

openbaar maak sonder toestemming gegee ingevolge subartikel (2) nie, behalwe —

(a) binne die omvang van daardie persoon se bevoegdhede en verpligting ingevolge hierdie Wet of enige ander wet;

(b) wanneer nodig vir die doel om die bepalings van hierdie Wet uit te voer;

(c) vir die doel van geregtelike verrigtinge; of

(d) ingevolge 'n hofbevel.

(2) Toestemming om die feit dat 'n kind MIV-positief is openbaar te maak kan gegee word deur —

(a) die kind, indien die kind —
 (i) 12 jaar oud of ouer is; of
 (ii) onder die ouderdom van 12 jaar is en volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige openbaarmaking te verstaan;

(b) die ouer of versorger, indien die kind onder die ouderdom van 12 jaar is en nie volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige openbaarmaking te verstaan nie;

(c) 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie wat die plasing van die kind reël, indien die kind onder die ouderom van 12 jaar is en nie volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige openbaarmaking te verstaan nie.

(d) die superintendent of persoon in beheer van 'n hospitaal, indien —
 (i) die kind onder die ouderdom van 12 jaar is en nie volwasse genoeg is om die voordele, risiko's en sosiale implikasies van sodanige openbaarmaking te verstaan nie;
 (ii) die kind geen ouer of versorger het nie en daar geen aangewese kinderbeskermingsorganisasie is wat die plasing van die kind reël nie; of

(e) 'n kinderhof, indien —
 (i) toestemming ingevolge paragraaf (a), (b), (c) of (d) onredelik weerhou word en openbaarmaking in die beste belange van die kind is; of
 (ii) die kind of die ouer of versorger van die kind nie in staat is om toestemming te gee nie.

**134. Toegang tot voorbehoedmiddels.** — (1) Geen persoon mag weier —

(a) om kondome te verkoop aan 'n kind oor die ouderdom van 12 jaar nie; of

(b) om 'n kind oor die ouderdom van 12 jaar op versoek te voorsien van kondome waar sodanige kondome verniet versprei word nie.

(2) Voorbehoedmiddels anders as kondome kan versoek deur die kind en sonder die toestemming van die ouer of versorger van die kind aan die kind voorsien word indien —

(a) die kind ten minste 12 jaar oud is;

(b) behoorlike mediese advies aan die kind gegee word; en

(c) 'n mediese ondersoek uitgevoer word op die kind ten einde vas te stel of daar enige mediese redes is waarom 'n spesifieke voorbehoedmiddel nie aan die kind voorsien behoort te word nie.

(3) 'n Kind wat kondome, voorbehoedmiddels of voorbehoedende advies ingevolge hierdie Wet verkry is behoudens artikel 105 geregtig op vertroulikheid in hierdie opsig.

*Deel 4*
*Ander beskermende maatreëls*

135 tot 141 inklusief ...

**142. Regulasies.** — Die Minister kan ingevolge artikel 306 regulasies uitvaardig —

*(Paragrawe (a) tot (f) ingevoeg te word deur artikel 6 van Wet No. 41 van 2007.)*

(g) wat die wyse en formaat waarin die Nasionale Kinderbeskermingsregister ingestel en onderhou moet word voorskryf;

(h) wat kriteria voorskryf vir die bevinding dat sekere persone ongeskik is om met kinders te werk;

(i) wat die prosedure wat gevolg moet word en die tydperke waaraan voldoen moet word voorskryf wanneer 'n bevinding dat 'n persoon ongeskik is om met kinders te werk aan die Direkteur-Generaal gerapporteer word;

(j) wat kriteria voorskryf vir die assessering van aansoeke vir die verwydering van name van persone van Deel B van die Nasionale Kinderbeskermingsregister;

(k) wat enige ander aangeleentheid voorskryf wat nodig is om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer.

143 tot 149 inklusief.

## HOOFSTUK 9
## KIND WAT SORG EN BESKERMING BENODIG

*Deel 1*
*Identifisering van kind wat sorg en beskerming benodig*

**150. Kind wat sorg en beskerming benodig.** — (1) 'n Kind benodig sorg en beskerming indien die kind —

(a) verlaat of verwees is en sonder enige sigbare ondersteuningsmiddel is;

(b) gedrag openbaar wat nie deur die ouer of versorger beheer kan word nie;

(c) op die strate lewe en werk of bedel vir 'n lewe;

(d) verslaaf is aan 'n afhanklikheidsvormende stof en sonder enige ondersteuning is om behandeling te verkry vir sodanige afhanklikheid;

(e) geeksploiteer is of lewe in omstandighede wat die kind blootstel aan eksploitering;

(f) lewe in of blootgestel is aan omstandighede wat daardie kind se fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn ernstig kan benadeel;

(g) in gevaar mag wees, indien die kind terugbesorg word aan die toesig en beheer van die ouer, voog of versorger van die kind aangesien daar rede is om te glo dat hy of sy sal leef in of blootgestel sal word aan omstandighede wat die kind se fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn ernstig kan benadeel;

(h) in 'n staat van fisiese of geestelike verwaarlosing is; of

(i) mishandel, misbruik, doelbewus verwaarloos of verneder is deur 'n ouer, versorger, 'n persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het of 'n familielid van die kind of deur 'n persoon onder wie se beheer die kind is.

(2) 'n Kind wat in die volgende omstandighede gevind word mag 'n kind wees wat sorg en beskerming benodig en moet verwys word vir ondersoek deur 'n aangewese maatskaplike werker —

(a) 'n kind wat 'n slagoffer is van kinderarbied; en

(b) 'n kind in 'n kinderaangevoerde huishouding.

(3) Indien 'n maatskaplike werker na 'n ondersoek bevind dat 'n kind in subartikel (2) na verwys nie 'n kind is wat sorg en beskerming benodig soos in subartikel (1) bedoel nie, moet die maatskaplike werker waar nodig

maatreëls tref om die kind by te staan, insluitende berading, mediasie, voorkomings- en vroeë ingrypingsdienste, gesinsrekonstruksie en rehabilitering, gedragsverandering, probleemoplossing en verwysing na 'n ander paslik gekwalifiseerde persoon of organisasie.

**151. Verwydering van kind na tydelike veilige sorg deur hofbevel.** — (1) Indien op grond van getuienis onder eed of bevestiging afgelê deur enige persoon voor 'n voorsittende beampte dit blyk dat 'n kind wat in die gebied van die betrokke kinderhof woon sorg en beskerming benodig, moet die voorsittende beampte beveel dat die vraag of die kind sorg en beskerming benodig verwys moet word na 'n aangewese maatskaplike werker vir 'n ondersoek in artikel 155(2) bedoel.

(2) 'n Voorsittende beampte wat 'n bevel uitreik ingevolge subartikel(1) uitreik kan ook beveel dat die kind in tydelike veilige sorg geplaas word indien dit blyk dat dit noodsaaklik is vir die veiligheid en welsyn van die kind.

(3) Wanneer die vraag of die kind sorg en beskerming benodig verwys word ingevolge subartikel (1) of wanneer 'n bevel gemaak word ingevolge subartikel (2), kan die kinderhof enige van die funksies daaraan opgedra ingevolge artikel 50(1) tot (3) uitoefen.

(4) 'n Bevel uitgereik ingevolge subartikel (2) moet die kind in voldoende besonderhede identifiseer ten einde die bevel te kan uitvoer.

(5) 'n Persoon deur 'n hofbevel gemagtig kan alleen of vergesel van 'n polisie beampte —

(a) enige perseel in die bevel genoem binnegaan;
(b) die kind vanaf die perseel verwyder; en
(c) enige bevoegdheid in artikel 50(3)(a) tot (d) genoem op daardie perseel uitoefen.

(6) 'n Polisie beampte in subartikel (5) bedoel kan sodanige geweld as wat redelik nodig mag wees gebruik om enige teenstand teen die binnegaan van die perseel in subartikel (5)(a) bedoel te oorkom gebruik, insluitende die breek van enige deur of venster van sodanige perseel: Op voorwaarde dat die polisiebeampte eers hoorbaar toegang tot die perseel moet vereis en moet kennis gee van die doel waarvoor hy of sy die perseel wil binnegaan.

(7) Die persoon wat 'n kind verwyder het ingevolge die hofbevel moet—

(a) onverwyld, maar binne 24 uur die ouer, voog of versorger van die kind in kennis stel van die verwydering van die kind indien daardie persoon geredelik opgespoor kan word; en

(b) binne 24 uur die aangeleentheid verwys na 'n aangewese maatskaplike werker vir ondersoek ingevolge artikel 155(2); en

(c) die aangeleentheid rapporteer aan die relevante provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling.

(8) Die beste belange van die kind moet die bepalende faktor wees in enige besluit of 'n kind wat sorg en beskerming benodig verwyder moet word en in tydelike veilige sorg geplaas moet word, en vir hierdie doel moet alle relevante feite in ag geneem word, insluitende die veiligheid en welsyn van die kind as eerste prioriteit.

**152. Verwydering van kind na tydelike veilige sorg sonder hofbevel. —** (1) 'n Aangewese maatskaplike werker of 'n polisie beampte kan 'n kind verwyder en die kind in tydelike veilige sorg plaas sonder 'n hofbevel indien daar redelike gronde is om te glo —

(a) dat die kind —
  (i) sorg en beskerming benodig; en
  (ii) onmiddelike nood beskerming benodig;

(b) dat die vertraging deur die verkryging van 'n hofbevel vir die verwydering van die kind en die plasing van die kind in tydelike veilige sorg die kind se veiligheid en welsyn in gevaar kan stel;

(c) dat die verwydering van die kind vanaf sy of haar woon omgewing die beste manier is om daardie kind se veiligheid en welsyn te verseker.

(2) Indien 'n aangewese maatskaplike werker 'n kind vewyder en in tydelike veilige sorg geplaas het soos in subartikel (1) bedoel, moet die maatskaplike werker —

(a) onverwyld maar binne 24 uur die ouer, voog of versorger van die kind in kennis stel van die verwydering van die kind indien daardie persoon geredelik opgespoor kan word; en

(b) nie later nie as die volgende hofdag die relevante klerk van die kinderhof in kennis stel van die verwydering van die kind; en

(c) die aangeleentheid rapporteer aan die relevante provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling.

(3) Indien 'n polisiebeampte 'n kind verwyder en in tydelike veilige sorg geplaas het soos in subartikel (1) bedoel, moet die polisiebeampte —

(a) onverwyld maar binne 24 uur die ouer, voog of versorger van die kind in kennis stel van die verwydering van die kind indien daardie persoon geredelik opgespoor kan word; en

(b) die aangeleentheid verwys na 'n aangewese maatskaplike werker vir ondersoek soos in artikel 155(2) bedoel; en

(c) onverwyld maar binne 24 uur die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling in kennis stel van die verwydering van die kind en van die plek waar die kind geplaas is; en

(d) nie later nie as die volgende hofdag die relevante klerk van die kinderhof in kennis stel van die verwydering van die kind.

(4) Die beste belange van die kind moet die bepalende faktor wees in enige besluit of in kind wat sorg en beskerming benodig verwyder moet word en in tydelike veilige sorg geplaas moet word, en alle relevante feite moet vir hierdie doel in aanmerking geneem word, insluitende die moontlike verwydering van die beweerde oortreder vanuit die huis of plek waar die kind woon ingevolge artikel 153 met die veiligheid en welsyn van die kind as eerste prioriteit.

(5) Misbruik van ‘n bevoegdheid in subartikel (1) na verwys deur ‘n aangewese maatskaplike werker in die diens van ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie —

(a) maak onprofessionele of onbehoorlike gedrag uit soos bedoel in artikel 27(1)(b) van die Wet op Maatskaplike Diensberoepe, 1978 (Wet No. 110 van 1978) deur daardie maatskaplike werker; en

(b) is ‘n grond vir ‘n ondersoek na moontlike terugtrekking van daardie organisasie se aanwysing.

(6) Misbruik van ‘n bevoegdheid in subartikel (1) na verwys deur ‘n aangewese maatskaplike werker wat in diens geneem is ingevolge die Staatsdienswet of die Wet op Munisipale Stelsels maak onprofessionele of onbehoorlike gedrag uit soos bedoel in artikel 27(1)(b) van die Wet op Maatskaplike Diensberoepe, 1978 (Wet No. 110 van 1978) deur daardie maatskaplike werker.

(7) Misbruik van ‘n bevoegdheid in subartikel (1) na verwys deur ‘n polisie beampte maak gronde uit vir dissiplinêre verrigtinge teen sodanige polisie beampte soos bedoel in artikel 40 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995).

(8) Enige persoon wat ‘n kind verwyder moet voldoen aan die voorgeskrewe prosedure.

**153. Skriftelike kennisgewing aan beweerde oortreder.**
**—** (1) ‘n Polisie beampte aan wie ‘n verslag in artikel 105(1) of (2) bedoel of ‘n versoek in artikel 105(7) bedoel gemaak is kan, indien hy of sy oortuig is dat dit in die beste belange van die kind sal wees indien die beweerde oortreder vanuit die huis of plek waar die kind woonagtig is verwyder word, ‘n skriftelike kennisgewing uitreik wat —

(a) die name, van, woonadres, nering en status van die beweerde oortreder spesifiseer;

(b) ‘n beroep doen op die beweerde oortreder om die huis of plek waar die kind woonagtig is te verlaat en hom of haar daarvan te weerhou om sodanige huis of plek binne te gaan of om kontak met die kind te hê tot die verhoor in paragraaf c gespesifiseer;

(c) ‘n beroep doen op die beweerde oortreder om in ‘n kinderhof te verskyn by die plek en op die datum en tyd in die skriftelike kennisgewing gespesifiseer ten einde redes aan te voer waarom hy of sy nie permanent verbied behoort te word om die huis of plek waar die kind woonagtig is binne te gaan nie: Op voorwaarde dat die datum so gespesifiseer die eerste hofdag is na die dag waarop die kennisgewing uitgereik is; en

(d) ‘n sertifikaat deur die polisiebeampte onderteken bevat dat hy of sy die oorspronklike van sodanige skriftelike kennisgewing oorhandig het aan die beweerde oortreder en dat hy of sy aan die beweerde oortreder die belangrikheid daarvan verduidelik het.

(2) Die polisiebeampte moet onverwyld ‘n duplikaat oorspronklike van die skriftelike kennisgewing na die klerk van die kinderhof aanstuur.

(3) Die blote voorlegging aan die hof van die duplikaat oorspronklike in subartikel (2) bedoel is *prima facie* bewys van die uitreiking van die oorspronklike daarvan aan die beweerde oortreder en dat sodanige oorspronklike aan die oortreder oorhandig is.

(4) Die bepalings van artikel 55 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) is met die nodige veranderinge van toepassing op ‘n skriftelike kennisgewing aan ‘n beweerde oortreder ingevolge subartikel (1) oorhandig.

(5) ‘n Kinderhof waarvoor ‘n beweerde oortreder aan wie ‘n skriftelike kennisgewing ingevolge subartikel (1) uitgereik is, verskyn kan summier ondersoek instel na die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die uitreiking van die kennisgewing.

(6) Die hof kan nadat dit die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die uitreiking van die skriftelike kennisgewing oorweeg het en nadat dit die beweerde oortreder aangehoor het —

(a) ‘n bevel uitreik wat die beweerde oortreder verbied om die huis of plek waar die kind woonagtig is binne te gaan of om enige kontak met die kind te hê, of beide om sodanige huis of plek binne te gaan of om enige enige kontak met die kind te hê vir sodanige tydperk as wat die hof goeddink;

(b) beveel dat die beweerde oortreder die huis of plek waar die kind woonagtig is mag binnegaan of kontak met die kind mag hê op sodanige voorwaardes as wat sou verseker dat die beste belange van die kind gedien word;

(c) beveel dat die beweerde oortreder verantwoordelik sal wees vir die onderhoud van sy of haar gesin gedurende die periode in paragraaf (a) bedoel;

(d) die aangeleentheid verwys na ‘n aangewese maatskaplike werker vir ‘n ondersoek in artikel 155(2) bedoel; of

(e) sodanige ander bevel met betrekking tot die aangeleentheid maak as wat die hof goeddink.

(7) Misbruik van 'n bevoegdheid in subartikel (1) na verwys deur 'n polisiebeampte maak gronde uit vir dissiplinêre verrigtinge teen sodanige polisie beampte soos bedoel in artikel 40 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995).

**154. Ander kinders wat sorg en beskerming benodig. —**
Indien daar redelike gronde is om te glo dat 'n kind op dieselfde plek of op dieselfde perseel as 'n kind wat in tydelike veilige sorg geplaas is ingevolge artikel 47, 151 of 152 sorg en beskerming benodig kan die persoon onder wie se sorg die kind wat in tydelike veilige sorg geplaas is of die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling die kind verwys na 'n aangewese maatskaplike werker vir ondersoek bedoel in artikel 155(2).

*Deel 2*
*Kinderhof prosesse*

**155. Beslissing oor vraag of kind sorg en beskerming benodig. —** (1) 'n Kinderhof moet oor die vraag beslis of 'n kind wat die onderwerp was van verrigtinge ingevolge artikel 47, 151, 152 of 154 sorg en beskerming benodig.

(2) Voordat die kind voor die kinderhof gebring word moet 'n aangewese maatskaplike werker die aangeleentheid ondersoek en binne 90 dae 'n verslag op die voorgeskrewe wyse saamstel aangaande of die kind sorg en beskerming benodig.

(3) Die aangewese maatskaplike werker moet die aangeleentheid aan die relevante provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling rapporteer.

(4) (a) Indien die aangewese maatskaplike werker, na 'n ondersoek in subartikel (2) bedoel, bevind dat die kind nie sorg en beskerming benodig nie, moet hy of sy die redes vir die bevinding in die verslag aandui, wat aan die kinderhof vir hersiening voorgelê moet word.

(b) Die aangewese maatskaplike werker moet waar nodig in die verslag die maatreëls aandui wat aanbeveel is om die gesin by te staan, insluitende berading, mediasie, voorkomings- en vroeë ingrypingsdienste, familie rekonstruksie en rehabilitasie, gedragsmodifikasie, probleemoplossing en verwysing na 'n ander toepaslike gekwalifiseerde persoon of organisasie.

(5) Indien die aangewese maatskaplike werker na 'n ondersoek in subartikel (2) bedoel bevind dat die kind sorg en beskerming benodig, moet daardie kind voor die kinderhof gebring word.

(6) Die kinderhof wat die aangeleentheid aanhoor kan —

(a) die aangeleentheid uitstel vir 'n periode wat nie 14 dae op 'n keer te bowe gaan nie; en

(b) beveel dat hangende die beslissing van die aangeleentheid, die kind —
   (i) in tydelike veilige sorg moet bly by die plek waar die kind gehou word;
   (ii) na ‘n ander plek in tydelike veilige sorg oorgeplaas moet word;
   (iii) moet bly by die persoon onder wie se beheer die kind is;
   (iv) onder die beheer van ‘n familielid of ander bloedverwant van die kind geplaas moet word; of
   (v) in tydelike veilige bewaring geplaas moet word.

(7) Indien die hof bevind dat die kind sorg en beskerming benodig, kan die hof ‘n toepaslike bevel ingevolge artikel 156 maak.

(8) Indien die hof bevind dat die kind nie sorg en beskerming benodig nie —

(a) moet die hof ‘n bevel maak dat die kind, indien die kind in tydelike veilige sorg is, terug besorg word aan die persoon in wie se beheer die kind was voordat die kind in tydelike veilige sorg geplaas was;

(b) kan die hof ‘n bevel maak vir vroeë ingrypingsdienste ingevolge hierdie Wet; of

(c) moet die hof weier om ‘n bevel te maak indien die kind nie in tydelike veilige sorg is nie.

(9) Die hof moet wanneer dit die vraag of ‘n kind ‘n kind is wat sorg en beskerming benodig ingevolge subartikel (1), ag slaan op die verslag van die aangewese maatskaplike werker bedoel in subartikel (2).

**156. Bevele wanneer bevind word dat kind sorg en beskerming benodig.** — (1) Indien ‘n kinderhof bevind dat ‘n kind sorg en beskerming benodig kan die hof ‘n bevel maak wat in die beste belange van die kind is, wat ‘n bevel kan wees of ‘n bevel kan insluit —

(a) in artikel 46 bedoel;

(b) wat bevestig dat die persoon onder wie se beheer die kind is, beheer van die kind kan behou indien die hof bevind dat daardie persoon ‘n geskikte persoon is om voorsiening te maak vir die veiligheid en welsyn van die kind;

(c) dat die kind terug besorg moet word aan die persoon onder wie se beheer die kind was voordat die kind in tydelike veilige sorg geplaas is, indien die hof bevind dat daardie persoon ‘n geskikte persoon is om voorsiening te maak vir die veiligheid en welsyn van die kind;

(d) dat die persoon onder wie se sorg die kind was reëlings moet tref vir die kind om versorg te word in ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit op die onkoste van sodanige persoon, indien die hof bevind dat die kind sorg en beskerming benodig

aangesien die persoon onder wie se sorg die kind was 'n tekort aan tyd gehad het om vir die kind te sorg;

(e) indien die kind geen ouer of versorger het nie of 'n ouer of versorger het maar daardie persoon nie in staat is nie of ongeskik is om die kind te versorg, dat die kind —
  (i) in pleegsorg geplaas word by 'n pleegouer;
  (ii) in pleegsorg by 'n groep persone of 'n organisasie wat 'n groep pleegsorg skema bedryf geplaas word;
  (iii) in tydelike veilige sorg geplaas word hangende 'n aansoek vir en finalisering van die aanneming van die kind;
  (iv) in gedeelde sorg geplaas word waar verskillende versorgers of sentrums mekaar afwissel om verantwoordelikheid te neem vir die versorging van die kind op verskillende tye en periodes; of
  (v) geplaas word in 'n kinder- en jeug sorgsentrum aangewys ingevolge artikel 158 wat 'n huishoudelike versorgingsprogram geskik vir die kind se behoeftes verskaf;

(*Paragraaf (f) ingevoeg te word deur Artikel 9 van Wet No. 41 van 2007)*

(g) dat die kind geplaas word in 'n fasiliteit deur die hof aangewys wat bestuur word deur 'n staatsorgaan of geregistreer, erken of gemonitor word ingevolge enige wet, vir die versorging van kinders met gebreke of chroniese siektes, indien die hof bevind dat —
  (i) die kind ly aan 'n fisiese- of geestesgebrek of chroniese siekte; en
  (ii) dit in die beste belange van die kind is om in sodanige fasiliteit versorg te word;

(h) dat die kind in 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat ingevolge artikel 158 uitgekies is en wat 'n veilige versorgingsprogram, geskik vir die behoeftes van die kind, voorsien, geplaas word, indien die hof bevind —
  (i) dat die ouer of versorger nie die kind kan beheer nie; of
  (ii) dat die kind kriminele gedrag openbaar;

(i) dat die kind, indien nodig, op staatsonkoste toepaslike behandeling of bediening ontvang indien die hof bevind dat die kind mediese, sielkundige of ander behandeling of bediening benodig;

(j) dat die kind as 'n binnepasiënt of buitepasiënt opgeneem word by 'n toepaslike fasiliteit indien die hof bevind dat die kind behandeling vir verslawing aan 'n afhanklikheidsvormende substansie benodig; of

(k) wat 'n persoon belet om die kind te mishandel, misbruik, verwaarloos of te verneder of om enige kontak met die kind te hê, indien die hof bevind dat —

(i) die kind mishandel, misbruik, verwaarloos, of verneder word of was deur daardie persoon;
(ii) die verhouding tussen die kind en daardie persoon nadelig is vir die welsyn of veiligheid van die kind; of
(iii) die kind blootgestel word aan 'n substansiële risiko van naderende leed.

(2) Die hof wat 'n bevel in subartikel (1) bedoel maak kan beveel dat die betrokke kind in tydelike veilige sorg gehou word tot sodanige tyd as wat effek aan die hofgevel gegee kan word.

(3) 'n Bevel deur die hof gemaak ingevolge subartikel (1) —

(a) is onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die hof mag vasstel wat, in die geval van die plasing van 'n kind ingevolge subartikel (1)(e)(i), (ii), (iii), (iv) of (v) 'n voorwaarde kan insluit —
(i) wat die plasing van die kind onderhewig maak aan toesig dienste deur 'n aangewese maatskaplike werker of gemagtigde beampte;
(ii) wat die plasing van die kind onderhewig maak daaraan dat herenigingsdienste aan die kind en die kind se ouers, versorger of voog, wat die geval ookal mag wees, gelewer word deur 'n aangewese maatskaplike werker of gemagtigde beampte; of
(iii) wat van die persoon in wie se sorg die kind geplaas is vereis om saam te werk met die toesighoudende aangewese maatskaplike werker of gemagtige beampte of te voldoen aan enige vereiste deur die hof gestel, in gebreke waarvan die hof die plasing kan heroorweeg; en

(b) kan te enige tyd deur 'n kinderhof heroorweeg word en bevestig, teruggetrek of gewysig word soos van pas mag wees.

(4) Indien 'n hof bevind dat 'n kind nie sorg en beskerming benodig nie kan die hof diesnieteenstaande 'n bevel in subartikel (1) bedoel uitsluitende 'n plasingsbevel, ten opsigte van die kind uitreik.

**157. Hofbevel gerig te wees op versekering van stabiliteit in kind se lewe.** — (1) Voordat 'n kinderhof 'n bevel ingevolge artikel 156 maak vir die verwydering van die kind uit die sorg van die kind se ouer of versorger, moet die hof —

(a) 'n verslag deur 'n aangewese maatskaplike werker verkry en oorweeg oor die omstandighede van die kind se lewe, wat —
(i) 'n waardebepaling van die ontwikkelings, terapeutiese en ander behoeftes van die kind insluit;
(ii) besonderhede van gesinsbewaringsdienste wat oorweeg is of beproef is insluit; en
(iii) 'n gedokumenteerde permanensie plan wat die kind se ouderdom en ontwikkelingsbehoeftes in ag neem en gerig is daarop om stabiliteit in die kind se lewe te

bereik en wat die voorgeskrewe besonderhede bevat insluit; en

(b) die beste wyse om stabiliteit in die kind se lewe te verseker oorweeg, insluitende of sodanige stabiliteit verseker kan word deur —

(i) die kind in die sorg van die ouer of versorger te laat onder die toesig van 'n aangewese maatskaplike werker, met dien verstande dat die kind se veiligheid en welsyn eerste prioriteit moet wees;

(ii) die kind in alternatiewe sorg te plaas vir 'n beperkte periode om voorsiening te maak vir die hereniging van die kind en die ouer of versorger met die hulp van 'n aangewese maatskaplike werker;

(iii) die kind in alternatiewe sorg te plaas met of sonder die beëindiging van ouerlike regte en verantwoordelikhede van die ouer of versorger;

(iv) die kind beskikbaar te stel vir aanneming; of

(v) instruksies uit te reik oor die evaluasie van vordering gemaak met die implementering van die permanensie plan op gespesifiseerde tussenproses.

(2) 'n Aangewese maatskaplike werker wat die hereniging van 'n kind met die kind se gesin ingevolge subartikel (1)(b)(ii) fasiliteer moet —

(a) die oorsake waarom die kind die gesinswoning verlaat het ondersoek;

(b) daardie oorsake aanspreek en voorsorghandelinge neem om 'n herhaling te verhoed; en

(c) berading verskaf aan beide die kind en die gesin voor en na hereniging.

(3) 'n Baie jong kind wat verwees of geabandoneer is deur sy ouers moet op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk beskikbaar gestel word vir aanneming, behalwe wanneer dit nie in die beste belange van die kind is nie.

(4) Die hof kan, wanneer dit 'n bevel uitreik wat die verwydering van die kind uit die sorg van die kind se ouer of versorger behels, in die hofbevel voorskrifte insluit aangaande die implementering van die permanensie plan vir die kind.

**158. Plasing van kind in kinder- en jeug sorgsentrum.**
— (1) 'n Kinderhof kan 'n bevel uitreik wat 'n kind in die sorg van 'n kinder- en jeug sorgsentrum plaas alleenlik indien 'n ander opsie nie gepas is nie.

(2) Indien 'n kinderhof beslis dat 'n kind in die sorg van 'n kinder- en jeug sorgsentrum geplaas moet word, moet die hof —

(a) die residensiële sorg program wat die beste geskik is vir die kind vasstel; en

(b) beveel dat die kind in 'n kinder- en jeug sorgsentrum geplaas word wat daardie spesifieke residensiële sorg program aanbied.

(3) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie moet die kind in die kinder- en jeug sorgsentrum wat die residensiële sorg program wat die hof vir die kind vasgestel het aanbied, plaas met inagneming van —

(a) die ontwikkelings, terapeutiese, opvoedkundige en ander behoeftes van die kind;

(b) die permanensie plan vir die kind wat deur die hof oorweeg is en enige voorskrifte deur die hof uitgereik ten opsigte van die implementering van die permanensie plan;

(c) enige ander voorskrifte van die hof;

(d) die afstand van die sentrum vanaf die kind se familie of gemeenskap;

(e) die veiligheid van die gemeenskap en ander kinders in die sentrum, in die geval van 'n kind wat veilige sorg benodig; en

(f) enige ander relevante faktore.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet, as 'n algemene reël, 'n sentrum uitkies wat die program deur die hof beveel aanbied en wat so naby as moontlik aan die kind se familie of gemeenskap geleë is.

**159. Duur en verlenging van bevel.** — (1) 'n Bevel deur 'n kinderhof ingevolge artikel 156 gemaak —

(a) verval by verstryking van —

(i) twee jaar vanaf die datum waarop die bevel gemaak is; of

(ii) sodanige korter tydperk waarvoor die bevel gemaak is; en

(b) kan deur 'n kinderhof verleng word vir 'n tydperk van nie meer as twee jaar op 'n slag nie.

(2) Die hof moet wanneer dit besluit oor 'n verlenging van die tydperk van 'n hofbevel ingevolge subartikel (1) kennis neem van die sienswyses van —

(a) die kind;

(b) die ouer en enige ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van die kind;

(c) waar toepaslik, die bestuur van die sentrum waar die kind geplaas is; en

(d) enige alternatiewe versorger van daardie kind.

(3) Geen hofbevel in subartikel (1) bedoel word verleng verby die datum waarop die kind ten opsigte van wie dit gemaak was die ouderdom van 18 jaar bereik nie.

**160. Regulasies.** — Die Minister kan, na konsultasie met die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, ten opsigte van hofbevele regulasies uitvaardig wat —

(a) die besonderhede wat permanensie planne moet bevat voorskryf;

(b) die wyse en tussenposes waarop permanensie planne geëvalueer moet word voorskryf;

(c) prosedures vir vassteling daarvan of ‘n kind geabandoneer of verwees is voorskryf;

(d) in die algemeen enige ander bykomstige of insidentele administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig mag wees om voor te skryf ten einde die implementering of administrasie van hierdie Hoofstuk te fasiliteer voorskryf.

## HOOFSTUK 10
## KONTRIBUSIE ORDER

**161. Uitreiking van kontribusie order.** — (1) ‘n Kinderhof kan ‘n bevel maak wat ‘n respondent gelas om ‘n bedrag geld of ‘n herhalende bedrag geld te betaal —

(a) as ‘n bydrae tot die onderhoud of behandeling van, of die kostes voortspruitend uit die ander spesiale behoeftes, van ‘n kind —
  (i) wat in alternatiewe sorg geplaas is; of

  (ii) wat tydelik deur ‘n bevel van die hof verwyder is van die kind se gesin vir behandeling, rehabilitasie, berading of ander rede; of

(b) as ‘n kort-termyn nood bydrae tot die onderhoud of behandeling van, of die kostes voortspruitend uit die ander spesiale behoeftes, van ‘n kind in dringende nood.

(2) ‘n Kontribusie order tree in werking vanaf die datum waarop dit gemaak word behalwe indien die hof beveel dat dit in werking tree vanaf ‘n vroeër of later datum.

(3) ‘n Kinderhof kan ‘n kontribusie order wysig, opskort of herroep of die order laat herleef nadat dit herroep is.

(4) Indien ‘n ander hof as die hof wat ‘n kontribusie order gemaak het die order wysig, opskort, herroep of laat herleef ingevolge subartikel (3), moet die klerk van die eersgenoemde hof onmiddelik die klerk van die laasgenoemde hof in kennis stel van sodanige wysiging, opskorting, herroeping of herlewing.

**162. Jurisdiksie.** — (1) ‘n Kontribusie order kan gemaak, gewysig, opgeskort, herroep of laat herleef word deur die kinderhof van die gebied waarin —

(a) die respondent gewoonlik woonagtig is, besigheid bedryf of in diens is; of

(b) die kind betrokke by die aangeleentheid gewoonlik woonagtig is.

(2) ‘n Voorlopige kontribusie order kan gemaak word deur ‘n kinderhof wat jurisdiksie het ingevolge subartikel (1)(b) ten opsigte van ‘n respondent wat woonagtig is in enige land wat ‘n geproklameerde land is binne die betekenis van die Wet op die Wederkerige Afdwinging van Onderhoudsbevele, 1963 (Wet No. 80 van 1963), of ‘n aangewese land binne die betekenis van die Wet op die Wederkerige Afdwinging van Onderhoudsbevele (Lande in Afrika), 1989 (Wet No. 6 van 1989).

**163. Effek van kontribusie order.** — (1) ‘n Kontribusie order en ‘n voorlopige kontribusie order het die effek van ‘n onderhoudsbevel en ‘n voorlopige onderhoudsbevel ingevolge die Wet op Onderhoud en die Wet op Wederkerige Afdwinging van Onderhoudsbevele, 1963 (Wet No. 80 van 1963), wat die geval ookal mag wees.

(2) Artikels 31 en 40 van die Wet op Onderhoud, saamgelees met sodanige verandering as wat die konteks mag vereis, is van toepassing op ‘n persoon wat weier of versuim om te voldoen aan ‘n kontribusie order.

**164. Betalings gemaak te word aan persoon deur hof bepaal.** — ‘n Kontribusie order moet die respondent gelas om die bedrag daarin gemeld te betaal aan sodanige persoon of instelling as wat die hof mag bepaal.

**165. Beslaglegging op lone van respondent.** — (1) 'n Kinderhof wat 'n kontribusie order teen 'n respondent gemaak het kan —

(a) die werkgewer van die respondent beveel —
(i) om die bedrag van die bydrae wat die respondent beveel is om te betaal af te trek van die respondent se loon, salaries of besoldiging; en
(ii) (*fout in* wet) aan sodanige persoon of instelling in die order gespesifiseer; of

(b) sodanige order wysig, opskort of herroep of die order laat herleef nadat dit herroep is.

(2) Die werkgewer moet spoedig enige bedrag afgetrek kragtens 'n bevel ingevolge subartikel (1) betaal aan sodanige persoon of instelling as wat in die order gespesifiseer mag wees.

**166. Verandering van woonplek of werk deur respondent. —** 'n Respondent teen wie 'n kontribusie order van krag is moet —

(a) skriftelik kennis gee aan die klerk van die kinderhof wat die bevel gemaak het van enige verandering in daardie persoon se woonadres of werksplek; en

(b) in daardie kennisgewing die nuwe woonadres of die naam en adres van die nuwe werkgewer, wat die geval ookal mag wees, vermeld.

## HOOFSTUK 11
## ALTERNATIEWE SORG

167 tot 179 inklusief. …

## HOOFSTUK 12
## PLEEGSORG

180 tot 190 inklusief. …

## HOOFSTUK 13
## KINDER- JEUG SORGSENTRUMS

191 tot 194 inklusief. …

*Deel 1*
*Oprigting en registrasie van kinder- en jeug sorgsentrums*

195 tot 207 inklusief. …

*Deel 2*

*Bedryf en bestuur van kinder- en jeug sorgsentrums*

208 tot 211 inklusief. …

*Deel 3*
*Diverse*

212. …

**HOOFSTUK 14**
**INLOOP SENTRUMS**

213 tot 227 inklusief. …

**HOOFSTUK 15**
**AANNEMING**

**228. Aanneming.** — ‘n Kind word aangeneem indien die kind in die permanente sorg van ‘n persoon geplaas is ingevolge ‘n hofbevel wat die gevolge het in artikel 242 bedoel.

**229. Doeleindes van aanneming.** — Die doeleindes van aanneming is om —

(a) kinders te beskerm en te versorg deur ‘n veilige, gesonde omgewing met positiewe ondersteuning te voorsien;

(b) die doelwit van permanensie beplanning te bevorder deur kinders te verbind met ander veilige en versorgende gesinsverhoudings wat bedoel is om te hou vir ‘n leeftyd.

**230. Kind wat aangeneem mag word.** — (1) Enige kind mag aangeneem word indien —

(a) die aanneming in die beste belange van die kind is;

(b) die kind aanneembaar is; en

(c) die bepalings van hierdie Hoofstuk aan voldoen word.

(2) ‘n Aanneming maatskaplike werker moet ‘n waardebepaling doen om vas te stel of ‘n kind aanneembaar is.

(3) ‘n Kind is aanneembaar indien —

(a) die kind ‘n weeskind is en geen voog of versorger het wat bereid is om die kind aan te neem nie;

(b) die verblyfplek van die kind se ouer of voog nie vasgestel kan word nie;

(c) die kind geabandoneer is;

(d) die kind se ouer of voog die kind misbruik of doelbewus verwaarloos het of toegelaat het dat die kind misbruik of doelbewus verwaarloos word; of

(e) die kind 'n permanente alternatiewe plasing benodig.

**231. Persone wat kind kan aanneem.** — (1) 'n Kind kan —

(a) gesamentlik deur —
(i) 'n eggenoot en eggenote;
(ii) deelgenote in 'n permanente huishoudelike lewensdeelgenootskap; of
(iii) ander persone wat 'n gesamentlike huishouding deel en 'n permanente gesinseenheid vorm;

(b) deur 'n wewenaar, weduwee, geskeide of ongetroude persoon;

(c) deur 'n getroude persoon wie se gade die ouer van die kind is of deur 'n persoon wie se permanente huishoudelike lewensdeelgenoot die ouer van die kind is;

(d) deur die biologiese vader van 'n kind buite die eg gebore; of

(e) die pleegouer van die kind,

aangeneem word.

(2) 'n Voornemende aannemende ouer moet —

(a) geskik en gepas wees om met volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind toevertrou te word;

(b) gewillig en in staat wees om daardie regte en verantwoordelikhede te onderneem, uit te voer en te handhaaf;

(c) oor die ouderdom van 18 jaar wees;

(d) behoorlik waardeer word deur 'n aanneming maatskaplike werker vir voldoening aan paragrawe (a) en (b).

(3) By die waardering van 'n voornemende aannemende ouer kan 'n aanneming maatskaplike werker die kulturele- en

gemeenskapsdiversiteit van die aanneembare kind en voornemende aannemende ouer in oorweging neem.

(4) ‘n Person mag nie daarvan gediskwalifiseer word om ‘n kind aan te neem op grond van sy of haar finansiële status nie.

(5) Enige persoon wat ‘n kind aanneem kan aansoek doen vir middele-getoetste maatskaplike bystand waar van toepassing.

(6) ‘n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie ‘n geskikte en gepaste persoon om ‘n kind aan te neem nie.

(7) (a) Die biologiese vader van ‘n kind wat nie voogdyskap ten opsigte van die kind ingevolge Hoofstuk 3 het nie of die pleegouer van ‘n kind het die reg om oorweeg te word as ‘n voornemende aannemende ouer wanneer die kind beskikbaar raak vir aanneming.

(b) ‘n Persoon in paragraaf (a) bedoel moet geag word gekies het om nie aansoek te doen vir die aanneming van die kind nie, indien daardie persoon versuim om aansoek te doen vir die aanneming van die kind binne 30 dae nadat ‘n kennisgewing wat ‘n beroep op daardie persoon doen om dit te doen op hom of haar is bedien is deur ‘n balju.

(8) ‘n Familielid van ‘n kind wat voor die aanneming kennis gegee het aan die klerk van die kinderhof dat hy of sy geïnteresseerd is daarin om die kind aan te neem het die reg om oorweeg te word as ‘n voornemende aannemende ouer wanneer die kind beskikbaar raak vir aanneming.

**232. Register van Aanneembare Kinders en Voornemende Aannemende Ouers.** — (1) Die Direkteur-Generaal moet ‘n register wat die Register van Aanneembare Kinders en Voornemende Aannemende Ouers genoem sal word hou en in stand hou vir die doel om —

(a) ‘n rekord te hou van aanneembare kinders; en

(b) in rekord te hou van geskikte en gepaste aannemende ouers.

(2) Die naam en ander identifiserende inligting van ‘n kind kan ingesluit word in die RAKAO indien die kind aanneembaar is soos bedoel in artikel 230(3).

(3) Die naam en ander identifiserende inligting van ‘n kind moet verwyder word uit die RAKAO indien die kind aangeneem is.

(4) ‘n Persoon kan op die voorgeskrewe wyse geregistreer word as ‘n voornemende aannemende ouer indien —

(a) artikel 231(2) aan voldoen is; en

(b) die persoon 'n burger of permanente inwoner van die Republiek is.

(5) Registrasie van 'n persoon as 'n voornemende aannemende ouer —

(a) is geldig vir 'n periode van drie jaar;

(b) kan hernu word soos voorgeskryf;

(c) kom tot 'n einde —
(i) by skriftelike kennisgewing van onttrekking aan die Direkteur-Generaal gegee;
(ii) by die dood van die geregistreerde persoon;
(iii) by kanselering deur die Direkteur-Generaal indien die geregistreerde persoon nie meer —
(aa) 'n geskikte en gepaste persoon is om toevertrou te word met volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind nie; en
(bb) gewillig en in staat is om daardie regte en verantwoordelikhede te onderneem, uit te oefen en te handhaaf nie;
(iv) indien die geregistreerde persoon nie meer 'n burger of permanente inwoner van die Republiek is nie;
(v) indien 'n kind in artikel 150 bedoel verwyder is uit die sorg van daardie geregistreerde persoon; of
(vi) indien die geregistreerde persoon skuldig bevind is aan 'n oortreding wat geweld behels.

(6) Alleenlik die Direkteur-Generaal en beamptes in die Departement deur die Direkteur-Generaal aangewys het toegang tot RAKAO, maar die Direkteur-Generaal kan, op sodanige voorwaardes as wat die Direkteur-Generaal mag vasstel, toegang verleen aan —

(a) 'n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling of 'n beampte van 'n provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling deur die hoof van daardie department aangewys;

(b) 'n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 251 geakrediteer is om aannemingsdienste te voorsien; of

(c) 'n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 259 geakkrediteer is om interstaatlike aannemingsdienste te voorsien.

**233. Toestemming tot aanneming.** — (1) 'n Kind kan alleenlik aangeneem word indien toestemming vir die aanneming gegee is deur —

(a) elke ouer van die kind, ongeag of die ouers getroud is of nie: Op voorwaarde dat, indien die ouer 'n kind is, daardie ouer bygestaan word deur sy of haar voog;

(b) enige ander persoon wat voogdyskap hou ten opsigte van die kind; en

(c) die kind, indien die kind —
(i) 10 jaar oud of ouer is; of
(ii) onder die ouderdom van 10 jaar is, maar van 'n ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling is om die implikasies van sodanige toestemming te verstaan.

(2) Subartikel (1) sluit 'n ouer of persoon in artikel 236 bedoel uit en 'n kind kan aangeneem word sonder die toestemming van sodanige ouer of persoon.

(3) Indien die ouer van 'n kind verlang dat die kind deur 'n spesifieke persoon aangeneem moet word, moet die ouer die naam van daardie persoon in die toestemming vermeld.

(4) Voordat toestemming vir die aanneming van die kind ingevolge subartikel (1) verleen word moet die aanneming maatskaplike werker wat die aanneming van die kind fasiliteer die ouers van die kind, en waar van toepassing, die kind adviseer oor die besluit om die kind beskikbaar te maak vir aanneming.

(5) Die wenslikheid van die persoon in subartikel (3) bedoel as 'n aannemende ouer moet vasgestel word deur 'n kinderhof ingevolge artikel 231(2).

(6) Toestemming in subartikel (1) bedoel en gegee —

(a) in die Republiek moet —
(i) geteken word deur die persoon wat toestem in die teenwoordigheid van 'n voorsittende beampte van die kinderhof;
(ii) geteken word deur die kind in die teenwoordigheid van 'n voorsittende beampte van die kinderhof indien die toestemming van die kind vereis word ingevolge subartikel (1)(c);
(iii) bevestig word deur die voorsittende beampte van die kinderhof op die voorgeskrewe wyse; en

(iv) geliasseer word deur die klerk van die kinderhof hangende 'n aansoek vir die aanneming van die kind; of

(b) buite die Republiek moet —
(i) geteken word deur die persoon wat toestem in die teenwoordigheid van die voorgeskrewe persoon;
(ii) bevestig word op die voorgeskrewe wyse en deur die voorgeskrewe persoon; en
(iii) voorgelê word aan en geliasseer word deur 'n klerk van die kinderhof hangende 'n aansoek vir die aanneming van die kind.

(7) Die hof kan by aanvoering van goeie gronde enige defek in die voorsiening van 'n toestemming buite die Republiek gegee, deurdat die toestemming —

(a) nie geteken is in die teenwoordigheid van die voorgeskrewe persoon nie; of

(b) nie bevestig is op die voorgeskrewe wyse of deur die voorgeskrewe persoon nie,

kondoneer.

(8) 'n Persoon in subartikel (1) bedoel wat toegestem het tot die aanneming van die kind kan die toestemming terugtek binne 60 dae nadat die toestemming geteken is, waarna die toestemming finaal is.

**234. Na-aanneming ooreenkomste.** — (1) Die ouer of voog van 'n kind kan, voordat 'n aansoek vir die aanneming van 'n kind ingevolge artikel 239 gemaak is, 'n na-aanneming ooreenkoms met 'n voornemende aannemende ouer van daardie kind aangaan om voorsiening te maak vir —

(a) kommunikasie, insluitende besoeke tussen die kind en die betrokke ouer of voog en sodanige ander persoon as wat bepaal mag word in die ooreenkoms; en

(b) die voorsiening van inligting, insluitende mediese inligting, omtrent die kind nadat die aansoek vir aanneming toegestaan is.

(2) 'n Ooreenkoms in subartikel (1) bedoel mag nie aangegaan word sonder die toestemming van die kind indien die kind van so 'n ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling is om die implikasies van sodanige ooreenkoms te verstaan nie.

(3) Die aanneming maatskaplike werker wat die aanneming van die kind fasiliteer moet die partye bystaan in die voorbereiding van 'n

na-aanneming ooreenkoms en hulle adviseer oor die implikasies van sodanige ooreenkoms.

(4) ‘n Hof kan wanneer dit ‘n aansoek ingevolge artikel 239 vir die aanneming van die kind toestaan ‘n na-aanneming ooreenkoms bevestig indien dit in die beste belange van die kind is.

(5) ‘n Na-aanneming ooreenkoms moet in die voorgeskrewe formaat wees.

(6) ‘n Na-aanneming ooreenkoms —

(a) tree in werking alleenlik indien dit ‘n bevel van die hof gemaak is;

(b) kan alleenlik gewysig of beëindig word deur ‘n bevel van die hof op aansoek —
(i) deur ‘n party tot die ooreenkoms; of
(ii) deur die aangenome kind.

**235. Vrystellingsbevele.** — (1) Die hof kan op aansoek deur die Departement, ‘n provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling, ‘n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 251 geakkrediteer is om aannemingsdienste te voorsien of ‘n aanneming maatskaplike werker ‘n bevel uitreik wat ‘n ouer of persoon wie se toestemming vir die aanneming van die kind ingevolge artikel 233 vereis word vry te stel van ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind hangende die aanneming van die kind.

(2) Die ouer of persoon wie se toestemming vir die aanneming van die kind ingevolge artikel 233 vereis word moet ‘n aansoek vir ‘n vrystellingsbevel ondersteun.

(3) ‘n Vrystellingsbevel moet ‘n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 251 geakkrediteer is om aannemingsdienste te voorsien of ‘n persoon magtig om ouerlike regte en verpligtinge uit te oefen ten opsigte van die kind hangende die aanneming van die kind.

(4) ‘n Vrystellingsbevel verval indien —

(a) die kind nie binne ‘n tydperk van 12 maande aangeneem is nie en daar geen redelike vooruitsigte is dat die kind aangeneem sal word nie;

(b) die bevel beëindig word deur die hof op grond daarvan dat dit nie meer in die beste belange van die kind is nie; of

(c) die kind, ouer of persoon wat toegestem het tot die aanneming sodanige toestemming terugtrek ingevolge artikel 233(8).

(5) 'n Vrystellingsbevel stel 'n ouer of persoon vry van die plig om by te dra tot die onderhoud van die kind hangende die aanneming, behalwe as die hof anders beveel.

**236. Wanneer toestemming nie vereis word nie.**
— (1) Die toestemming van 'n ouer of voog van die kind vir die aanneming van die kind is nie nodig nie indien daardie ouer of voog —

(a) nie in staat is om toestemming te gee nie weens geestesongesteldheid;

(b) die kind geabandoneer het, of indien die verblyfplek van daardie ouer of voog nie vasgestel kan word nie, of indien die identiteit van daardie ouer of voog onbekend is;

(c) die kind misbruik of doelbewus verwaarloos het of toegelaat het dat die kind misbruik of doelbewus verwaarloos word;

(d) aanhoudend versuim het om sy of haar ouerlike verantwoordelikhede tot die kind uit te voer gedurende die laaste 12 maande;

(e) deur 'n hofbevel ontdoen is van die reg om toestemming te gee vir die aanneming van die kind; of

(f) versuim het om binne 30 dae na die bediening van die kennisgewing te antwoord op 'n kennisgewing van die voornemende aanneming in artikel 238 bedoel.

(2) Toestemming tot die aanneming van 'n kind word nie vereis nie, indien —

(a) die kind 'n weeskind is en geen voog of versorger het wat gewillig en in staat is om die kind aan te neem nie; en

(b) die hof voorsien word van gesertifiseerde afskrifte van die kind se ouer of voog se doodsertifikaat of sodanige ander dokumentasie as wat deur die hof vereis mag word.

(3) Indien die ouer in subartikel (1) bedoel die biologiese vader van die kind is, is die toestemming van daardie ouer tot die aanneming nie nodig nie, indien —

(a) daardie biologiese vader nie getroud is met die kind se moeder nie of nie met haar getroud was ten tye van die konsepsie of te enige tyd daarna nie, en nie op ‘n wyse in subartikel (4) bedoel erken het dat hy die biologiese vader van die kind is nie;

(b) die kind verwek is uit ‘n bloedskendige verhouding tussen die biologiese vader en die moeder; of

(c) die hof, op grond van ‘n bewering deur die moeder van die kind op ‘n oorwig van waarskynlikhede bevind dat die kind verwek is as gevolg van die verkragting van die moeder nie: Op voorwaarde dat sodanige bevinding nie ‘n skuldigbevinding aan ‘n misdryf van verkragting sal uitmaak nie.

(4) ‘n Persoon in subartikel (3)(a) bedoel kan vir die doeleindes van daardie subartikel erken dat hy die biologiese vader van ‘n kind is —

(a) deur ‘n skriftelike erkenning dat hy die biologiese vader van die kind is aan die moeder of die klerk van die kinderhof te gee voordat die kind die ouderdom van ses maande bereik;

(b) deur vrywillig onderhoud te betaal ten opsigte van die kind;

(c) deur skadevergoeding te betaal ingevolge die gewoontereg; of

(d) deur besonderhede van homself te laat insluit in die geboorteregistrasie van die kind ingevolge artikel 10(1)(b) of artikel 11(4) van die Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet No. 51 van 1992).

(5) ‘n Kinderhof kan op ‘n oorwig van waarskynlikhede ‘n bevinding maak oor die bestaan van ‘n grond waarop ‘n ouer of persoon ingevolge hierdie artikel daarvan uitgesluit word om toestemming te gee vir die aanneming van ’n kind.

**237. Versameling van inligting vir voorgenome aanneming.** — (1) Wanneer ‘n kind beskikbaar raak vir aanneming, moet die klerk van die kinderhof —

(a) die voorgeskrewe stappe neem om die naam en adres van elke persoon wie se toestemming vir die aanneming ingevolge artikel 233 vereis word vas te stel;

(b) redelike stappe neem om die naam van enige persoon wie se toestemming, behalwe vir artikel 236, nodig sou wees en die gronde waarop sodanige persoon se toestemming nie vereis word nie, vas te stel.

(2) ‘n Persoon wat ingevolge artikel 233 toegestem het tot die aanneming van ‘n kind en wie verlang dat die hof wegdoen met enige ander persoon se toestemming op ‘n grond in artikel 236 bedoel, moet ‘n verklaring tot daardie effek voorlê aan die klerk van die kinderhof.

(3) ‘n Klerk van die kinderhof kan die Direkteur-Generaal: Binnelandse Sake versoek om enige inligting in die geboorte registrasie van ‘n kind vervat, insluitende die identiteit en ander besonderhede van ‘n persoon wat erken het die vader of moeder van die kind te wees, openbaar te maak.

(4) Indien ‘n maatskaplike werker wat betrokke is by die voorgenome aanneming van ‘n kind inligting verkry aangaande die identiteit en verblyfsplek van ‘n persoon in subartikel (1) bedoel, moet die maatskaplike werker onverwyld ‘n verslag wat daardie inligting bevat aan die klerk van die kinderhof voorlê.

**238. Kennisgewing gegee te word van voorgenome aanneming.** — (1) Wanneer ‘n kind beskikbaar raak vir aanneming moet die voorsittende beampte onverwyld die balju ‘n kennisgewing laat bedien op elke persoon wie se toestemming vir die aanneming ingevolge artikel 233 vereis word.

(2) Die kennisgewing moet —

(a) die persoon wie se toestemming verlang word inlig van die voorgenome aanneming van die kind; en

(b) daardie persoon versoek om toe te stem tot die aanneming of om toestemming te weerhou, of indien daardie persoon die biologiese vader van die kind is met wie die moeder nie getroud is nie, hom versoek om toe te stem tot die aanneming of om toestemming te weerhou, of om ingevolge artikel 239 aansoek te doen vir die aanneming van die kind.

(3) Indien ‘n persoon op wie ‘n kennisgewing ingevolge subartikel (1) bedien is versuim om binne 30 dae te voldoen aan ‘n versoek in die kennisgewing vervat moet daardie persoon geag word toegestem het tot die aanneming.

**239. Aansoek vir aannemingsbevel.** — (1) ‘n Aansoek vir die aanneming van ‘n kind moet —

(a) gedoen word tot 'n kinderhof op die voorgeskrewe manier;

(b) vergesel wees van 'n verslag, in die voorgeskrewe formaat, deur 'n aanneming maatskaplike werker —
   (i) wat inligting bevat of die kind aanneembaar is soos in artikel 230(3) bedoel;
   (ii) wat inligting bevat of die aanneming in die beste belange van die kind is; en
   (iii) wat voorgeskrewe mediese inligting bevat met betrekking tot die kind;

(c) vergesel wees van 'n waardering in artikel 231(2)(d) bedoel;

(d) vergesel wees van 'n brief deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling wat die aanneming van die kind aanbeveel; en

(e) sodanige voorgeskrewe besonderhede bevat.

(2) Wanneer 'n aansoek vir die aanneming van 'n kind voor 'n kinderhof gebring word moet die klerk van die kinderhof —

(a) enige toestemming vir die aanneming van die kind wat ingevolge artikel 233(6) geliasseer is by 'n klerk van die kinderhof;

(b) enige inligting deur 'n klerk van die kinderhof vasgestel ingevolge artikel 237(2);

(c) enige skriftelike antwoorde op versoeke ingevolge artikel 237(2);

(d) 'n verslag oor enige versuim om op daardie versoeke te antwoord; en

(e) enige ander inligting wat die hof van hulp kan wees of wat voorgeskryf mag wees,

aan die kinderhof voorlê.

(3) 'n Aansoeker het geen toegang tot enige dokumente deur ander partye by die hof ingedien nie, behalwe met die toestemming van die hof.

**240. Oorweging van aannemingsaansoek.**
— (1) Wanneer 'n aansoek vir die aanneming van 'n kind oorweeg word moet die hof alle relevante faktore in aanmerking neem, insluitende —

(a) die geloofs- en kulturele agtergrond van —

(i) die kind;
(ii) die kind se ouer; en
(iii) die voornemende aannemende ouer;

(b) alle redelike voorkeure deur 'n ouer uitgespreek en in die toestemming vermeld; en

(c) 'n verslag in artikel 239(1)(b) bedoel.

(2) 'n Kinderhof wat 'n aansoek oorweeg kan alleenlik 'n bevel vir die aanneming van 'n kind maak indien —

(a) die aanneming in die beste belange van die kind is;

(b) die voornemende aannemende ouer voldoen aan artikel 231(2);

(c) behoudens artikel 241, toestemming vir die aanneming gegee is ingevolge artikel 233;

(d) toestemming nie teruggetrek is ingevolge artikel 233(8) nie; en

(e) in geval van 'n aansoek vir die aanneming van 'n kind in pleegsorg, artikel 231(7) nagekom is deur 'n persoon anders as die kind se pleegouer.

**241. Onredelike weerhouding van toestemming.**
— (1) Indien 'n ouer of persoon in artikel 233(1) bedoel toestemming vir die aanneming van 'n kind weerhou kan 'n kinderhof, nieteenstaande die afwesigheid van sodanige toestemming, 'n bevel vir die aanneming van die kind toestaan indien die hof bevind dat —

(a) toestemming onredelik weerhou is; en

(b) die aanneming in die beste belange van die kind is.

(2) By vasstelling daarvan of toestemming onredelik weerhou word moet die hof alle relevante faktore in aanmerking neem, insluitende —

(a) die aard van die verhouding tussen die kind en die persoon wat toestemming weerhou gedurende die laaste twee jaar en enige bevindings deur 'n hof in hierdie opsig; en

(b) die vooruitsigte dat 'n gesonde verhouding in die onmiddelike toekoms sal ontwikkel tussen die kind en die persoon wat toestemming weerhou.

**242. Gevolge van aannemingsbevel.** — (1) Behalwe wanneer anders bepaal in die bevel of in 'n na-aanneming ooreenkoms deur die hof bevestig beëindig 'n aannemingsbevel —

(a) alle ouerlike regte en verantwoordelikhede wat enige persoon, insluitende 'n ouer, stiefouer of deelgenoot in 'n huishoudelike lewensdeelgenootskap gehad het ten opsigte van die kind, onmiddellik voor die aanneming;

(b) alle eise vir kontak met die kind deur enige familielid of 'n persoon in paragraaf (a) bedoel;

(c) alle regte en verantwoordelikhede wat die kind ten opsigte van 'n persoon in paragraaf (a) of (b) na verwys gehad het onmiddellik voor die aannemingsbevel; en

(d) enige vorige bevel gemaak in verband met die plasing van die kind.

(2) 'n Aannemingsbevel —

(a) ken volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die aangenome kind toe aan die aannemende ouer;

(b) ken die van, van die aannemende ouer toe aan die aangenome kind, behalwe wanneer anders bepaal in die bevel;

(c) laat nie enige huwelik of seksuele omgang tussen die kind en enige ander persoon toe wat verbode sou gewees het as die kind nie aangeneem was nie; en

(d) affekteer nie enige regte op eiendom wat die kind verkry het voor die aanneming nie.

(3) 'n Aangenome kind moet vir alle doeleindes geag word die kind te wees van die aannemende ouer en 'n aannemende ouer moet vir alle doeleindes geag word die ouer van die aangenome kind te wees.

**243. Opheffing van aannemingsbevel.** — (1) 'n Hoë Hof of kinderhof kan 'n aannemingsbevel ophef by aansoek deur —

(a) die aangenome kind;

(b) 'n ouer van die aangenome kind of ander persoon wat voogdyskap ten opsigte van die kind gehad het onmiddellik voor die aanneming; of

(c) die aannemende ouer van die kind.

(2) ‘n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet binne ‘n redelike tyd maar nie meer as twee jaar vanaf die datum van die aanneming ingedien word.

(3) ‘n Aannemingsbevel kan alleenlik opgehef word indien —

(a) die opheffing van die bevel in die beste belange van die kind is; en

(b) die aansoeker ‘n ouer van die kind is wie se toestemming vereis is vir die maak van die aannemingsbevel, maar wie se toestemming nie verkry is nie; of

(c) ten tye van die maak van die aannemingsbevel die aannemende ouer nie as sulks gekwalifiseer het ingevolge artikel 231 nie.

(4) Kennis van ‘n aansoek vir opheffing van ‘n aannemingsbevel moet gegee word aan —

(a) die aannemende ouer van daardie kind, indien enige ander persoon die aansoek bring;

(b) alle persone wat toegestem het tot die aanneming ingevolge artikel 233 of wat toestemming tot die aanneming weerhou het ingevolge artikel 241, indien die kind of die aannemende ouer die aansoek bring;

(c) die Sentrale Owerheid in die geval van ‘n interstaatlike aanneming; en

(d) enige ander persoon wat die hof bevind ‘n voldoende belang in die aangeleentheid het.

**244. Gevolge van opheffing.** — (1) Vanaf die datum waarop die opheffing van ‘n aannemingsbevel inwerking tree —

(a) is die gevolge van die aannemingsbevel in artikel 242(2) en (3) bedoel nie meer van toepassing ten opsigte van die betrokke kind nie; en

(b) word alle verantwoordelikhede, regte en ander aangeleenthede wat beëindig is deur artikel 242(1) ten opsigte van die kind herstel.

(2) Die hof kan wanneer ‘n aannemingsbevel opgehef word —

(a) ‘n toepaslike plasingsbevel ten opsigte van die betrokke kind maak; of

(b) beveel dat die kind in tydelike veilige sorg gehou word totdat ‘n toepaslike plasingsbevel gemaak kan word.

**245. Opneming van aanneming in geboorteregister.** — (1) Nadat ‘n aannemingsbevel deur ‘n kinderhof gemaak is ten opsigte van ‘n kind wie se geboorte in die Republiek geregistreer is, moet die aannemende ouer van die kind ingevolge die toepaslike wet tot die Direkteur-Generaal: Binnelandse Sake aansoek doen om die aanneming en enige verandering van die van, van die kind in die geboorteregister op te neem.

(2) ‘n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet vergesel wees van —

(a) die relevante aannemingsbevel soos geregistreer deur die aannemingsregistrateur;

(b) die geboortesertifikaat van die kind;

(c) die voorgeskrewe geboorte registrasie vorm; en

(d) ‘n fooi ingevolge enige toepaslike wet voorgeskryf, indien enige.

**246. Registrasie van geboorte en opneming van aanneming van kind buite die Republiek gebore**. — (1) Nadat ‘n aannemingsbevel deur ‘n kinderhof gemaak is ten opsigte van ‘n kind buite die Republiek gebore, moet die aannemende ouer van die kind ingevolge enige toepaslike wet tot die Direkteur-Generaal: Binnelandse Sake aansoek doen om die geboorte van die kind te registreer en om die aanneming van die kind in die geboorteregister op te neem.

(2) ‘n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet vergesel wees van —

(a) die relevante aannemingsbevel soos geregistreer deur die aannemingsregistrateur;

(b) die geboortesertifikaat van die aangenome kind of, indien die geboortesertifikaat nie beskikbaar is nie —
   (i) ander dokumentêre getuienis met betrekking tot die geboortedatum van die kind; of
   (ii) ‘n sertifikaat, deur ‘n voorsittende beampte van ‘n kinderhof geteken, wat die ouderdom of geskatte ouderdom van die kind spesifiseer;

(c) die voorgeskrewe geboorte registrasie vorm wat sover moontlik ingevul is en geteken is deur die aannemende ouer; en

(d) ‘n fooi ingevolge enige toepaslike wet voorgeskryf, indien enige.

**247. Aannemingsregister.** — (1) ‘n Persoon deur die Direkteur-Generaal aangewys as die aannemingsregistrateur moet, op die voorgeskrewe wyse, inligting opneem wat betrekking het op en ‘n register hou van —

(a) die registrasienommers toegeken aan rekords van aannemingssake;

(b) die persoonlike besonderhede van aangenome kinders, van hul biologiese ouers en van hul aannemende ouers;

(c) besonderhede van suksesvolle appélle teen en opheffings van aannemingsbevele; en

(d) alle ander voorgeskrewe inligting in verband met aannemings.

(2) ‘n Klerk van die kinderhof moet —

(a) op die voorgeskrewe wyse ‘n rekord hou van alle aanneming sake by ‘n kinderhof, insluitende alle aannemingsbevele deur die hof uitgereik;

(b) so vinnig moontlik na ‘n aannemingsbevel uitgereik is die aannemingsbevel, ‘n afskrif van die rekord van die aannemingsondersoek en ander voorgeskrewe dokumente in verband met die aanneming aanstuur na die aannemingsregistrateur; en

(c) in die geval van ‘n interstaatlike aanneming afskrifte van die dokumente in paragraaf (b) bedoel aanstuur na die Sentrale Owerheid.

**248. Toegang tot aannemingsregister.** — (1) Die inligting in die aannemingsregister vervat mag nie openbaar gemaak word aan enige persoon nie, behalwe —

(a) aan ‘n aangenome kind nadat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik het;

(b) aan die aannemende ouer van ‘n aangenome kind nadat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik het;

(c) aan die biologiese ouer of ‘n vorige aannemende ouer van ‘n aangenome kind nadat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik het, maar alleenlik indien die

aannemende ouer en die aangenome kind skriftelike toestemming daartoe gee;

(d) vir enige amptelike doeleindes onderhewig aan voorwaardes deur die Direkteur-Generaal vasgestel;

(e) deur 'n hofbevel indien die hof bevind dat sodanige openbaarmaking in die beste belange van die aangenome kind is; of

(f) vir doeleindes van navorsing: Op voorwaarde dat geen inligting wat die identiteit van 'n aangenome kind of sy of haar aannemende of biologiese ouer sal onthul bekend gemaak sal word nie.

(2) Die Direkteur-Generaal kan vereis dat 'n persoon berading moet ontvang voordat enige inligting in die aannemingsregister vervat aan daardie persoon openbaar gemaak word ingevolge subartikel (1)(a), (b), (c) of (e).

(3) Nieteenstaande subartikel (1) is 'n aangenome kind of 'n aannemende ouer geregtig daarop om toegang te hê tot enige mediese inligting betreffende —

(a) die aangenome kind; of

(b) die biologiese ouers van die aangenome kind indien sodanige inligting direk betrekking het op die gesondheid van die aangenome kind.

(4) Nieteenstaande subartikel (1) is partye tot 'n na-aanneming ooreenkoms soos in artikel 234 bedoel geregtig daarop om toegang te hê tot sodanige inligting aangaande die kind as wat gestipuleer is in die ooreenkoms.

**249. Geen vergoeding ten opsigte van aanneming.**
— (1) Geen persoon mag —

(a) enige vergoeding in kontant of goedere gee of ontvang of ooreenkom om dit te gee of te ontvang vir die aanneming van 'n kind ingevolge Hoofstuk 15 of Hoofstuk 16 nie; of

(b) 'n persoon oorreed om 'n kind op te gee vir aanneming ingevolge Hoofstuk 15 of Hoofstuk 16 nie.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op —

(a) die biologiese moeder van 'n kind wat kompensasie ontvang vir —

(i) redelike mediese uitgawes opgedoen in verband met haar swangerskap, geboorte van die kind en opvolg behandeling;
(ii) redelike uitgawes opgedoen vir berading; of
(iii) enige ander voorgeskrewe uitgawes;

(b) ‘n regsverteenwoordiger, sielkundige of ander professionele persoon wat fooie en uitgawes ontvang vir dienste gelewer in verband met ‘n aanneming;

(c) die Sentrale Owerheid van die Republiek in artikel 257 bedoel wat voorgeskrewe fooie ontvang;

(d) ‘n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 251 geakkrediteer is om aannemingsdienste te verskaf en wat voorgeskrewe fooie ontvang;

(e) ‘n kinderbeskermingsorganisasie wat geakkrediteer is om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf en wat voorgeskrewe fooie ontvang.

(f) ‘n staatsorgaan; of

(g) enige ander voorgeskrewe persone.

**250. Alleenlik sekere persone toegelaat om aannemingsdienste te verskaf.** — (1) Geen persoon mag aannemingsdienste verskaf nie behalwe —

(a) ‘n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 251 geakkrediteer is om aannemingsdienste te verskaf;

(b) ‘n aanneming maatskaplike werker;

(c) die Sentrale Owerheid in die geval van interstaatlike aannemings; of

(d) ‘n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 259 geakkrediteer is om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf.

(2) Subartikel (1) verbied nie die lewering van professionele dienste in verband met die aanneming van ‘n kind deur ‘n regsverteenwoordiger, sielkundige of ‘n lid van enige ander professie nie.

(*Subartikel (3) ingevoeg te word deur artikel 11 van Wet No. 41 van 2007.)*

**251. Akkreditering om aannemingsdienste te verskaf.**

— (1) Die Direkteur-Generaal kan ingevolge 'n voorgeskrewe proses —

(a) 'n maatskaplike werker in privaat praktyk akkrediteer as 'n aanneming maatskaplike werker om aannemingsdienste te verskaf; en

(b) 'n kinderbeskermingsorganisasie akkrediteer om aannemingsdienste te verskaf.

(2) Die Direkteur-Generaal moet 'n register van alle aanneming maatskaplike werkers en kinderbeskermingsorganisasies wat geakkrediteer is om aannemingsdienste te verskaf hou.

**252. Advertering.** — (1) Geen persoon mag in enige vorm of op enige wyse 'n advertensie wat handel met die plasing of aanneming van 'n spesifieke kind publiseer of laat publiseer nie.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van —

(a) die publikasie van 'n kennisgewing ingevolge hierdie Wet of 'n hofbevel;

(b) 'n advertensie deur 'n kinderbeskermingsorganisasie wat geakkrediteer is om aannemingsdienste te verskaf vir doeleindes van werwing ooreenkomstig voorgeskrewe riglyne; of

(c) ander vorms van advertensies by regulasie gespesifiseer.

**253. Regulasies.** — Die Minister kan, na konsultasie met die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling ten opsigte van regulasies wat handel met hofbevele, regulasies uitvaardig —

(a) wat prosedures voorskryf vir vasstelling of 'n kind geabandoneer is deur 'n ouer of ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het;

(b) wat prosedures vasstel wat gevolg moet word om persone wie se verblyfsplekke onbekend is op te spoor om hulle toestemming vir aannemings te verkry;

(c) wat prosedures voorskryf om die ouderdom van 'n kind vas te stel;

(d) wat prosedures vasstel vir betaling vir aannemingsdienste onderneem deur persone of organisasies ten einde te voorkom dat botsing van belange ontstaan;

(e) wat die vereistes voorskryf waaraan 'n kinderwelsynsorganisasie moet voldoen vir akkreditasie soos in artikel 251 bedoel om aannemingsdienste te verskaf;

(f) wat die vereistes voorskryf waaraan 'n kinderwelsynsorganiasie moet voldoen vir akkreditasie soos in artikel 259 bedoel om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf;

(g) wat adverteringsriglyne vir werwingsdoeleindes voorskryf; en

(h) aangaande enige ander bykomstige of insidentele administratriewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig mag wees om voor te skryf ten einde die behoorlike implementering of adminstrasie van hierdie Hoofstuk te fasiliteer.

## HOOFSTUK 16
## INTERSTAATLIKE AANNEMING

**254. Doel van Hoofstuk.** — Die doeleindes van hierdie Hoofstuk is —

(a) om effek te gee aan die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming;

(b) om voorsiening te maak vir die erkenning van sekere buitelandse aannemings;

(c) om geskikte en gepaste aannemende ouers vir 'n aanneembare kind te vind; en

(d) om in die algemeen interstaatlike aannemings te reguleer.

**255. Internasionale Samewerking.** — (1) Die President kan op sodanige voorwaardes as wat hy of sy goeddink —

(a) 'n ooreenkoms sluit met 'n buitelandse Staat wat nie 'n Staatsparty tot die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming is nie, ten opsigte van enige aangeleentheid wat betrekking het op die interstaatlike aanneming van kinders; en

(b) 'n ooreenkoms sluit met 'n buitelandse Staat wat 'n Staatsparty tot die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming is, ten opsigte van enige aangeleentheid

wat betrekking het op die interstaatlike aanneming van kinders vir die doel om die bepalings van die Konvensie aan te vul of om die toepassing van die beginsels daarin vervat te fasiliteer.

(2) ‘n Ooreenkoms in subartikel (1) bedoel mag nie in stryd met die bepalings van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming wees nie.

(3) Die President mag akkoord gaan met ‘n wysiging tot of herroeping van ‘n ooreenkoms in subartikel (1) bedoel.

(4) ‘n Ooreenkoms in subartikel (1) bedoel of ‘n wysiging tot of herroeping daarvan het geen regskrag totdat sodanige ooreenkoms, wysiging of herroeping deur die Parlement goedgekeur is nie.

**256. Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming het regskrag.** — (1) Die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming is van krag in die Republiek en bepalings daarvan is wet in die Republiek.

(2) Die gewone reg van die Republiek is van toepassing op ‘n aanneming ten opsigte waarvan die Konvensie van toepassing is, maar waar daar ‘n botsing tussen die gewone reg van die Republiek en die Konvensie is, seëvier die Konvensie.

**257. Sentrale Gesag.** — (1) Vir die doeleindes van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming beteken “Sentrale Gesag” —

(a) met betrekking tot die Republiek, die Direkteur-Generaal; of

(b) met betrekking tot ‘n konvensie land, ‘n persoon of kantoor deur sodanige konvensie land aangewys kragtens Artikel 6 van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming.

(2) Die Direkteur-Generaal moet, na konsultasie met die Direkteur-Generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling die funksies deur die Konvensie aan die Sentrale Gesag opgedra uitvoer.

**258. Uitvoering van funksies.** — (1) Die Sentrale Gesag van die Republiek kan ingevolge artikel 310 enige bevoegdhede en pligte van die Sentrale Gesag kragtens die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming delegeer aan ‘n beampte in die Departement.

(2) Enige funksies of pligte van die Sentrale Gesag ingevolge Artikels 15 tot 21 van die Konvensie en artikels 261(3) en (4), 262(3)

en (4), 264(2) en 265(2) kan, tot die mate deur die Sentrale Gesag vasgestel, uitgevoer word deur —

(a) ‘n ander staatsorgaan; of

(b) ‘n kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 259 geakkrediteer is om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf.

**259. Akkreditering om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf.** — (1) Die Sentrale Gesag kan, by aansoek deur ‘n kinderbeskermingsorganisasie —

(a) sodanige organisasie akkrediteer om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf; en

(b) aannemingswerksooreenkomste in artikel 260 bedoel goedkeur solank die voorgeskrewe vereistes aan voldoen word.

(2) Die Sentrale Gesag kan ‘n kinderbeskermingsorganisasie akkrediteer om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf vir sodanige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat voorgeskryf mag wees.

(3) ‘n Kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge hierdie artikel geakkrediteer is om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf —

(a) kan die voorgeskrewe fooie ontvang en die nodige betalings maak ten opsigte van interstaatlike aannemings; en

(b) moet jaarliks geouditeerde finansiële state van fooie ontvang en betalings gemaak voorlê aan die Sentrale Gesag.

(4) Subartikel (1) verbied nie die lewering van professionele dienste in verband met die aanneming van ‘n kind deur ‘n regsverteenwoordiger, sielkundige of ‘n lid van ‘n ander professie nie.

**260. Sluiting van aannemingswerksooreenkoms.**
— (1) ‘n Kinderbeskermingsorganisasie wat ingevolge artikel 259 geakkrediteer is om interstaatlike aannemingsdienste te verskaf kan ‘n aannemingswerksooreenkoms sluit met ‘n geakkrediteerde aannemingsagentskap in ‘n ander land.

(2) ‘n Kinderbeskermingsorganisasie in subartikel (1) bedoel —

(a) moet die Sentrale Gesag voorsien van gesertifiseerde afskrifte van alle aannemingswerksooreenkomste deur

daardie kinderbeskermingsorganisasie gesluit vir goedkeuring daarvan; en

(b) mag nie handel ingevolge enige sodanige aannemingswerksooreenkomste voordat dit goedgekeur is deur die Sentrale Gesag nie.

**261. Aanneming van kind vanaf Republiek deur persoon in konvensie land.** — (1) 'n Persoon wat gewoonlik woonagtig is in 'n konvensie land wat wens 'n kind aan te neem wat gewoonlik woonagtig is in die Republiek moet aansoek doen by die sentrale gesag van die betrokke konvensie land.

(2) Indien die sentrale gesag van die betrokke konvensie land tevrede is dat die applikant geskik en gepas is om aan te neem, berei dit 'n verslag voor oor daardie persoon in ooreenstemming met die vereistes van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming en enige voorgeskrewe vereistes en versend die verslag aan die Sentrale Gesag van die Republiek.

(3) Indien 'n aanneembare kind beskikbaar is vir aanneming berei die Sentrale Gesag 'n verslag voor oor die kind in ooreenstemming met die vereistes van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming en enige voorgeskrewe vereistes en versend dit aan die Sentrale Gesag van die betrokke konvensie land.

(4) Indien die Sentrale Gesag en die sentrale gesag van die betrokke konvensie land beide toestem tot die aanneming, verwys die Sentrale Gesag die aansoek vir aanneming tesame met alle relevante dokumente en die verslae in subartikels (2) en (3) bedoel aan die kinderhof vir oorweging ingevolge artikel 240.

(5) Die hof kan 'n bevel vir die aanneming van die kind maak indien die vereistes van artikel 231 aangaande persone wie 'n kind mag aanneem nagekom is, die aansoek ingevolge artikel 240 oorweeg is en die hof tevrede is dat —

(a) die aanneming in die beste belange van die kind is;

(b) die kind in die Republiek is;

(c) die kind nie verhoed word om die Republiek te verlaat—
(i) kragtens 'n wet van die Republiek nie; of
(ii) weens 'n bevel van 'n hof van die Republiek nie;

(d) die reëlings vir die aanneming van die kind in ooreenstemming met die vereistes van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming en enige voorgeskrewe vereistes is;

(e) die sentrale gesag van die konvensie land toegestem het tot die aanneming van die kind;

(f) die Sentrale Gesag van die Republiek toegestem het tot die aanneming van die kind; en

(g) die naam van die kind in die RAKAO was vir ten minste 60 dae en geen geskikte en gepaste aannemende ouer vir die kind beskikbaar is in die Republiek nie.

(6) (a) Die Sentrale Gesag van die Republiek kan die toestemming tot die aanneming van die kind terugtrek binne 'n tydperk van 140 dae vanaf die datum waarop dit toegestem het tot die aanneming indien dit in die beste belange van die kind is om dit te doen.

(b) in die geval waar die Sentrale Gesag van die Republiek die toestemming terugtrek moet die kind onverwyld op die voorgeskrewe wyse na die Republiek teruggebring word.

(7) 'n Hofbevel in subartikel (5) bedoel tree alleenlik in werking nadat die tydperk in subartikel (6) bedoel verstryk het en die Sentrale Gesag nie die toestemming binne die gemelde tydperk teruggetrek het nie.

(8) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n kind wat gewoonlik woonagtig is in die Republiek en wie geplaas staan te word vir aanneming buite die Republiek by 'n familielid van daardie kind of by 'n persoon wat 'n aannemende ouer gemeenskaplik met die kind se biologiese ouer sal word nie.

(9) Die bepalings van Hoofstuk 15 is van toepassing op die aanneming van 'n kind in subartikel (8) bedoel.

**262. Aanneming van kind vanaf Republiek deur persoon in nie-konvensie land.** — (1) 'n Persoon wat gewoonlik woonagtig is in 'n nie-konvensie land wat wens 'n kind aan te neem wat gewoonlik woonagtig is in die Republiek moet aansoek doen by die bevoegde gesag van die betrokke nie-konvensie land.

(2) Indien die bevoegde gesag van die betrokke nie-konvensie land tevrede is dat die applikant geskik en gepas is om aan te neem, berei dit 'n verslag voor oor daardie persoon in ooreenstemming met die voorgeskrewe vereistes en versend die verslag aan die Sentrale Gesag in die Republiek.

(3) Indien 'n aanneembare kind beskikbaar is vir aanneming berei die Sentrale Gesag 'n verslag voor oor die kind in ooreenstemming met die voorgeskrewe vereistes en versend dit aan die bevoegde gesag in die betrokke nie-konvensie land.

(4) Indien die Sentrale Gesag en die bevoegde gesag in die nie-konvensie land beide toestem tot die aanneming, verwys die Sentrale Gesag die aansoek vir aanneming tesame met alle relevante dokumente en

die verslae in subartikels (2) en (3) bedoel aan die kinderhof vir oorweging ingevolge artikel 240.

(5) Die hof kan ‘n bevel vir die aanneming van die kind maak indien die vereistes van artikel 231 aangaande persone wie ‘n kind mag aanneem nagekom is, die aansoek ingevolge artikel 240 oorweeg is en die hof tevrede is dat —

(a) die aanneming in die beste belange van die kind is;

(b) die kind in die Republiek is;

(c) die kind nie verhoed word om die Republiek te verlaat —
(i) kragtens ‘n wet van die Republiek nie; of
(ii) weens ‘n bevel van ‘n hof van die Republiek nie;

(d) die reëlings vir die aanneming van die kind in ooreenstemming met die voorgeskrewe vereistes is;

(e) die bevoegde gesag van die betrokke nie-konvensie land toegestem het tot die aanneming van die kind;

(f) die Sentrale Gesag toegestem het tot die aanneming van die kind; en

(g) die naam van die kind in die RAKAO was vir ten minste 60 dae en geen geskikte en gepaste aannemende ouer vir die kind beskikbaar is in die Republiek nie.

(6) (a) Die Sentrale Gesag van die Republiek kan die toestemming tot die aanneming van die kind terugtrek binne ‘n tydperk van 140 dae vanaf die datum waarop dit toegestem het tot die aanneming indien dit in die beste belange van die kind is om dit te doen.

(b) In die geval waar die Sentrale Gesag van die Republiek die toestemming terugtrek moet die kind onverwyld op die voorgeskrewe wyse na die Republiek teruggebring word.

(7) ‘n Hofbevel in subartikel (5) bedoel tree alleenlik in werking nadat die tydperk in subartikel (6) bedoel verstryk het en die Sentrale Gesag nie die toestemming binne die gemelde tydperk teruggetrek het nie.

(8) Hierdie artikel is nie van toepassing op ‘n kind wat gewoonlik woonagtig is in die Republiek en wie geplaas staan te word vir aanneming buite die Republiek by ‘n familielid van daardie kind of by ‘n persoon wat ‘n aannemende ouer gemeenskaplik met die kind se biologiese ouer sal word nie.

(9) Die bepalings van Hoofstuk 15 is van toepassing op die aanneming van ‘n kind in subartikel (8) bedoel.

**263.Uitreiking van aanneming voldoeningsertifikaat. —** Indien die kinderhof die aanneming van ‘n kind ingevolge artikel 261 of 262 goedgekeur het kan die Sentrale Gesag ‘n aanneming voldoeningsertifikaat uitreik.

**264. Aanneming van kind vanaf konvensie land deur persoon in Republiek.** — (1) ‘n Persoon wat gewoonlik woonagtig is in die Republiek wat wens ‘n kind aan te neem wat gewoonlik woonagtig is in ‘n konvensie land moet aansoek doen by die Sentrale Gesag.

(2) Indien die Sentrale Gesag tevrede is dat die applikant geskik en gepas is om aan te neem, berei dit ‘n verslag voor oor daardie persoon in ooreenstemming met die vereistes van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming en enige voorgeskrewe vereistes en versend die verslag aan die sentrale gesag van die betrokke konvensie land.

(3) Indien ‘n aanneembare kind beskikbaar is vir aanneming berei die sentrale gesag van die konvensie land ‘n verslag voor oor die kind in ooreenstemming met die vereistes van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming en versend dit aan die Sentrale Gesag.

(4) Indien die Sentrale Gesag en die sentrale gesag van die betrokke konvensie land beide toestem tot die aanneming, verwys die sentrale gesag in daardie land die aansoek vir aanneming vir die nodige toestemming in daardie land.

**265. Aanneming van kind vanaf nie-konvensie land deur persoon in Republiek.** — (1) ‘n Persoon wat gewoonlik woonagtig is in die Republiek wat wens ‘n kind aan te neem wat gewoonlik woonagtig is in ‘n nie-konvensie land moet aansoek doen by die Sentrale Gesag.

(2) Indien die Sentrale Gesag tevrede is dat die applikant geskik en gepas is om aan te neem, berei dit ‘n verslag voor oor daardie persoon in ooreenstemming met die vereistes van die betrokke nie-konvensie land en versend die verslag aan die bevoegde gesag van daardie land.

(3) Indien ‘n aanneembare kind beskikbaar is vir aanneming berei die bevoegde gesag van die betrokke nie-konvensie land ‘n verslag voor oor die kind in ooreenstemming met die voorgeskrewe vereistes en versend dit aan die Sentrale Gesag.

(4) Indien die Sentrale Gesag en die bevoegde gesag van die betrokke nie-konvensie land beide toestem tot die aanneming, verwys die bevoegde gesag van daardie land die aansoek vir aanneming vir die nodige toestemming in daardie land.

**266. Erkenning van interstaatlike aanneming van kind vanaf konvensie land.** — (1) Die aanneming in ‘n konvensie land van ‘n kind wat gewoonlik woonagtig is in daardie konvensie land deur ‘n persoon wat gewoonlik woonagtig is in die Republiek word erken in die Republiek indien ‘n aanneming voldoeningsertifikaat in daardie land uitgereik van krag is vir die aanneming.

(2) Die aanneming in ‘n konvensie land van ‘n kind wat gewoonlik woonagtig is in daardie konvensie land deur ‘n persoon wat gewoonlik woonagtig is in ‘n ander konvensie land word erken in die Republiek indien ‘n aanneming voldoeningsertifikaat in die konvensie land waar die aanneming toegestaan is van krag is vir die aanneming.

(3) Indien 'n aanneming voldoeningsertifikaat nie uitgereik is in die relevante konvensie land nie, kan die Sentrale Gesag 'n verklaring uitreik wat die aanneming erken.

(4) 'n Verklaring in subartikel (3) bedoel is by voorlegging deur enige persoon in 'n hof toelaatbaar as getuienis in enige verrigtinge voor die hof.

(5) Die aanneming van 'n kind in subartikels (1) en (2) bedoel word nie erken indien 'n verklaring ingevolge artikel 270 gemaak word dat 'n aanneming of 'n beslissing ingevolge Artikel 27 van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming geen effek het in die Republiek nie.

**267. Getuieniswaarde van aanneming voldoeningsertifikaat van konvensie land.** — Behoudens artikel 270 is 'n aanneming voldoeningsertifikaat getuienis, vir doeleindes van die wette van die Republiek, dat die aanneming waarop die sertifikaat betrekking het —

(a) op toegestem is deur die sentrale gesagte van die lande in die sertifikaat vermeld; en

(b) uitgevoer is in ooreenstemming met die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming en die wette van die lande in die sertifaat vermeld.

**268. Erkenning van interstaatlike aanneming van kind vanaf nie-konvensie land.** — Die Sentrale Gesag kan 'n verklaring uitreik wat die aanneming van 'n kind in 'n nie-konvensie land erken indien —

(a) die aanneming in ooreenstemming is met, en nie opgehef is kragtens die wet van die land waarin die aannemingsbevel gemaak is nie; en

(b) die aanneming in daardie land dieselfde effek het as wat dit sou gehad het indien die bevel in die Republiek gemaak is.

**269. Gevolge van erkenning van interstaatlike aanneming.** — Indien die aanneming van 'n kind erken word ingevolge artikel 266 of 268, het die aanneming die gevolge in artikel 242 uiteengesit in die Republiek.

**270. Weiering om interstaatlike aanneming of Artikel 27 beslissing te erken.** — (1) Die Sentrale Gesag kan verklaar dat 'n aanneming waarop artikel 266 of 268 van toepassing is of 'n beslissing gemaak ingevolge Artikel 27 van die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming nie erken mag word in die Republiek nie, indien die aanneming klaarblyklik in stryd is met openbare beleid in die Republiek, met inagneming van die beste belange van die relevante kind.

(2) Indien die Sentrale Gesag verklaar dat 'n aanneming of beslissing in subartikel (1) bedoel nie erken mag word nie, het die aanneming of beslissing geen effek in die Republiek nie.

**271. Aansoek tot kinderhof vir interstaatlike aanneming van kind.** — (1) In die geval van 'n weiering om 'n interstaatlike aanneming te erken soos in artikel 270 bedoel, kan 'n aansoek vir die

aanneming van 'n kind vanaf 'n konvensie-land of 'n nie-konvensie land gedoen word tot die kinderhof.

(2) Die bepalings van Hoofstuk 15 is, met die nodige veranderinge wat die konteks mag vereis, van toepassing op die aanneming van 'n kind in subartikel (1) bedoel.

**272. Toegang tot inligting.** — Behoudens die bepalings van artikel 248 aangaande toegang tot die aannemingsregister, gelees met sodanige veranderings as wat die konteks mag vereis, kan die Sentrale Gesag aan 'n persoon ouer as 18 jaar, wie as 'n kind aangeneem is in ooreenstemming met die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming, enige inligting in die rekords van die Sentrale Gesag aangaande daardie persoon se herkoms openbaar maak.

**273. Prosessering of fasilitering van interstaatlike aanneming.** — Geen persoon mag 'n interstaatlike aanneming prosesseer of fasiliteer anders as ingevolge hierdie Hoofstuk nie.

## HOOFSTUK 17
## KINDERONTVOERING.

**274. Doeleindes van Hoofstuk.** — Die doeleindes van hierdie Hoofstuk is —

(a) om gevolg te gee aan die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering, en

(b) om ouerlike kinderontvoering te beveg.

**275. Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering het krag van wet.** — Die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering is in werking in die Republiek en die bepalings daarvan is wet in die Republiek, onderhewig aan die bepalings van hierdie Wet.

**276. Sentrale Gesag.** — (1) Vir die doeleindes van die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering beteken "Sentrale Gesag" —

(a) met betrekking tot die Republiek, die Hoof Gesinsadvokaat deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling aangestel ingevolge die Wet op Bemiddeling in sekere Egskeidingsaangeleenthede; of

(b) met betrekking tot 'n konvensie land, 'n persoon of kantoor vir sodanige konvensie land aangewys kragtens artikel 6 van die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering.

(2) Die Hoof Gesinsadvokaat moet die funksies deur die Konvensie opgedra aan Sentrale Gesagte uitvoer.

**277. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge.** — (1) Die Sentrale Gesag van die Republiek kan, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat hy of sy mag oplê enige bevoegdhede of verpligtinge aan hom of haar toegeken of opgelê kragtens die Haagse

Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering, delegeer of opdra aan enige gesinsadvokaat aangestel ingevolge die Wet op Bemiddeling in sekere Egskeidingsaangeleenthede.

(2) Die delegasie, opdraging en voorwaardes opgelê moet op skrif wees.

**278. Magte van Hof.** — (1) Die Hoë Hof kan, by vasstelling of daar 'n wederregtelike verwydering of terughouding binne die bedoeling van Artikel 3 van die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering was, die Sentrale Gesag versoek om 'n verslag oor die huislike omstandighede van die kind voor die beweerde ontvoering te verskaf voordat 'n bevel vir die terugbesorging van die kind gemaak word.

(2) Die hof kan tussentydse beskermende verligting vir die kind, die applikant of die verweerder beveel voordat 'n bevel vir die terugbesorging van die kind gemaak word.

(3) Die hof moet by oorweging van 'n aansoek ingevolge hierdie Hoofstuk vir die terugbesorging van 'n kind, daardie kind die geleentheid bied om beswaar te maak daarteen om terugbesorg te word en sodoende behoorlike gewig gee aan daardie beswaar met inagneming van die ouderdom en volwassenheid van die kind.

**279. Regsverteenwoordiging.** — 'n Regsverteenwoordiger moet, behoudens artikel 55, die kind verteenwoordig in alle aansoeke ingevolge die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering.

**280. Regulasies.** — (1) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan regulasies uitvaardig —

(a) om gevolg te gee aan enige bepalings van die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering; en

(b) wat fooie voorskryf en voorsiening maak vir die verhaal van enige uitgawes opgedoen in verband met die toepassing van die Konvensie.

(2) 'n Regulasie kragtens subartikel (1) uitgevaardig kan 'n straf van 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie 12 maande te bowe gaan nie voorskryf vir enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen.

## HOOFSTUK 18
## HANDEL IN KINDERS

**281. Doeleindes van Hoofstuk.** — Die doeleindes van hierdie Hoofstuk is —

(a) om gevolg te gee aan die VN Protokol om Handel in Persone te voorkom; en

(b) in die algemeen om handel in kinders te beveg.

**282. VN Protokol om Handel in Persone te voorkom krag van wet te hê.** — Die VN Protokol om Handel in Persone te voorkom is in

werking in die Republiek en die bepalings daarvan is wet in die Republiek, onderhewig aan die bepalings van hierdie Wet.

**283. Internasionale samewerking.** — (1) Die President kan op sodanige voorwaardes as wat hy of sy goeddink —

(a) 'n ooreenkoms sluit met 'n buitelandse Staat, wat nie 'n staatsparty tot die VN Protokol om Handel in Persone te Voorkom is nie, ten opsigte van enige aangeleentheid wat betrekking het op handel in kinders; en

(b) 'n ooreenkoms sluit met 'n buitelandse staat, wat 'n staatsparty tot die VN Protokol om Handel in Persone te Voorkom is, ten opsigte van enige aangeleentheid wat betrekking het op handel in kinders vir die doel om die bepalings van die Protokol aan te vul of om die toepassing van die beginsels daarin vervat te fasiliteer.

(2) 'n Ooreenkoms in subartikel (1) bedoel mag nie in stryd met die bepalings van die VN Protokol om Handel in Persone te Voorkom wees nie.

(3) Die President mag toestem tot enige wysiging of herroeping van 'n ooreenkoms in subartikel (1) bedoel.

(4) 'n Ooreenkoms in subartikel (1) bedoel of enige wysiging of herroeping daarvan het geen regskrag totdat sodanige ooreenkoms, wysiging of herroeping deur die Parlement goedgekeur is nie.

**284. Handel in kinders verbied.** — (1) Geen natuurlike of juridiese persoon of 'n vennootskap mag handel dryf met 'n kind of toelaat dat met 'n kind handel gedryf word nie.

(2) Dit is nie 'n verweer op 'n aanklag van oortreding van subartikel (1) dat —

(a) 'n kind wat 'n slagoffer is van handel of 'n persoon wat beheer oor daardie kind het toegetem het tot —
   (i) die bedoelde eksploitasie nie; of
   (ii) die aanneming van die kind wat op 'n onwettige wyse gefasiliteer of verseker is nie; of

(b) die bedoelde eksploitasie of aanneming van 'n kind in paragraaf (a) bedoel nie plaasgevind het nie.

(3) Ten einde die aanspreeklikheid van 'n werkgewer of prinsipaal ingevolge subartikel (1) vas te stel kan die optrede van 'n werknemer of agent van of enige ander persoon wat namens die werkgewer of prinsipaal handel die werkgewer of prinsipaal toegereken word, indien daardie persoon handel —

(a) binne die omvang van sy of haar diens;

(b) binne die omang van sy of haar werklike of skynbare gesag; of

(c) met die uitdruklike of geimpliseerde toestemming van 'n direkteur, lid of vennoot van die werkgewer of prinsipaal.

(4) 'n Bevinding deur 'n hof dat 'n werkgewer of prinsipaal subartikel (1) oortree het dien as 'n grond vir terugtrekking van die lisensie of registrasie van die werkgewer of prinsipaal om te funksioneer.

**285. Gedrag wat handel in kinders fasiliteer verbied.**

— (1) Geen natuurlike of juridiese persoon of 'n vennootskap mag —

(a) wetend enige kamer, huis, gebou of vestiging verhuur of onderverhuur of toelaat dat dit gebruik word vir die doel om 'n kind wat die slagoffer is van handel te huisves nie; en

(b) inligting wat handel op enige wyse voorstel of daarop sinspeel, insluitende die gebruik van die Internet of ander inligtingstegnologie adverteer, publiseer, druk, uitsaai, versprei of dit laat adverteer, publiseer, druk, uitsaai of versprei nie.

(2) Elke Internet diensverskaffer wat in die Republiek funksioneer moet enige bladsy op sy bediener wat inligting bevat in stryd met subartikel (1) aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens rapporteer.

**286. Hulp aan kind wat slagoffer van handel is.**

— (1) Met behoorlike inagneming van die kind se veiligheid en sonder versuim —

(a) moet die Direkteur-Generaal: Buitelandse Sake die terugkeer van 'n kind wat 'n burger of permanente inwoner van die Republiek is en wie 'n slagoffer van handel is fasiliteer; en

(b) moet die Direkteur-Generaal: Binnelandse Sake —
  (i) die terugkeer van 'n kind in paragraaf (a) bedoel fasiliteer en aanvaar;
  (ii) sodanige reis dokumente of ander magtigings as wat nodig mag wees om sodanige kind in staat te stel om na die Republiek te reis en dit binne te gaan, uitreik
  (iii) op die versoek van 'n ander staat wat 'n party is tot die VN Protokol om Handel in Persone te Voorkom of tot 'n ooreenkoms met betrekking tot handel in kinders, bevestig dat die kind wat 'n slagoffer van handel is 'n burger of permanente inwoner van die Republiek is; en
  (iv) by die kind se binnekoms van die Republiek die kind verwys na 'n aangewese maatskaplike werker vir ondersoek ingevolge artikel 155(2).

(2) (a) Indien dit wesenlik in die beste belange van 'n kind is met wie handel gedryf is, moet die Direkteur-Generaal op staatsonkoste 'n volwassene magtig om die kind te vergesel vanaf die plek waar die kind gevind is na die plek waarvan daar met die kind handel gedryf is.

(b) Die Direkteur-Generaal mag nie ingevolge paragraaf (a) handel, behalwe as hy of sy tevrede is dat die ouer, voog, versorger of ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het nie die finansiële middele het om te reis na die plek waar die kind is ten einde die kind terug te vergesel nie.

**287. Handeldryf met kind deur ouer, voog of ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van kind.** — Indien 'n hof rede het om te glo dat die ouer of voog van 'n kind of enige ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het ten opsigte van 'n kind handel gedryf het met die kind of toegelaat het dat handel gedryf word met die kind, kan die hof —

(a) alle ouerlike regte en verantwoordelikhede van daardie ouer, voog of ander persoon opskort; en

(b) die kind in tydelike veilige sorg plaas hangende 'n ondersoek deur 'n kinderhof.

**288. Rapportering van kind wat slagoffer van handel is.** — 'n Immigrasie beampte, polisie beampte, maatskaplike werker, maatskaplike diens professioneel, mediese praktisyn of geregistreerde verpleegster wat in aanraking kom met 'n kind wat 'n slagoffer van handel is in die Republiek moet daardie kind verwys na 'n aangewese maatskaplike werker vir ondersoek ingevolge artikel 289(1).

**289. Kind wat slagoffer van handel is gevind in Republiek.**
— (1) 'n Kind wat 'n slagoffer van handel is —

(a) moet verwys word na 'n aangewese maatskaplike werker vir ondersoek ingevolge artikel 155(2); en

(b) kan in tydelike veilige sorg geplaas word hangende sodanige ondersoek.

(2) Indien, na 'n ondersoek in subartikel (c) bedoel, 'n onwettige vreemdeling kind voor die kinderhof gebring word, kan die hof beveel dat die kind bygestaan word in 'n aansoek vir asiel ingevolge die Wet op Vlugtelinge, 1998 (Wet No. 130 van 1998).

(3) 'n Bevinding ingevolge artikel 156 dat 'n onwettige vreemdeling kind wat 'n slagoffer van handel is sorg en beskerming benodig dien as magtiging daarvoor om die kind toe te laat om in die Republiek te bly vir die duur van die kinderhof se bevel.

**290. Repatriasie van kind wat slagoffer van handel is.**
— (1) Die Direkteur-Generaal mag nie 'n kind in artikel 289(2) bedoel terugbesorg aan sy of haar land van herkoms of die land van waar die kind mee gehandel is sonder om behoorlike oorweging te gee aan —

(a) die beskikbaarheid van versorgingsreëlings in die land waarna die kind terugbesorg moet word nie;

(b) die veiligheid van die kind in die land waarna die kind terugbesorg moet word nie; en

(c) die moontlikheid dat die kind weer mee gehandel, beseer, of gedood mag word nie.

(2) (a) Indien dit wesenlik in die beste belange van 'n kind is met wie handel gedryf is, moet die Direkteur-Generaal op staatsonkoste 'n volwassene magtig om die kind te vergesel vanaf die plek waar die kind gevind is na die plek waarvan daar met die kind handel gedryf is.

(b) Die Direkteur-Generaal mag nie ingevolge paragraaf (a) handel, behalwe as hy of sy tevrede is dat die ouer, voog, versorger of ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het nie die finansiële middele het om te reis na die plek waar die kind is ten einde die kind terug te vergesel nie.

**291. Ekstraterritoriale jurisdiksie.** — 'n Burger of permanente inwoner van die Republiek, 'n jurisdiese persoon of 'n vennootskap geregistreer ingevolge enige wet in die Republiek wat 'n handeling buite die Republiek verrig wat 'n oortreding ingevolge hierdie Hoofstuk sou uitgemaak het indien dit binne die Republiek begaan was, is skuldig aan daardie oortreding asof die oortreding in die Republiek begaan is, en is by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat vir daardie oorteding voorgeskryf is.

## HOOFSTUK 19
## SURROGAAT MOEDERSKAP

**292. Surrogaat moederskap ooreenkoms moet op skrif wees en bevestig word deur die Hoë Hof.** — (1) Geen surrogaat moederskap ooreenkoms is geldig nie tensy —

(a) die ooreenkoms op skrif is en geteken is deur al die partye daartoe;

(b) die ooreenkoms gesluit word in die Republiek;

(c) ten minste een van die lasgewende ouers, of waar die lasgewende ouer 'n enkel persoon is, daardie persoon, ten tye van die sluiting van die ooreenkoms in die Republiek gedomiliseer is;

(d) die surrogaat moeder en haar eggenoot of deelgenoot, indien enige, ten tye van die sluiting van die ooreenkoms in die Republiek gedomiliseer is; en

(e) die ooreenkoms bevestig is deur die Hoë Hof in wie se jurisdiksiegebied die lasgewende ouer of ouers gedomiliseer of gewoonlik woonagtig is.

(2) 'n Hof kan by aanvoering van goeie gronde wegdoen met die vereiste in subartikel (1)(d) bedoel.

**293. Toestemming van eggenoot, eggenote of deelgenoot.** — (1) Waar 'n lasgewende ouer getroud is of betrokke is in 'n permanente verhouding, mag die hof nie die ooreenkoms bevestig tensy

die eggenoot, eggenote of deelgenoot van die lasgewende ouer sy of haar skriftelike toestemming tot die ooreenkoms gegee het en 'n party tot die ooreenkoms geword het nie.

(2) Waar die surrogaat moeder getroud is of betrokke is in 'n permanente verhouding, mag die hof nie die ooreenkoms bevestig tensy haar eggenoot of deelgenoot sy of haar skriftelike toestemming tot die ooreenkoms gegee het en 'n party tot die ooreenkoms geword het nie.

(3) Waar 'n eggenoot of deelgenoot van 'n surrogaat moeder wat nie die genetiese ouer van die kind is nie sy of haar toestemming onredelik weerhou kan die hof die ooreenkoms bevestig.

**294. Genetiese oorsprong van kind.** — Geen surrogaat moederskap ooreenkoms is geldig tensy die verwekking van die kind in die ooreenkoms bedoel te weeg gebring staan te word deur die gebruik van die gamete van beide lasgewende ouers of, indien dit nie moontlik is nie weens biologiese, mediese of ander geldige redes, die gameet van ten minste een van die lasgewende ouers of, waar die lasgewende ouer 'n enkel persoon is, die gameet van daardie persoon.

**295. Bevestiging deur hof.** — 'n Hof mag nie 'n surrogaat moederskap ooreenkoms bevestig nie, tensy —

(a) die lasgewende ouer of ouers nie in staat is om geboorte te skenk aan 'n kind nie en die toestand permanent en onomkeerbaar is;

(b) die lasgewende ouer of ouers —
- (i) ingevolge hierdie Wet bevoeg is om die ooreenkoms te sluit;
- (ii) in alle opsigte geskikte persone is om die ouerskap van die kind wat verwek staan te word te aanvaar; en
- (iii) die regsgevolge van die ooreenkoms en hierdie Wet en hul regte en verpligtinge ingevolge daarvan verstaan en aanvaar;

(c) die surrogaat moeder —
- (i) ingevolge hierdie Wet bevoeg is om die ooreenoms te sluit;
- (ii) in alle opsigte in geskikte persoon is om op te tree as surrogaat moeder;
- (iii) die regsgevolge van die ooreenkoms en hierdie Wet en haar regte en verpligtinge ingevolge daarvan verstaan en aanvaar;
- (iv) nie surrogasie gebruik as 'n bron van inkomste nie;
- (v) die ooreenkoms gesluit het vir onbaatsugtige redes en nie vir kommersiële doeleindes nie;
- (vi) 'n gedokumenteerde geskiedenis het van ten minste een swangerskap en lewensvatbare bevalling; en
- (vii) 'n lewende kind van haar eie het;

(d) die ooreenkoms voldoende bepalings insluit vir die kontak, sorg, grootmaak en algemene welsyn van die kind wat

gebore staan te word in 'n stabiele huislike omgewing, insluitende die kind se posisie in die geval van die dood van die lasgewende ouers of een van hulle, of hul egskeiding of skeiding voor die geboorte van die kind; en

(e) in die algemeen, met inagneming van die persoonlike omstandighede en familie situasies van al die betrokke partye maar bo alles die belange van die kind wat gebore staan te word, die ooreenkoms bevestig behoort te word.

**296. Kunsmatige bevrugting van surrogaat moeder.**
— (1) Geen kunsmatige bevrugting van die surrogaat moeder mag plaasvind —

(a) voordat die surrogaat moederskap ooreenkoms bevestig is deur die hof nie;

(b) na die verstryking van 18 maande vanaf die datum van bevestiging van die ter sprake ooreenkoms deur die hof nie.

(2) Enige kunsmatige bevrugting van 'n surrogaat moeder in die uitvoering van 'n ooreenkoms in hierdie Wet bedoel moet gedoen word in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003).

**297. Gevolge van surrogaat moederskap ooreenkoms op status van kind.** — (1) Die gevolge van 'n geldige surrogaat moederskapsooreenkoms is dat —

(a) enige kind gebore uit 'n surrogaat moeder in ooreenstemming met die ooreenkoms vir alle doeleindes die kind van die lasgewende ouer of ouers is vanaf die oomblik van geboorte van die betrokke kind;

(b) die surrogaat moeder verplig is om die kind so vinnig as wat redelik moontlik is na die geboorte oor te gee aan die lasgewende ouer of ouers;

(c) die surrogaat moeder of haar eggenoot, deelgenoot of familie geen regte van ouerskap of sorg van die kind het nie;

(d) die surrogaat moeder of haar eggenoot, deelgenoot of familie geen regte van kontak met die kind het nie, behalwe indien daarvoor voorsiening gemaak is in die ooreenkoms tussen die partye;

(e) behoudens artikels 292 en 293 die surrogaat moederskap ooreenkoms nie beëindig mag word nadat die kunsmatige bevrugting van die surrogaat moeder plaasgevind het nie; en

(f) die kind geen eis vir onderhoud of van erfopvolging sal hê teen die surrogaat moeder, haar eggenoot of deelgenoot of enige van hul familie nie.

(2) Enige surrogaat moederskap ooreenkoms wat nie voldoen aan die bepalings van hierdie Wet nie is ongeldig en enige kind gebore as gevolg van enige handeling wat geneem is in uitvoering van sodanige reëling word vir alle doeleindes geag die kind te wees van die vrou wat geboorte geskenk het aan daardie kind.

**298. Beëindiging van surrogaat moederskap ooreenkoms.**
— (1) 'n Surrogaat moeder wat ook die genetiese ouer van die betrokke kind is kan, te enige tyd voor die verstryking van 'n tydperk van sestig dae na die geboorte van die kind, die surrogaat moederskap ooreenkoms beëindig deur 'n skriftelike kennisgewing by die hof te liasseer.

(2) Die hof moet die bevestiging van die ooreenkoms ingevolge artikel 295 beëindig by bevinding, na kennisgewing aan die partye tot die ooreenkoms en 'n verhoor, dat die surrogaat moeder die ooreenkoms vrywillig beëindig het en dat sy die gevolge van die beëindiging verstaan, en die hof kan enige ander gepaste bevel uitreik indien dit in die beste belang van die kind is.

(3) Die surrogaat moeder doen geen aanspreeklikheid teen die lasgewende ouers op weens die uitoefening van haar regte van beëindiging ingevolge hierdie artikel nie, behalwe vir kompensasie vir enige betalings deur die lasgewende ouers ingevolge artikel 301 gemaak.

**299. Gevolg van beëindiging van surrogaat moederskap ooreenkoms.** — (1) Die gevolg van die beëindiging van 'n surrogaat moederskap ooreenkoms ingevolge artikel 298 is dat —

(a) waar die ooreenkoms beëindig word nadat die kind gebore is enige ouerlike regte ingevolge artikel 297 gevestig beëindig word en setel in die surrogaat moeder, haar eggenoot of deelgenoot, indien enige, of indien geeneen van hulle nie, in die lasgewende vader;

(b) waar die ooreenkoms beëindig word voordat die kind gebore is, die kind, die kind van die surrogaat moeder, haar eggenoot of deelgenoot is, indien enige, of indien geeneen van hulle nie, die kind is van die lasgewende vader vanaf die oomblik van die kind se geboorte;

(c) die surrogaat moeder en haar eggenoot of deelgenoot, indien enige, of indien geeneen van hulle nie, die lasgewende vader verplig is om die verpligting van ouerskap te aanvaar;

(d) behoudens paragrawe (a) en (b) die lasgewende ouers geen ouerskapsregte het nie en alleenlik sodanige regte kan verkry deur aanneming; en

(e) behoudens paragrawe (a) en (b) die kind geen eis vir onderhoud of van erfopvolging het teen die lasgewende ouers of enige van hul familie nie.

**300. Beëindiging van swangerskap.** — (1) 'n Surrogaat moederskap ooreenkoms word beëindig deur die beëindiging van 'n

swangerskap wat uitgevoer mag word ingevolge die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap, 1996 (Wet No. 92 van 1996).

(2) Vir die doeleindes van die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap, 1996 berus die keuse om te beëindig by die surrogaat moeder, maar sy moet die die lasgewende ouers inlig van haar besluit voor die beëindiging en met die lasgewende ouers konsulteer voordat die beëindiging uitgevoer word.

(3) Die surrogaat moeder doen geen aanspreeklikheid jeens die lasgewende ouers op vir die uitoefening van haar reg om 'n swangerskap te beëindig ooreenkomstig hierdie artikel nie, behalwe vir kompensasie vir enige betalings deur die lasgewende ouers ingevolge artikel 301 gemaak waar die besluit om te beëindig geneem word vir enige rede anders as op mediese gronde.

**301. Betalings ten opsigte van surrogasie verbied.**
— (1) Behoudens subartikels (2) en (3) mag geen persoon 'n vergoeding of kompensasie in kontant of goedere aan enige persoon gee of belowe om dit te gee, of ontvang van enige persoon in verband met 'n surrogaat moederskap ooreenkoms nie.

(2) Geen belofte of ooreenkoms vir die betaling van enige kompensasie aan 'n surrogaat moeder of enige ander persoon in verband met 'n surrogaat moederskap ooreenkoms of die uitvoering van sodanige ooreenkoms is afdwingbaar nie, behalwe 'n eis vir —

(a) kompensasie vir onkostes wat direk betrekking het op die kunsmatige bevrugting en swangerskap van die surrogaat moeder, die geboorte van die kind en die bevestiging van die surrogaat moederskap ooreenkoms;

(b) verlies van inkomste deur die surrogaat moeder gely as gevolg van die surrogaat moederskap ooreenkoms; of

(c) versekering om die surrogaat moeder te dek vir enigiets wat mag lei tot dood of ongeskiktheid wat veroorsaak is deur die swangerskap.

(3) Enige persoon wat 'n *bona fide* professionele regs- of mediese diens lewer met die oog op die bevestiging van 'n surrogaat moederskap ooreenkoms ingevolge artikel 295 of in die uitvoering van sodanige ooreenkoms, is geregtig op redelike kompensasie daarvoor.

**302. Identiteit van partye.** — (1) Die identiteit van die partye tot hofverrigtinge met betrekking tot 'n surrogaat moederskap ooreenkoms mag nie gepubliseer word sonder die skriftelike toestemming van die betrokke partye nie.

(2) Geen persoon mag enige feite wat die identiteit van 'n persoon gebore as gevolg van 'n surrogaat moederskap ooreenkoms openbaar publiseer nie.

**303. Verbod op sekere handelinge.** (1) Geen persoon mag 'n vrou kunsmatig bevrug in die uitvoering van 'n surrogaat moederskap

ooreenkoms of bystand verleen in sodanige kunsmatige bevrugting, tensy daardie kunsmatige bevrugting gemagtig is deur ‘n hof ingevolge die bepalings van hierdie Wet nie.

(2) Geen persoon mag op enige wyse vir of met die oog op kompensasie dit bekend maak dat enige persoon gewillig is of moontlik mag wees om ‘n surrogaat moederskap ooreenkoms te sluit nie.

## HOOFSTUK 20
## AFDWINGING VAN WET

**304. Inspeksie van kinder- en jeug sorgsentrum, gedeeltelike sorg fasiliteit, skuiling en inloop-sentrum.** — (1) ‘n Persoon deur die Direkteur-Generaal, ‘n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling of ‘n munisipaliteit daartoe gemagtig kan enige kinder- en jeug sorgsentrum, gedeeltelike sorg fasiliteit, skuiling of inloop-sentrum of enige plek wat op redelike verdenking gebruik word as ‘n ongeregistreerde kinder- en jeug sorgsentrum, gedeeltelike sorg fasiliteit, skuiling of inloop-sentrum binnegaan ten einde —

(a) daardie sentrum, skuiling of plek en die bestuur daarvan te inspekteer; of

(b) enige kind te observeer of ‘n onderhoud mee te voer, of om ‘n kind te laat ondersoek of waardeer deur ‘n mediese beampte, maatskaplike werker, sielkundige of psigiater.

(2) (a) ‘n Identiteitskaart by regulasie voorgeskryf moet aan elke persoon ingevolge subartikel (1) gemagtig uitgereik word.

(b) Wanneer sodanige sentrum, fasiliteit, skuiling of plek geinspekteer word moet ‘n persoon ingevolge subartikel (1) gemagtig op aanvraag sodanige identiteitskaart toon.

(3) ‘n Persoon ingevolge subartikel (1) gemagtig kan vir doeleindes van daardie subartikel —

(a) vasstel of die sentrum, fasiliteit, skuiling of plek voldoen aan —

*(Subparagrawe (i) en (ii) ingevoeg te word deur artikel 12 van Wet No. 41 van 2007.)*

(iii) enige strukturele, veiligheids, gesondheids en ander vereistes as wat deur enige wet vereis mag word;
(iv) die bepalings van hierdie Wet;

(b) van ‘n persoon vereis om inligting mondelings of skriftelik, alleen of in die teenwoordigheid van ‘n getuie te openbaar aangaande enige handeling of nalate wat op redelike verdenking ‘n oortreding ingevolge hierdie Wet, of ‘n oortreding van ‘n bepaling van hierdie Wet of van ‘n voorwaarde van registrasie mag uitmaak, en vereis dat enige openbaarmaking onder eed of bevestiging gedoen word;

(c) enige rekord of dokument wat relevant mag wees vir die doel van paragraaf (b) nagaan of ‘n persoon daaromtrent ondervra;

(d) enige rekord of dokument in paragraaf (c) bedoel kopieer of sodanige rekord of dokument verwyder om kopieë en uittreksels te maak;

(e) van ‘n persoon vereis om enige rekord of dokument in paragraaf (c) bedoel vir inspeksie voort te bring of at te lewer by ‘n plek deur die gemagtige persoon gespesifiseer;

(f) enige artikel of substansie wat op redelike verdenking gebruik mag gewees het in die pleging van ‘n misdryf ingevolge hierdie Wet of by oortreding van ‘n bepaling van hierdie Wet of van ‘n voorwaarde van registrasie inspekteer, ‘n persoon daaromtrent ondervra en indien nodig dit verwyder;

(g) inligting opneem deur enige metode, insluitende deur foto’s te neem of video’s te maak; of

(h) enige ander bevoegdheid uitoefen of enige ander plig uitvoer wat voorgeskryf mag wees.

(4) ‘n Persoon ingevolge subartikel (1) gemagtig moet —

(a) ‘n kwitansie verskaf vir enige rekord, dokument, artikel of substansie wat verwyder is ingevolge subartikel (3)(d) of (f); en

(b) enigiets wat verwyder is terug besorg binne ‘n redelike tydperk tensy daarop beslag gelê is vir doeleindes van getuienis.

(5) ‘n Persoon ingevolge subartikel (1) gemagtig moet ‘n verslag aan die Direkteur-Generaal, die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling of ‘n munisipaliteit, soos gepas mag wees, voorlê oor enige inspeksie deur daardie persoon uitgevoer ingevolge hierdie artikel.

**305. Misdrywe.** — (1) ‘n Persoon is aan ‘n misdryf skuldig indien daardie persoon —

(a) ‘n handeling verrig in stryd met die verbod in artikel 12(2), (3), (4), (6), (7) of (8) bedoel;

(b) ‘n bepaling van artikel 32(4), 74, 116(1), 123(1), (2) of (3), 127, 133(1), 249, 250(1), 252, 273, 301, 302 of 303 oortree;

(c) versuim om te voldoen aan artikel 12(5), 12(9), 57(2), 124, 126(1), 134(1) of 232(6);

(d) versuim om aan ‘n versoek ingevolge artikel 57(1) te voldoen;

(*Paragrawe (e) tot (j) in gevoeg te word deur art.13(b) van Wet No. 41 van 2007.)*

(k) wetende dat 'n kind in alternatiewe sorg weggeloop het van of versuim het om terug te keer na daardie sorg, die kind direk of indirek adviseer, oorreed of bystaan om nie na sodanige sorg terug te keer nie, of die kind huisves of verhoed om na daardie sorg terug te keer;

(l) (i) 'n polisie beampte of aangewese maatskaplike werker hinder of dwarsboom in die uitvoering van 'n lasbrief ingevolge artikel 151(2) uitgereik;

(ii) 'n polisie beampte, maatskaplike werker of gemagtige beampte hinder of dwarsboom wanneer 'n kind verwyder word na tydelike veilige sorg ingevolge artikel 152(1);

(m) 'n persoon in die uitvoering van amptelike pligte ingevolge artikel 304 hinder of lastig val;

(n) versuim om te voldoen aan 'n versoek van 'n persoon in die uitvoering van sy of haar amptelike pligte ingevolge artikel 50(4) of artikel 304 of valse of misleidende inligting aan sodanige persoon verskaf wanneer voldoen word aan sodanige versoek;

(o) valslik voorgee om 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 50(4) of 304 of 'n assistent van sodanige persoon te wees;

(p) uitgereik is met 'n skriftelike kennisgewing soos in artikel 153(1) bedoel en —
(i) weier om die huis of die plek waar die kind woon te verlaat; of
(ii) kontak met kind het in stryd met die skriftelike kennisgewing;

(q) 'n bevel van 'n Hoë Hof, Egskeidingshof in 'n egskeidingsaak en kinderhof uitgereik ingevolge hierdie Wet, insluitende artikel 153(6) oortree of versuim om daaraan te voldoen, of enige voorwaarde in sodanige bevel vervat oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(r) 'n handeling verrig in stryd met die verbod in artikel 285(1) uiteengesit; of

(s) 'n handeling verrig in stryd met die verbod in artikel 284(1) uiteengesit.

(2) 'n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon —

(a) ‘n tydelike sorg fasiliteit, kinder- en jeug sorgsentrum, skuiling of inloop-sentrum bedryf of enige wyse behulpsaam is met die bedryf daarvan;

(b) die pleegsorg of tydelike veilige sorg van ‘n kind aanneem;

(c) aansoek doen vir die pleegsorg, tydelike veilige sorg of aanneming van ‘n kind.

(3) ‘n Ouer, voog, ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van ‘n kind het, versorger of persoon wat geen ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van ‘n kind het nie, maar vrywillig vir ‘n onbepaalde tydperk, tydelik of gedeeltelik vir die kind sorg, is aan ‘n misdryf skuldig indien daardie ouer of versorger of ander persoon —

(a) die kind misbruik of doelbewus verwaarloos; of

(b) die kind abandoneer.

(4) ‘n Persoon wat regtens aanspreeklik is om ‘n kind te onderhou is aan ‘n misdryf skuldig indien daardie persoon, terwyl hy of sy in staat is om dit te doen, versuim om die kind van voldoende voedsel, klere, huisvesting en mediese bystand te voorsien.

(5) ‘n Persoon wat die eienaar, verhuurder, bestuurder, huurder of okupeerder van enige perseel waarop die kommersiële seksuele eksploitasie van ‘n kind plaasgevind het is aan ‘n misdryf skuldig indien daardie persoon by verkryging van inligting van daardie voorval versuim om onverwyld redelike stappe te neem om die voorval aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens te rapporteer.

(6) Behoudens subartikel (8) is ‘n persoon wat aan ‘n misdryf skuldig bevind is ingevolge subartikel (1), (2), (3), (4) of (5) strafbaar met ‘n boete of gevangenisstraf vir ‘n tydperk wat nie tien jaar te bowe gaan nie of met beide ‘n boete en sodanige gevangenisstraf.

(7) ‘n Persoon wat meer as een keer aan ‘n misdryf skuldig bevind is ingevolge subartikel (1), (2), (3), (4) of (5) is strafbaar met ‘n boete of gevangenisstraf vir ‘n tydperk wat nie 20 jaar te bowe gaan nie, of met beide ‘n boete en sodanige gevangenisstraf.

(8) ‘n Persoon wat aan ‘n misdryf skuldig bevind is ingevolge subartikel (1)(s) is, bykomend tot ‘n straf vir enige ander misdryf waaraan hy of sy skuldig bevind mag word, strafbaar met ‘n boete of gevangenisstraf vir ‘n tydperk wat nie 20 jaar te bowe gaan nie of met beide ‘n boete en sodanige gevangenisstraf.

## HOOFSTUK 21
## ADMINISTRASIE VAN WET

**306. Regulasies.** — (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende —

(a) enige aangeleentheid in artikels 160 en 253 bedoel;

*(Paragraaf (a) vervang te word deur artikel 12 van Wet No. 41 van 2007.)*

(b) enige aangeleentheid wat deur die Minister ingevolge hierdie Wet voorgeskryf mag word na konsultasie met die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling waar howe, hofbevele en die hersiening van beslissings deur die howe gereguleer word;

(c) kodes van etiese praktyk vir persone wat kinder- en jeug sorgsentrums, gedeeltelike sorg fasiliteite, skuilings en inloop-sentrums bedryf en assisteer in die bedryf daarvan;

(d) prosedures vir die voering van onderhoud met persone wat aangestel of betrokke staan te word in kinder- en jeug sorg sentrums, gedeeltelike sorg fasiliteite, skuilings en inloop-sentrums;

(e) in die algemeen enige ander bykomstige insidentele administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om voorgeskryf te word vir die behoorlike implementering of administrasie van hierdie Wet.

(2) Regulasies ingevolge subartikel (1) uitgevaardig kan —

(a) toepassing vind —
   (i) in die algemeen dwarsdeur die Republiek of in 'n kategorie van gebiede;
   (ii) in die algemeen ten opsigte van alle persone of ten opsigte van 'n kategorie van persone; of
   (iii) in die algemeen ten opsigte van alle kinder- en jeug sorgsentrums, gedeeltelike sorg fasiliteite, skuilings of inloop-sentrums of ten opsigte van 'n kategorie van sodanige sentrums, fasiliteite, skuilings of inloop-sentrums; of

(b) differentieer tussen verskillende —
   (i) gebiede of kategorieë van gebiede;
   (ii) persone of kategorieë van persone;
   (iii) kinder- en jeug sorgsentrums, gedeeltelike sorg fasiliteite, skuilings of inloop-sentrums of kategorieë van sodanige sentrums, fasiliteite, skuilings of inloop-sentrums.

(3) Regulasies ingevolge subartikel (1) uitgevaardig kan bepaal dat enige persoon wat 'n bepaling daarvan oortree of versuim om daaraan te voldoen aan 'n misdryf skuldig is en by skuldigbevinding strafbaar is met —

(a) gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie twee jaar te bowe gaan nie;

(b) 'n toepaslike boete; of

(c) beide 'n boete en gevangenisstraf.

**307. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge deur Minister.** — (1) Die Minister kan enige bevoegdheid of plig aan die Minister ingevolge hierdie Wet opgedra delegeer aan —

(a) die Direkteur-Generaal of 'n beampte in die diens van die Departement;

(b) 'n LUR verantwoordelik vir maatskaplike ontwikkeling by ooreenkoms met die LUR; of

(c) enige staatsorgaan, by ooreenkoms met daardie staatsorgaan.

(2) 'n Delegasie ingevolge subartikel (1) —

(a) is onderhewig aan enige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die Minister mag oplê;

(b) moet op skrif wees;

(c) kan die bevoegdheid om te sub-delegeer insluit; en

(d) ontneem nie die Minister van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die uitvoering van die plig nie.

(3) Die Minister kan enige besluit wat geneem is ten gevolge van 'n delegasie of sub-delegasie ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of herroep, onderhewig aan enige regte wat 'n persoon mag toegeval het as gevolg van die besluit.

(4) Die Minister mag —

(a) nie 'n bevoegdheid of plig delegeer —
(i) om regulasies uit te vaardig nie; of
(ii) om kennisgewings in die *Staatskoerant* te publiseer nie;

(b) te enige tyd 'n delegasie terugtrek.

**308. Opdraging van bevoegdhede en verpligtinge deur Minister.** — (1) Die Minister kan enige bevoegdheid of plig aan die Minister ingevolge hierdie Wet opgedra, aan 'n LUR verantwoordelik vir maatskaplike ontwikkeling, by ooreenkoms met die LUR, opdra.

(2) 'n Opdraging ingevolge subartikel (1) —

(a) is onderhewig aan enige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die Minister mag oplê;

(b) moet op skrif wees;

(c) kan die bevoegdheid om te delegeer insluit; en

(d) ontneem nie die Minister van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die uitvoering van die plig nie.

(3) Die Minister kan enige besluit wat geneem is ten gevolge van ‘n opdraging ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of herroep, onderhewig aan enige regte wat ‘n persoon mag toegeval het as gevolg van die besluit.

(4) Die Minister mag —

(a) nie ‘n bevoegheid of plig opdra —
(i) om regulasies uit te vaardig nie; of
(ii) om kennisgewings ind ie *Staatskoerant* te publiseer nie;

(b) te enige tyd ‘n opdraging terugtrek.

**309. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge deur LUR’s vir maatskaplike ontwikkeling.** — (1) ‘n LUR vir maatskaplike ontwikkeling kan enige bevoegdheid of plig aan die LUR ingevolge hierdie Wet opgedra delegeer aan —

(a) die Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling of ‘n beampte in die diens van die betrokke provinsie; of

(b) enige staatsorgaan, by ooreenkoms met daardie staatsorgaan.

(2) ‘n Delegasie ingevolge subartikel (1) —

(a) is onderhewig aan enige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die LUR mag oplê;

(b) moet op skrif wees;

(c) kan die bevoegdheid om te sub-delegeer insluit; en

(d) ontneem nie die LUR van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die uitvoering van die plig nie.

(3) Die LUR kan enige besluit wat geneem is ten gevolge van ‘n delegasie of sub-delegasie ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of herroep, onderhewig aan enige regte wat ‘n persoon mag toegeval het as gevolg van die besluit.

(4) Die LUR mag —

(a) nie ‘n bevoegdheid of plig om kennisgewings in die *Staatskoerant* te publiseer delegeer nie; en

(b) te enige tyd ‘n delegasie terugtrek.

**310. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge deur Direkteur-Generaal.** — (1) Die Direkteur-Generaal kan enige

bevoegdheid of plig aan hom of haar ingevolge hierdie Wet opgedra delegeer aan —

(a) ‘n beampte in die diens van die Departement;

(b) enige staatsorgaan, by ooreenkoms met daardie staatsorgaan.

(2) ‘n Delegasie ingevolge subartikel (1) —

(a) is onderhewig aan enige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die Direkteur-Generaal mag oplê;

(b) moet op skrif wees;

(c) kan die bevoegheid om te sub-delegeer insluit in die geval van ‘n delegasie ingevolge subartikel (1)(b); en

(d) ontneem nie die Direkteur-Generaal van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die uitvoering van die plig nie.

(3) Die Direkteur-Generaal kan —

(a) enige besluit wat geneem is ten gevolge van ‘n delegasie of sub-delegasie ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of herroep, onderhewig aan enige regte wat ‘n persoon mag toegeval het as gevolg van die besluit; en

(b) te enige tyd ‘n delegasie terugtrek.

**311. Delegasie van bevoegdhede en verpligtinge deur provinsiale hoofde van maatskaplike ontwikkeling.** — (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan enige bevoegdheid of plig aan hom of haar ingevolge hierdie Wet opgedra delegeer aan —

(a) ‘n beampte in die diens van die betrokke provinsie;

(b) enige staatsorgaan, by ooreenkoms met daardie staatsorgaan.

(2) ‘n Delegasie ingevolge subartikel (1) —

(a) is onderhewig aan enige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die provinsiale hoof mag oplê;

(b) moet op skrif wees;

(c) kan die bevoegdheid om te sub-delegeer insluit in die geval van ‘n delegasie ingevolge subartikel (1)(b); en

(d) ontneem nie die provinsiale hoof van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die uitvoering van die plig nie.

(3) Die provinsiale hoof kan —

(a) enige besluit wat geneem is ten gevolge van 'n delegasie of subdelegasie ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of herroep, onderhewig aan enige regte wat 'n persoon mag toegeval het as gevolg van die besluit; en

(b) te enige tyd 'n delegasie terugtrek.

**312. Agentskapsooreenkomste.** — (1) Die Minister kan, onderhewig aan die departementele strategiese plan, 'n ooreenkoms met 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie of ander toepaslike persoon sluit vir die voorsiening van enige diens wat ingevolge hierdie Wet voorsien kan of moet word, deur sodanige organisasie of persoon op 'n agentskapsbasis.

(2) Die Minister kan aan sodanige organisasie of persoon sodanige bevoegdhede en pligte delegeer ingevolge hierdie Wet as wat vereis mag word vir die behoorlike uitvoering van die diens.

(3) Artikel 307 gelees met sodanige veranderings as wat die konteks mag vereis, is van toepassing ten opsigte van enige delegasie ingevolge subartikel (2).

## HOOFSTUK 22
## DIVERSE AANGELEENTHEDE

**313. Wysiging van wette.** — Die wette na verwys in die tweede kolom van Bylae 4 word hierby gewysig tot die mate in die derde kolom van die Bylae aangetoon.

**314. Oorgangsaangeleenthede.** Enigiets gedoen ingevolge 'n wet wat ingevolge artikel 313 herroep is wat gedoen kan word ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet moet geag word as gedoen gewees ingevolge daardie bepaling van hierdie Wet.

**315. Kort titel en inwerkingstreding.** — Hierdie Wet word die Kinderwet, 2005 genoem en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.